The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

University of Cape Town

DIE ONTWIKKELING VAN DIE DURBANVILLE-GEBIED, MET SPE= SIALE VERWYSING NA DIE JARE 1800-1863

VOORGELê VIR DIE GRAAD
MAGISTER ARTIUM
AAN DIE DEPARTEMENT VAN GESKIEDENIS
VAN DIE UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

DEUR

JACOBUS GIDEON DE JONGH

University of Cape Town

JANUARIE 1977

INHOUD

	VOORWOORD	v-vii
I	DIE DURBANVILLE-GEBIED	1-40
II	DURBANVILLE AS LANDBOU-, VEETEELT- EN VEEVEILINGSENTRUM	41-55
III	ALGEMENE DORPSONTWIKKELING	56-99
IV	DIE GESKIEDENIS VAN DIE KERK EN SKOOL	100-119
V	KOMMUNIKASIEPROBLEME EN DIE GELEIDELIKE OPLOSSING DAARVAN	120-144
VI	DIE KAAPSTAD-WELLINGTON-SPOORLYN LUI 'N NUWE ERA IN	145-169
	BYLAE	
	AMPTENARE	170
	VEEVEILINGS	171-187
	BESPREKING VAN BRONNE	188-190
	BRONNE	191-197
	FOTO'S EN KAARTE	iii-iv

University of Cape Town

Nommer	Onderwerp	Bladsy
A	ŉ Voorstelling van die Durbanville-Koeberg-gebied, 1700	6
i, ii	Vissershok-plaashuis	9
B	ŉ Kaart om die plase, riviere en paaie ten weste van Durbanville aan te dui. 1901	12
i, ii, iii	Diemersdal-werf	13, 14
i	ŉ Bruggie oor die Elsieskraal=rivier by Door-de-Kraal	16
ii	Evertsdal-plaashuis	16
i	Agteraansig van die Loevenstein-plaashuis	18
i	Welgemoed-plaashuis	21
ii	Die Duminy-grafkelder binne die ringmuur van die N.G. Kerk, Dur=banville	21
C	ŉ Kaart om die plaasliggings suid en suidwes van Durbanville aan te dui. 1890.	22
i	Altoos Gedacht-plaaswerf	24
i, ii	Kontermanskloof	29
i	Die Kuile vandag	32
ii	De Kuilen-plaashuis	33
iii	Saxenburg	33
D	Kaart om die verspreiding van Hottentotte omstreeks 1740 aan te dui.	40
i	Meer-en-Dal-plaashuis	54
i	Die ou D'urban-hotel	59
ii	ŉ Waterkrip by die uitspanning	60
iii	Watertoevoer na die uitspanning	60
i	Sir Benjamin D'urban	65

University of Cape Town

Nommer	Onderwerp	Bladsy
i, ii	Die Rust-en-Vrede Landdroshof	68
E	Kaart om die ligging van die be= kendste plase noord van Durban= ville te illustreer. 1901	73
i	Die Ou Meul	86
i	Die N.G.Kerk, Durbanville	103
i	Familiegrafkelders binne die ringmuur van die N.G. Kerk, Durbanville	105
i	Die perseel van die D'urban Wagon Works van J King	118
ii	Die All Saints-kerk	118
F	Kaart om die paaie, plase en riviere in die Durbanville-gebied te illustreer voor 1700	127
G	Kaart om die treinroete, belang= rikste paaie en bekendste plase aan te dui.	129
i	Hardekraaltjie	131
i	Die eerste lokomotief van die Cape Town Railway and Dock Company	157
i	Die Stadsaal	161
ii	Die dorp se waterbron by die Kinder= sendinghuis	162
iii	'n Ou deel van die Kindersendinghuis	162
i	Die sinagoge	165
ii	Die Home of Rest	165
iii	Die Hoërskool	166
H	Plan van Durbanville	168

Al die foto's is, tensy anders vermeld, deur die skrywer self geneem.

University of Cape Town

VOORWOORD

Met hierdie verhandeling is daar probeer om 'n leemte aan te vul wat bestaan ten opsigte van die vroeë geskiedenis van die Durbanville-gebied voor 1863. Daar is min geskrewe werke wat uitsluitlik oor hierdie gebied handel en waar dit wel bestaan, byvoorbeeld A Dreyer se Kerksouvenir van Durbanville is dit hoofsaaklik die kerk- en skoolgeskiedenis wat toegelig word.

Die jaartal 1800 is as vertrekpunt vir die verhandeling gebruik, want deur proklamasies wat op 4 Desember 1800 en 13 Februarie 1801 van krag geword het om die "landbouwer alle mogenlyke aanmoediging te verleenen omme eene grootere quantiteit Koorn als gewoonlyk te cultiveeren," is die beslag gelê vir 'n bedryf wat in die Durbanville-gebied sulke groot afmetings aangeneem het, dat dit spoedig as die graanskuur van die Kaapkolonie bekend sou word. Met die versnelling in tempo van die koringbedryf, moes groot hoeveelhede koring oor ontoereikende paaie na die regeringskure vervoer word. Die lang afstande het 'n geskikte oorstaanplek met die trekvee gebiedend noodsaaklik gemaak. Pampoenkraal, 'n waterryke plek tussen die Tygerbergheuwels, het die aangewese plek geblyk te wees.

Die ontwikkeling van hierdie uitspanning tot 'n volwaardige dorpie, het nou saamgehang met die verbetering van die padnetwerk in hierdie gebied. In dié verhandeling word 1863 as 'n logiese chronologiese eindpunt behandel aangesien die koms van 'n spoorlyn in hierdie jaar die ontwikkeling in die gebied in 'n totaal nuwe dimensie geplaas het. Die invloed van die spoorverbinding op Durbanville en omgewing kring so ver uit, dat 'n volledige bespreking daarvan 'n afsonderlike werkstuk regverdig. Hierdie verhandeling eindig op die stadium net voordat die impakt van die spoorverbinding op enige noemenswaardige wyse deur die gemeenskap gevoel en in sy ontwikkeling weerspieël is.

University of Cape Town

By gebrek aan skouspelagtige en dramatiese gebeure, is die klem gelê op die landboukundige en sosiale geskiedenis wat in 'n groot mate hand aan hand gegaan het. Hier het die probleem opgeduik dat die gebied in amptelike publikasies 'n deel van die oorkoepelende term, Kaapse Distrik, uitgemaak het. Min inligting wat spesifiek op die dorp en sy omgewing van toepassing was, kon sodoende bekom word. Met die uit=sondering van die kerk- en skoolgeskiedenis lê die navor=singsveld braak aangesien min aspekte in die geskiedenis van die gebied tevore nagevors is. By die gebrek aan vol=le dige landboukundige inligting moes daar gebruik gemaak word van advertensies in sake produkte, implimente, plaas=verkopings, veeveilings en landboudemonstrasies. So ook moes daar wat die sosiale geskiedenis betref, gebruik ge=maak word van advertensies en verslae in sake saamtrekke, vergaderings, basaars en sportaangeleenthede om die gebeure te konstrueer en 'n deurlopende beeld daarvan weer te gee. In hierdie verband is daar swaar geleun op die <u>Cape Town Gazette</u> 1814-1825 en <u>The Cape of Good Hope Government Gazette</u> 1826-1863.

University of Cape Town

Aangesien die tydperk wat behandel word tot 1863 strek, is daar geen inligting deur ooggetuies bekombaar nie. Interes=sante oorlewerings deur ouer persone opgehaal, het egter mee=gehelp om sekere gebeure toe te lig. So is inligting wat uit die populêre werke van L Green en J Burman geneem is, slegs gebruik wanneer daar na oorlegpleging met hierdie ouer persone, tot die slotsom gekom is dat daar 'n redelike mate van waarheid aan verbonde is. Inligting waaroor daar te veel uiteenlopende en teenstrydige verklarings was, is ag=terweë gelaat.

Dit is vir my besonder aangenaam om my dank en waardering te betuig teenoor die persone en instansies wat gehelp het om hierdie verhandeling 'n werklikheid te maak. Ek wil in die eerste plek my erkentlikheid uitspreek teenoor my pro=motor, professor A M Davey, wat deur sy bereidwilligheid,

geduld en vriendelike leiding, baie daartoe bygedra het dat ek hierdie ideaal kon verwesenlik. Aan mevrou M A Sieber=hagen van Huis Aristea, Durbanville, my hartlike dank vir die interessante inligting aan my verskaf asook aan die plaas- en huiseienaars en die eienaars van ander geskied=kundige geboue van Durbanville wat my toegelaat het om foto's te neem en die reg verleen het om dit te laat publiseer.

Graag wil ek ook erkenning gee aan die hulpvaardigheid van die personeellede van die volgende instansies : die Argief, Kaapstad; die Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad; die Parlementsbiblioteek; die Kultuurhistoriese Museum, Kaap=stad; die Akteskantoor, Kaapstad; die J W Jagger-biblioteek van die Universiteit van Kaapstad; die Munisipale Biblioteek van Durbanville en die Munisipaliteit van Durbanville.

J G de Jongh

Durbanville
Januarie 1977

University of Cape Town

HOOFSTUK I

DIE DURBANVILLE-GEBIED

Om die ontwikkeling van die Durbanville=gebied gedurende die
18OO=1863=periode behoorlik toe te lig, is dit nodig om gro=
ter duidelikheid te kry oor wat presies met dié geografiese
begrip bedoel word. Om hierdie rede is dit dan ook voor
die hand liggend dat die geskiedenis van die verskillende
streke waaruit bogenoemde geografiese begrip bestaan, nage=
gaan en gemeld behoort te word. Aangesien die tydperk sedert
die eerste blankes om die suidpunt van Afrika geseil het tot
vandag toe relatiefgesproke kort en resent is, is ons gelukkig
om insiggewende en belangrike inligting te kon bekom wat deur
vroeë reisigers opgeteken is. Om hierdie rede sal noemens=
waardige gegewens wat uit die tydperk voor 1800 dateer, ook
kortliks gemeld word omdat die weglating daarvan, moontlik
die geskiedkundige geheelbeeld mag skaad.

Hoewel die Tygerberg- en die Koeberggebiede seker die twee
belangrikste onderafdelings van die Durbanville-gebied uit=
maak, skakel sekere gedeeltes van die Kaapse Vlakte en Duine=
veld en die gebiede Blouberg en Kuilsrivier ook by die Dur=
banville-gebied in, hoofsaaklik op grond van hul geografiese
ligging wat die betrokkenheid, en in 'n mate die inter-afhank=
likheid van die inwoners van genoemde vyf onderafdelings,
beklemtoon. Volgens Valentijn wat die Kaapkolonie in 1726
besoek het, het die Kaapkolonie uit vier "kolonies" bestaan
te wete die Kaapse Distrik, Stellenbosch, Drakensteyn en
Waveren. Die onderafdelings van die Kaapse Distrik was die
Tygerberg, Koeberg, Blouberg en Mosselbank.[1]

2 / Aangesien

1 F Valentijn : Beschrijvinge van de Kaap de Goede Hoope,
p. 71.

University of Cape Town

Aangesien dit vanweë oorvleueling nie moontlik is om presies te sê waar die skeidslyne tussen bogenoemde onderafdelings van die Kaapse Distrik lê nie, sal die Durbanville-gebied gerieflikheidshalwe onder die volgende hoofde bespreek word :

Die Tygerberg. In die suide sluit dit die noordelike deel van Tygervallei in met ander woorde die deel wat vandag as die Parow-Bellville-voorstede bekend staan. In die weste vorm die geskiedkundige plase soos Plattekloof, De Grendel, Bosmansdam en Vissershok die grens. Kuiperskraal en Ronde=bossieheuwel vorm vaagweg die noordelike grens terwyl die huidige Kraaifontein-Klipheuwelspoorlyn noordwaarts tot on=geveer by Mellish Siding die oostelike grens vorm.[2]

Die Koeberg-Blouberggebied strek vanaf die Blaauw Berg in die Noordweste ooswaarts, sluit aan by die Mosselbanksrivier in lyn met Oortmanspost tot ongeveer by Klipheuwelstasie. Hoewel 'n groot gedeelte van die Koeberg noord van die Mossel=banksrivier lê, is dit hoofsaaklik die deel ten suide van hierdie rivier wat op hierdie verhandeling van toepassing is.

Die Kaapse Vlakte-, Duineveld- en Kuilsriviergebied lê in 'n perdeskoenvorm wes, suid en suidoos van die Tygerberg soos hierbo gemeld. Dit strek vanaf Rietvlei suid van die huidige Bloubergstrand suidwaarts in die rigting van die Tygervallei en suidooswaarts in die rigting van Kuilsrivier waarvandaan dit dan noordoos in die rigting van die huidige Kraaifontein swaai. Hoewel dit 'n uitgestrekte gebied is, word die onder=afdelings saam gegroepeer omdat daar 'n groot ooreenkoms in die aard van die grond en die plantegroei voorkom.

3 / Op

---

2 Sien kaart op p. 130.

Op 'n kaart wat in 1657 uitgegee is, word die Tygerberg as "'t gevleckte Luperts gebergte" aangedui en op 'n ander kaart van dieselfde jaar as die "Lupaerts berghen."[3] Van Riebeeck meld in sy Dagverhaal dat die Luipaardsberg omtrent drie en 'n half uur van die Fort geleë is. Die teenswoordige naam Tijgerberg of Tygerberg word in 1661 deur Van Riebeeck in sy Dagverhaal gebruik.[4] Tygervallei wat sy naam kry van die naasliggende Tygerberg, word in 1669 deur Hieronimus Cruse[5] genoem wat ekspedisies na verskeie dele van die binneland onderneem het.[6] Daar word heelwat bespiegel oor die oor= sprong van die naam Tygerberg. Valentijn maak die volgende stelling in sy reisbeskrywing van 1726 : "Zij worden de Tijger= bergen genaamt, niet omdat diergelijk wild gedierte zich daar onthoud, maar na zekere donkre of bruine vlekken, die dezelve van alle andere bergen onderscheiden, en die 'er door den mist der herten op gemaakt worden, die dat land ook vet maaken.[7] In sy Nauwkeurige en Uitvoerige Beschrijvin (1719) sê P Kolbe die volgende : "Deze zelve vlekken hebben hen den naam van Tijgerbergen toegebracht, omdat het groen daarvan veel don= kerder is dan al het ander groen van deze bergen waardoor zij bijna gevlakt zijn als een tijger." Dat dit dus die gevlekte voorkoms van die berg is wat verantwoordelik is vir die naam Tygerberg, is daarom heel waarskynlik, hoewel dit nie bo alle twyfel bewys kan word nie. Die wesentlike gevaar wat onge=

4 / diertes

University of Cape Town

---

3 Bosman, D B en Thom, H B : Daghregister, gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck, Deel II, 1656-1658, p 101.

4 A Dreyer : Kerksouvenir van Durbanville, p. 2.

5 Hieronimus Cruse van Bielefeld het in 1660 as soldaat na die Kaap gekom. Hy is tot vaandrig bevorder en in 1674 tot kommandeur van die garnisoen. Hy het verskillende landtogte onderneem byvoorbeeld die ekspedisies na die Hottentotkaptein Gonnema in 1673 en 1674, en sy ekspedisie teen die Boesmans in 1676. Vergelyk Resolusies van die Politieke Raad, Deel II, 1670-1680, pp. 114-115, 156-159.

6 C G Botha : The history of Law, Medicine and Place names, p. 298.

7 F Valentijn : Beschrÿvinge van de Kaap de Goede Hoope, p. 74.

diertes soos tiere vir die Kompanjie se kuddes ingehou het, word in Van Riebeeck se dagverhaal weerspieël. Daarbenewens is die verskuiwing van die woord Lupaert in 1657 na Tyger in 1661 heel verstaanbaar as daar na die tweede Suid-Afrikaanse voorbeelde van hierdie specie gekyk word. Hulle word die Tyger of die Felis Leopardus in Latyn genoem en die Luiperd of Felis Jubata.[8] Hierdie vleisvretende ongediertes was 'n bron van groot kommer vir die Kompanjie en later vir die vee= boere. Verslae van tiers wat skade aangerig het, doodgeskiet is of in slagysters gevang is, is talryk.[9] Jagters is aange= spoor om jag te maak op hierdie ongediertes en die feit dat die markprys vir tiervelle in 1820 reeds gewissel het tussen 25 en 60 riksdaalders stuk, het beslis gedien as aanmoediging om tiere uit te roei.[10] Die gevaar wat tiers vir veeboerdery ingehou het, is ook van owerheidsweë besef. Volgens 'n prokla= masie van 21 Maart 1822 is "eene Belooning van Vyf en Twintig Ryksdaalders toegestaan geworden door het Govvernement, voor elke Tyger, die door de Inwoners dezer Kolonie gedood wordt.[11]

Hoewel daar reeds so vroeg as 1662 tekens van boerderybelang= stelling in die Tygerberg- en Koebergdistrikte bestaan het, dateer die meeste plase vanaf 1698. Vir die Kompanjie was die verskaffing van vars vleis en produkte aan verbygaande skepe, 'n prioriteit. Dit was verder onontbeerlik vir die in= standhouding van die garnisoen en dis te verstane dat die Tyger= vallei met sy uitgestrekte natuurlike weivelde, baie aanloklik vir die Kompanjie moes gelyk het. Daarenteen was die verver= singspos, nieteenstaande aanvanklike teenkanting geleidelik

5 / besig

8 The Colonist, no 24, 6 Mei 1828.

9 De Ware Afrikaan, 4 September 1858; The Cape Monitor, no. 877, 28 April 1860; no. 976, 28 Februarie 1861; Bosman, D B en Thom, H B : Daghregister, gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck, Deel I, 1651-1655, p. 305; Deel II, 1656-1658, p. 59.

10 Byvoegsel tot die Cape Town Gazette, no. 763, 26 Augustus 1820.

11 The Cape Town Gazette, no. 1015, 25 Junie 1825.

University of Cape Town

besig om in 'n meer permanente nedersetting of kolonie te ont= plooi. Vir sommige amptenare het die meer onafhanklike lewe van boer te wees, 'n groter bekoring ingehou as 'n kompanjies= betrekking. 'n Belangrike skuif noordooswaarts is geneem deur die Kompanjie wat self 'n veepos oorkant die Liesbeekrivier[12] in die rigting van die Tygerberg gestig het. Die veepos kon vanaf die Fort gesien word en daar is aangevoer dat die vee op die goeie weiding sou floreer. Daar is gemeld dat die grond ryk en swart is en dat daar in die somer miswolke oor die wei= velde hang wat as gevolg van sy hoë voginhoud, goeie oeste sou verseker. Dis belangrik om te onderskei tussen die Tyger= vallei wat suid van die Tygerberg lê en die aangrensende Witte Tygervallei wat meer na die suidweste strek.[13]

University of Cape Town

6 /

---

12 F Valentijn : Beschrijvinge van de Kaap de Goede Hoope, p. 67. Die skrywer begaan 'n mistasting wanneer hy die Liesbeekrivier vir 'n deel van die Zoute Rivier aansien.

13 Sien kaart p. 7.



University of Cape Town

A 'n Voorstelling van die Durbanville- Koeberg-gebied, 1700. (Kaart 1/273, Kaapse Argief).

Meer veeposte is van tyd tot tyd verder die binneland in gestig. In 1679 is 'n veepos aan die Tygerberg aangelê.[14] Fisantekraal (Faisante Kraal), was reeds in 1711 'n belangrike veepos vir W A van der Stel wat baie skape daar aangehou het.[15] Die stadige maar sekere tempo van ontwikkeling in die Tygerberg word goed geïllustreer deur P Kolbe in sy "Naauwkeurige en Uitvoerige Beschrijving" van 1719 wanneer hy die volgende skryf : "Op en tusschen deze Tijgerbergen leggen naar mijn best onthoud twee en twintig Plaatzen of Hofsteden, welke eerder den naam van aanzienlijke Heerlijkheden of Riddergoederen als boerewoningen verdienden, hoewel niet zoo zeer ten opzicht van de huizen, die daar staan als zijnde voor het grootste gedeelte tamelijk slecht, maar in aanzien van derzelver veruitgestrektheid en weergaloze nuttigheid, aangezien ik in Duitschland weinig adelijke goederen ken, daar men van een Riddergoed zoo veel voordeel trekken kan, als alhier ieder Boer in 't bijzonder van zijn landgoed geniet."

Daar is verder gesê dat daar as gevolg van die beperkte watervoorraad, nie veel meer plase aan die Tygerberg aangelê sou kon word nie. Die boere is beskryf as ryk veeboere en dat dit 'n arm boer was wat slegs 600 skape en 100 osse besit. Daar is verder gesê dat die Tygerberge 'n sirkel van 8 of meer myle vorm en dat die verste punt 4 myl[16] van die Kasteel Goede Hoop lê. In die Tygerbergreeks is daar twee heuwels

8 / wat

---

14 Die Burger, 28 Junie 1975. Die eintlike grondslag van die dorp Bellville is so vroeg as 1701 gelê toe Willem Adriaan van der Stel 'n stuk grond aan die voet van die Tygerberg aan Martin Ponsion toegeken het. Ponsion het sy plaas Lobenstyn genoem. Dis vandag bekend as Lovenstein.

15 F Valentijn : Beschrijvinge van de Kaap de Goede Hoope, p. 203; Sien kaart p. 73.

16 F Valentijn : Beschrijvinge van de Kaap de Goede Hoope, p. 75. p. 227. Daar word moontlik van Duitse myle gepraat wat in hierdie sin meer betrekking het op tydsduur as afstand. Die bedoeling is hier minute tyd vir 'n marsjerende troep en dit kom te staan op ongeveer 18 minute vir elke Engelse myl.

University of Cape Town

wat die naam Kanonberg dra. Hul word so genoem na aanleiding van kanonne wat deur die Kompanjie op hoë koppe geplaas is vir veiligheidsredes. Indien dit nodig sou blyk te wees om die inwoners van die buite-distrikte te waarsku in geval 'n vyandelike mag in aantog is, is die kanonne afgevuur waarna die burger-militia hul na hul verskeie poste moes haas om daar op verdere bevele te wag. In 1690 is so 'n seinkanon geplaas by "De Schuur" waar die Eerste Ministerswoning, Groote Schuur, vandag geleë is, en ook een in die Tygerberg. Gedurende die Hollandse besetting van die Kaap is nog soort= gelyke kanonne geplaas by die Zout Rivier, Rondebosje Berg net noord van Durbanville, die Koeberg, Dassenberg en Platte= kloof.[17] Hoewel hierdie kanonne aanvanklik slegs om veilig= heidsredes gebruik is, is dit later ook gebruik om ander be= langrike aankondigings onder die boeregemeenskap se aandag te bring byvoorbeeld die aankoms van 'n skip in die baai wat vars produkte benodig.

Aangesien die vroegste uitbreidings van die jong kolonie, met die uitsondering van Rondebosch en Stellenbosch, in die rigting van die Koe-, Blou- en Tygerberge en die Kuilsrivier plaasgevind het, word van ons oudste boereplase in hierdie gebiede aangetref.[18] Die meeste van hierdie plase is vanweë die hoe produksieprogram van die H.O.I.K. aan bereidwillige vryburgers uitgereik en dateer vanaf 1698. Dis dus nodig om op hierdie stadium te verwyl by die eerste ou plase en grond= besitters wat aan die Durbanville-omgewing sy beslag gegee het. Om hierdie rede word genoemde gebied in drie dele ver= deel en onder die volgende drie hoofde behandel : Die Tyger= berg; die Kaapse Vlakte-, Duineveld- en Kuilsriviergebied; die Blouberg-Koeberggebied.[19]

9 / In

---

17 C G Botha : The history of Law, Medicine and Place names, p. 277.

18 A Dreyer : Kerksouvenir van Durbanville, p. 2; J A Heese : Gedenkboek van Parow-Moedergemeente, pp. 7-11, 13, 15, 17-29.

19 Die grense van bogenoemde drie dele word duideliker omskryf op pp. 1 en 2.

University of Cape Town

In die Tygerberggebied is Vissershok die oudste plaas. Die plaas is vernoem na 'n Kompanjiesamptenaar, Hendrik Visser, wat in 1685 daar gestasioneer was. In 1683 is dit as Kom= panjiesplaas gebruik vir graanverbouing en veeboerdery en

i

Vissershok

ii

10 / pluimvee

University of Cape Town

pluimvee is daar aangehou vir die tafel van die goewerneur. Gedurende die oorlog tussen Holland en Engeland is verskeie Engelse op reis van Engeland na Indië, aan die Kaap van hul skepe geneem en as krygsgevangenes op Vissershok geïnterneer. Op 2 November 1791 was hierdie plaas die besitting van Hen= drik Oostwald Laubscher[20] en dit het vir meer as honderd jaar aan hierdie familie behoort. Die plaashuis dra die da= tum 1768, maar die ringmuur is veel ouer. Die huis het mooi hoë gewels en ruim vertrekke met skuifdeure waar dikwels danspartye gehou is. Die slawekwartiere is onder die huis en die martelinstrumente wat gedurende die 18de eeu gebruik is, kon 'n paar jaar gelede nog in die kelder gesien word. Vissershok se geskiedkundige waarde word verder verhoog om= dat dit in later jare 'n gewilde oorstaanplek was vir die boere wat uit die binneland na Kaapstad gegaan of daarvandaan terug= gekeer het. Vissershok was destyds per ossewa oor die sand= duine, 'n dagreis van die Kaap af. Die Vissershokrivier[21] voed ook die Soutrivier[22] wat in Groot Rietvlei[23] loop en vandaar na Tafelbaai vloei waar dit in die see uitmond. Voor die toeslikking van dele van hierdie rivier wat vandag selde bevaar kan word, kon klein bootjies taamlik hoog by die riviermond opvaar in die rigting van Vissershok, waar hul vars plaasprodukte kon bekom.[24]

Die plaas Maastricht het op 9 Februarie 1702 die besitting

11 / van

---

20 Aktekantoor, Verwysing B.H. 8 A A.

21 Die Vissershokrivier word ook die Dieprivier genoem.

22 Botha, C G : The history of Law, Medicine and Place names, p. 277. In 1601 noem Joris van Spilbergen die rivier, die Jacqueline. In 1652 noem die Hollanders dit "de SouteRivier" omdat die see 'n hele ent in die rivier opstoot.

23 Die naam Rietvlei is afkomstig van 'n Kompanjiesveepos met dieselfde naam wat daar naby geleë was.

24 Sien kaart p. 12.

University of Cape Town

van H Seegers geword[25] en in 1732 was Johannes Cruywagen die eienaar daarvan. Maastricht was veral bekend vir sy vis=vywers waar varswatervisse geteel is om die Kompanjie se skepe van vars voorrade te voorsien.[26] Kommissaris-Generaal J A de Mist wat verantwoordelik was vir ingrypende landbou=hervormings aan die Kaap, het etlike dae op Maastricht vertoef.

Langeberg of Berghs Hoop, die eerste groot plaas ten ooste van Durbanville, het in 1753 behoort aan Olof Berg, kleinkind van die bekende ontdekker en militêre kommandeur van die Kaapse garnisoen, kaptein Olof Bergh. Die Van Niekerk-familie wat een van die bekendste families in die Durbanville-gebied is, het die plaas Bloemendal, noord van Maastricht, op 9 Februarie 1702 bekom toe die grond aan Cornelis van Niekerk geskenk is. In 1722 het dit oorgegaan in die hande van Anthony van Rooyen en tien jaar later in die hande van Johannes Cruywagen.

Bommelshok en Welbeloond, suidwes van Vissershok geleë, het ook eens op 'n tyd tot die vele veeposte van die Kompanjie behoort. Die oorspronklike naam van Bommelshok was Jan van Bommels Hoek.[27]

Clara Anna Fontein naby Durbanville en suidwes van Diemers=dal geleë, is in 1702 aan Beatrix Verwey (die weduwee Oli=vier) geskenk. As gevolg van ondertrouery het Michiel Heyns in 1732 die eienaar van die plaas geword.

Een van die bekendste plase van Durbanville is beslis Diemers=

12 /

25 A Dreyer : Kerksouvenir van Durbanville, p. 2.

26 Radio en TV, 1-8 Februarie 1976, p. 10.

27 Op kaart 2/453, Map of Cape Division Sheet no. 9 van die Britse Field Intelligence Department van Mei 1901, word Bommelshok en Welbeloond as een plaas aangedui.

University of Cape Town



B . Kaart om die plase, riviere en paaie ten weste van Dur= banville te illustreer.
(Map of Cape Division, Sheet 9. British Field Intelligence Department, 1901).

dal. Die plaas is op 26 Augustus 1698, 'n jaar voordat Simon van der Stel as goewerneur van die Kaap bedank het, aan die vryburger Hendrik Sneewind toegeken. Kort na sy dood is sy weduwee getroud met 'n Nederlandse kolonel, ene Diemer wat

i



ii



iii

Diemersdal

van sy skip gedros het om aan die Kaap te kom boer.[28] 'n Ander eiendom in die Durbanville-gebied waarin die naam van die Diemer-familie voortgeleef het, was die plaas Diemers=kuil wat later Welvergenoegt genoem is. In 1744 was hierdie plaas wat noordoos van Vissershok geleë is, die besitting van Johannes Moller.[29]

Door de Kraal alias Doodenkraal, ook Droogekraal genoem, is op 18 September 1698 aan Tryntje Theunisse geskenk.[30] In 1732 het dit aan Anna van Schalkwyk, weduwee van die hawe=meester Jan Brommert behoort. Die oorsprong van die plaas=naam, Door de Kraal, word deur dr G B D de Villiers wat op

15 / die

28 Radio en T.V. 1-8 Februarie 1976 p. 10. 'n Artikel deur J Hills : Die Stryd om Pampoenkraal; Die Burger, 19 November 1975, p. 13.

29 Sien kaart p. 12.

30 Aktekantoor no. 289, verwysing 8 abc.

University of Cape Town

die plaas gebore is, as volg verduidelik : Mense wat ten tye van die H.O.I.K. deur die Elsjeskraalrivierdrif naby die plaasopstal moes gaan, het altyd gesê : "Wy gingen door de Kraal", verwysend na die rivier.[31]

Die plaas Elsjes Kraal is in 1720 deur Hendrik Oostwald Ek= steen van Pieter van der Westhuizen gekoop.[32] Die plaas= naam leef voort in die Elsieskraalrivier. Die naam kom waar= skynlik van die vrou, Elsje van Suurwaarde, wat in 1698 langs die rivier geboer het.[33]

Evertsdal is reeds in 1680 toegeken aan die vryburger Evert na wie die plaas vernoem is.[34] Die T-vormige Kaaps-Hollandse huis is deur Hendrik Oostwald Eksteen gebou.[35] Die oordrags= dokumente wat vir hierdie doel opgestel is, toon dat die oor= sprong van die bekende Kuilsrivier, in die kelder van die huis geleë is waar dit ŉ fontein vorm. Die plaas het vir ŉ lang tydperk by die boere bekend gestaan as Vygeboom, na aan= leiding van die wildevyebome wat daar groei waaronder die boere graag uitgespan het.[36] Die plaas het baie las van

16 /

---

31 L G Green : Beyond the city lights, p. 126.

32 A Dreyer : Kerksouvenir van Durbanville, p. 2; C G Botha : The History of Law, Medicine and Place names, Vol VIII p. 296.

33 J Burman : Peninsula Profile, pp. 29, 30.

34 Daar bestaan ook die teorie dat die Duitse woord vir ŉ beervark, Ebert, oorsprong aan die plaasnaam gegee het. Daar is wel ŉ groot hoeveelheid varke op hierdie plaas aangehou, maar eers nadat die plaas reeds as Evertsdal bekend gestaan het.

35 Die ou Evertsdal-opstal is onlangs sorgvuldig gerestou= reer deur mnr J B L Marais. Die outentieke geelhoutbalke kom uit ŉ Vryburgerhuis uit die tyd van Van Riebeeck, asook die Bataafse teëls wat in die ingangsportaal ge= messel is. Die Evertsdal-plaaswerf is ŉ trotse toonbeeld van die arbeid van die bewaringsbewuste inwoners van die Durbanville-gemeenskap vandag.

36 Die naam Vygeboom leef vandag nog voort in ŉ voorstad met dieselfde naam.

University of Cape Town

i

'n Bruggie oor die Elsieskraalrivier net onder die plaasopstal van Door-de-Kraal.

ii

Evertsdal

University of Cape Town

hiënas gehad en daar is 'n ou "wolfhuisie" waarin 'n lewendige skaap vir lokaas vasgemaak is. Die laaste hiëna is in 1819 daar gevang.

Gedurende die eerste helfte van die 18de eeu was die Meijboom-familie bekende grondbesitters aan die Kaap[37] en het hul op baie vriendskaplike voet met die ongewilde goewerneur Gys=bert van Noodt verkeer.[38] Laasgenoemde het persoonlik 'n romanse bewerkstellig tussen Abbetje Meijboom van Plattekloof en die goewerneursjagter, Rudolf Alleman.[39] Claas Meijboom, voorvader van die familie, het die plase Plattekloof en De Grendel van de Plattekloof in 1720 besit. Dis van hierdie plase wat die skrywer F Valentijn die volgende geskryf het : "Van de Windberg of Duivelsberg het jy 'n mooi uitsig oor De Zoute Rivier (Liesbeek) na die Tygerbergen, waarteen die aller=fraaiste plaas van Hendrik Meiboom nie lank tevore uitgelê is nie.[40] Claas Meijboom se seun Floris het hom opgevolg, maar in 1738 het die twee eiendomme van sy uitgestorwe boedel in Paul Artois en die Burgerraadslid Johannes Cruywagen se hande gekom. Die familienaam het egter behoue gebly in Meijboomsdam naby Blouberg. Baie van die Meijbooms lê begrawe in die Groote Kerk, Kaapstad.[41] Die eerste besitter van De Grendel het die plaas in 1690 in besit geneem en hy was ene Booij Booijsens.[42]

Oos van die Meijboomplase teen die suidelike hang van die

18 / Tygerberg

37 Dr C Pama : Vintage Cape Town, p. 32.

38 Cape Monthly Magazine, Vol 8, pp. 88-94.

39 L G Green : Beyond the city lights, p. 163

40 F Valentijn : Beschrijvinge van de Kaap de Goede Hoope, p. 67.

41 C G Botha : The History of Law, Medicine and Place names, p. 296.

42 'n Deel van die Meijboomplaas, Plattekloof, is deur die Universiteit van Kaapstad uitgekoop vir die vestiging van sy nuwe kampus. Die ander Meijboomplaas, De Grendel, be=hoort aan die leier van die Verenigde Party, Sir De Villiers Graaff.

University of Cape Town

Tygerberg, lê die plaas Lobenstyn wat vandag beter bekend is as Lovenstein. W A van der Stel het die plaas in 1701

i

Loevenstein. (Met erkenning aan die Kaapse argief.)

aan Martin Ponsion toegeken.[43] 'n Deel van Loevenstein naamlik Fairfield, is in 1732 aan Hendrik Oostwald Eksteen afverkoop.[44]

Gedurende sy tog na Namakwaland in 1683 het goewerneur Simon van der Stel by die kraal van 'n Hottentot, Kaptein Kuiper, aangedoen. Die Hottentotte het met hul vee in gemeenskappe of krale saamgewoon, en die naam Kuiperskraal leef vandag nog voort in een van die bekendste Durbanville-plase. Daar word gesê dat die Van der Stel-geselskap 'n paar myl van Kuiper se kraal op die Rondebossievlakte oornag het. Teen die aand het Kuiper 'n slagos as geskenk aan die Kommandeur gebring in ruil waarvoor hy 'n fles brandewyn ontvang het.[45] Die plaas Kuiperskraal het op 30 Augustus die besit van H Muller geword.[46] In 1729 het sy seun Johannes die plaas oorgeneem.

Net noord van Durbanville kry ons die plaas Phesantekraal wat in 1698 in die bekende kaptein Olof Bergh se besit ge= kom het. Dit was in 1711 reeds 'n belangrike veepos waar W A van der Stel baie vee, veral skape, aangehou het.

Het Rondeboschje wat in Simon van der Stel se joernaal van 1685 genoem is, het in 1732 aan die weduwee Hermanus van Brakel behoort. Rondebosje Heuvel het op 10 Augustus 1705

20 / die

---

43 Die Burger, 28 Junie 1975; L G Green : Beyond the city lights, p. 162. Die naam word ook as Poussion aangegee.

44 Benewens Fairfield het Elsjeskraal en Evertsdal ook aan die Eksteen-familie behoort.

45 C. 3 Resolutien, 25-6-1678, pp. 189, 190. Die naam van kaptein Cuijper word verskeie kere saam met diè van die Hottentotkaptein Schacher genoem. Cuijper was die Kom= panjie goedgesind en het met die kommandeur saamgewerk.

46 Aktekantoor no. 133, verwysing B.H. 8 aa; C G Botha : The history of law, medicine and place names p. 297.

University of Cape Town

die besitting van Elsje van Suurwarden geword.[47] Dis hierdie selfde Elsje van Suurwarden na wie die Elsieskraalrivier ver= noem is.[48]

Die plaas Rooseboom noordoos van Bosmansdam het vir verskeie geslagte vanaf 1714 aan die Cruywagens behoort, hoewel dit in 1720 in Aletta Verwey se besit was.[49]

Die Tygerbergplaas wat eers aan die weduwee Walters behoort het, het ook teen die einde van die agtiende eeu oorgegaan in die hande van die vermoënde Eksteen-familie wat reeds groot grondbesitters in die Durbanville-gebied was. Die Hollandse vlootkaptein Cornelis de Jong wat 'n verslag oor die laaste dae van die Hollanders aan die Kaap nagelaat het, beskryf 'n ete saam met die heer Eksteen wat hy as 'n "ou epikuris" beskryf.

Die plaas Hoog Gelegen, suid van Meer-en-Dal, is op 7 Februarie 1702 deur goewerneur W A van der Stel gegee aan die kinders van A van Brakel, 'n ou inwoner van die kolonie sedert 1662, wie se dogter getroud was met Adam Tas, een van die sentrale figure in die versetbeweging teen Van der Stel en sy korrupte amptenary. Meer-en-Dal, die buurplaas het op 7 September 1702 in die besit van J Wessels gekom.

Welgemoed wat in 1732 die eiendom van die weduwee Jan Mostert was, het later in die hande gekom van Francois Jean van Helsland Duminy, voorvader van 'n familie wat diep spore in die geskiedenis van die Durbanville-gebied getrap het.[50]

21 /

47 Aktekantoor no. 116, verwysing B.H. 8 ABA

48 J Burman : Peninsula Profile, pp. 29, 30.

49 Aktekantoor no. 200-300.

50 K Heywood : Cape Hills in Sunlight, p. 119. Die Wel= gemoed-plaashuis bestaan vandag nog, hoewel in 'n ver= waarloosde toestand.

University of Cape Town

i

Welgemoed-plaashuis

ii

Die Duminy-grafkelder binne die ring=
muur van die N.G.-kerk, Durbanville.

University of Cape Town



C   Kaart om die plaasliggings suid en suidwes van Durban=ville aan te dui.
(Kaart 3/653, Kaapse Argief).

Die Duminy-familiegrafkelder is geleë binne die ringmuur van die Durbanville N.G.-kerk.

Die Graaf de Las Cases, 'n Fransman, wat gedurende die be= wind van lord Charles Somerset vir 'n tydperk van vier maande in die Tygerberg op die plaas Altoos Gedacht ten huise van ene mnr Baker aangehou is, verwys na die "woestyngebied van Tygerberg" en het dit amusant gevind dat baie Hollandse boere in die omgewing hul vinnigste perde, kwaaiste bulle en suk= sesvolste hane na Napoleon[51] vernoem het. Hy was vol lof vir die Tygerbergers wanneer hy skryf : "Though now removed to the very extremity of the civilized world, we found our= selves treated with even more than kindness".[52]

Vir die bespreking van die tweede streek in die Durbanville-gebied te wete die Blouberg-Koeberggebied, begin ons suidwes van Vissershok in die omgewing wat bekend gestaan het as die Klein Stink.[53] Hierdie gebied kry sy naam van 'n klein riviertjie, die Stinkrivier, wat net bokant Rietvlei in die Soutrivier vloei.[54] Hierdie sloot volg 'n weg vanaf die Tygerberge deur die Koebergpad by die plaas Bommelshoek tot anderkant die Killarney-hotel. Die rivier wat vir 'n groot deel van die jaar 'n droë loop is, het sy naam gekry vanweë die slegte reuk van die water in die droë seisoene.[55] Die reisiger Valentijn verwys na 'n kampeerplek in die Stinkriviergebied en beskryf dit as "een schoone valey, rondom bebolwerkt met hooge bergen,

24 / zynde

51 The Cape Town Gazette, no. 805, 16 Junie 1821.

52 C G Botha : S A Tydskrif vir Geneeskunde, 7 Maart 1959, p. 213.

53 F Valentijn : Beschrijvinge van de Kaap de Goede Hoope, p. 227.

54 Hierdie rivier word ook op sommige kaarte as die Diep= rivier aangegee.

55 Sien kaart p. 127.

University of Cape Town

i

Altoos Gedacht

zynde zeer bequaam en vermaakelyk om te rusten, vermits daar goed gras en water was; ook zeer raar met allerhande couleuren van bloemen bewasschen."[56]

Verder noord van die Klein Stink kry ons Blouberg, so genoem vanweë die feit dat dit 'n besondere diep blou kleur het as dit vanaf die see gesien word.[57] Die grond in hierdie omge= wing word beskou as byna so goed soos diè van die Tygerberg, maar daar word gemeld dat daar as gevolg van watertekort, nie so baie grond in hierdie omgewing aan vryburgers beskikbaar gestel kon word nie. Tog is hierdie landstreek binne 'n paar jaar na die eerste uitbreiding na die binneland voldoende bevolk, nieteenstaande die teenwoordigheid van wildediere soos

25 / olifante

56 F Valentijn : Beschrijvinge van de Kaap de Goede Hoope, p. 226.

57 C G Botha : History of law, Medicine and Place Names, p. 277.

University of Cape Town

olifante, leeus en 'n groot verskeidenheid boksoorte.

In hierdie gebied word soutneerslae in die vorm van sout=panne aangetref. Valentijn skryf in 1726 dat sout in die Tygerberge en Tygervallei gevind word en dat dit met waens na die kasteel gery word. Hoe meer dit reën, hoe meer sout is daar in hierdie soutpanne en soutfonteine.[58] Hierdie soutpanne het aan die regering behoort en soutinsameling is deur middel van tenders uitgegee. Die weledele heer, J P Baumgardt, Ontvanger van die land se Inkomste, het hierdie soutpanne op die Kaapse Vlakte en in die omgewing van Blou=berg, Koeberg en die Tygerberge, op tender uitgesit.

In Maart 1807 was dit die heer J G Smyth, waarnemende Koloniale Sekretaris[59] se plig om die panne op tender uit te sit. In 'n soortgelyke advertensie in 1810, word die klein soutpan by Riet Valley (Rietvlei) gemeld deur J P Baumgardt wat toe die Inspekteur van Regeringsgrond en Woude was.[60] J J L Smuts wat in 1817 die Ontvanger van Inkomste was, het in 'n advertensie gestipuleer dat die groot en klein soutpanne by Riet Valley, afsonderlik verhuur sou word van die panne van Blouberg, Koeberg en die Tygerbergen.[61]

Die Koebergreeks ten ooste van Blouberg strek van oos tot noord.[62] Die gebied is nie so dig gekoloniseer soos die

26 / gebied

University of Cape Town

---

58 F Valentijn : Beschrijvinge van de Kaap de Goede Hoope, pp. 109, 110.

59 Cape Town Gazette, no. 61, 14 Maart 1807; no. 62, 21 Maart 1807.

60 Cape Town Gazette, no. 221, 7 April 1810.

61 Cape Town Gazette, no. 594, 31 Mei 1817.

62 Burman : Peninsula Profile pp. 28, 163, 164. Dit kan nie sonder meer aanvaar word dat die Koeberg se naam ontstaan het na aanleiding van Van Riebeeck se buitepos, Keert de Koe, nie. Die skrywer, L Green beweer dat die naam af=komstig is van die seekoeie wat in hierdie omgewing in die Dieprivier aangetref is. Daar is egter nie genoeg=same bewyse vir laasgenoemde bewering nie.

gebied rondom die Tygerberg nie aangesien die grond nie so goed was as dié van die Tygerberg nie en standhoudende water nog 'n groter probleem was. Die watervraagstuk is in 'n mate verlig deur die Mosselbanksrivier. Hierdie rivier het sy naam gekry na aanleiding van mossels wat op die rivierrotse aangetref is. Die mossels was egter nie van 'n goeie gehalte nie en beslis nie eetbaar nie. Die Mosselbanksrivier bestaan uit 'n samevloei van klein stroompies wat in die reënseisoen in die groot rivier invloei, maar wat in die somer sout word en opdroog. Slegs kuile bly in die rivier oor en die boere was grootliks daarop aangewese by gebrek aan ander water. Die Mosselbanksrivier volg 'n kronkelweg om verskeie koppies en deur verskillende laagtes en sluit later by die Soutrivier aan waarna dit by Tafelbaai in die see uitmond.

Die bekende plaas Blaauwberg, pragtig geleë teen Blouberg, het lank aan die Kotze-familie behoort terwyl Brakkefontein, suidoos van die plaas Adderley, twee eeue gelede die eiendom van die Visser-familie was. Dit het later in die hande gekom van die weduwee van Willem ten Damme,[63] chirurg in diens van die H.O.I.K. en 'n baie bekende in amptelike kringe gedurende die bewind van Willem Adriaan van der Stel. Op 26 September 1805 het dit egter in besit van Maria E Malan gekom.[64]

Die Mostert-familie was groot grondbesitters en vir 'n paar geslagte lank die eienaars van Brakkekuil, 'n groot plaas noord van die Keert-de-Koe-veepos geleë. In 1714 het die plaas aan Jan Mostert behoort en in 1732, dieselfde jaar toe Tobias Mostert die plaas, De Koeberg, besit het, was Ernst

27 / Mostert

63 Aktekantoor no. 102, verwysing B.H. - 6 C C. Dit was Willem ten Damme se voorvader S P ten Damme wat op 16 Augustus 1698 die plaas Klein Oliphants Kop in besit geneem het.

64 Aktekantoor no. 32, verwysing B.H. - 5 B, D; Aktekantoor no. 65, verwysing B.H. - 6 C, D.

University of Cape Town

Mostert die besitter van Brakkekuil.

Nadat Goede Ontmoeting op 9 Februarie 1702 die eiendom van A V van Brakel geword het, het hierdie plaas wat wes van Oortmanspost geleë is, in besit van Adriaan Louw gekom in 1732.[65] Oortmanspost is vernoem na Nicolaas Oortmans wie se naam dikwels in Adam Tas se Dagboek, 1705-1707, genoem word. Hy was 'n bekende advokaat en Burgerraadslid in die Kaap en was onder andere ook Kommissaris van Huweliksake, Weesmeester en Heemraad van Stellenbosch. Op 26 September 1704 het hy die eienaar van Oortmans Post geword[66] en op 26 September 1707 het hy ook besit geneem van die plaas, Ongegund.[67] Oortmanspost het sedertdien oorgegaan in die hande van die bekende Meijbooms, Greefs, Jurgen Wolfgang, Spengler en die Loubsers.

Keer de Koe was die eiendom van die welgestelde Petrus Jo= hannes de Wit. Toe lord Clive in 1767 vanaf Indië op pad was Engeland toe, het hy verkies om by Petrus de Wit tuis te gaan, pleks van in die Goewermentshuis in die Tuine.[68]

Klipheuwel, wat op 26 September 1704 aan C H Diepenauw toe= gesê is, het 'n geweldige groot oppervlakte beslaan, hoofsaak= lik suid en suidoos van waar Klipheuwelstasie vandag geleë is.[69] C H Diepenauw was 'n swaer van Adam Tas, Hollandsspre= kende Jood, wat groot opslae in die vroeë Suid-Afrikaanse

28 / geskiedenis

65 C G Botha : The History of Law, Medicine and Place names, p. 296; Bylae no. 7 p. ; A Dreyer : Kerksouvenir van Durbanville, p. 2.

66 Aktekantoor, no 49 verwysing B.H. 6 C, 6 C D.

67 Aktekantoor, no. 158 verwysing B.H. 8 A A D. In C G Botha se boek, History of Law, Medicine and Place Names, word die datum vir Ongegund ook as 1704 aangegee.

68 A Dreyer : Kerksouvenir van Durbanville, p. 3.

69 Sien kaart p. 129.

University of Cape Town

geskiedenis gemaak het.

Kontermanskloof wat na Hans Jacob Konterman vernoem is, het op 30 Januarie 1706 die eiendom van F Schabort geword. Zon=dagsfontein wat op 31 Desember 1743 aan Matthys Zondag toege=sê is, is later Welgegund genoem. In 1760 is die plaas aan Hendrik Cornelis van Niekerk verkoop. Hy was verwant aan H C van Niekerk van Joostenberg op wie se plaas gedurende die jare rondom 1840 groot veeveilings gehou is.[70]

Die Mosselbanksrivier is reeds so vroeg as 1662 in 'n ekspe=disieverslag genoem en in 1685 is dit weer in Van der Stel se Joernaal gemeld. Die plaas wat dieselfde naam dra, het op 18 September 1698 in besit gekom van C H Diepenauw, wat ook die plaas Klipheuwel in 1704 bekom het. In 1733 het Mosselbank aan Gerrit van Niekerk behoort en in 1753 aan Tobias van Wyk.

Die derde streek onder bespreking in die Durbanville-gebied, is die deel wat as die Kaapse Vlakte en Duineveld bekend staan. Hierdie streek kan in breë trekke beskryf word as die uitgestrekte grondgebied tussen Tafelbaai en Valsbaai en dit strek ooswaarts tot in die Kuilsrivier-area. Vir die doel van hierdie verhandeling kan ons die gebied afbaken wat vanaf Rietvlei suidwaars in die rigting van Kuilsrivier en dan Noordoos in die rigting van die huidige Kraaifontein strek.[71] Die suidelike deel van die Kaapse Vlakte en Duineveld wat deur Valsbaai begrens word, het nie direkte betrekking op die Durbanville-gebied nie, hoewel die deel nader aan die

University of Cape Town

70 Het Kaapsche Grensblad, 19 November 1839; 31 Desember 1839; 2 Junie 1840; 29 September 1840; 29 September 1840; 23 Januarie 1840; De Ware Afrikaan, 23 Maart 1841.

71 Sien kaart p. 129.

i

Kontermanskloof

ii

University of Cape Town

Tygerberg en Kuilsrivier, beslis ŉ belangrike faktor was wat betref die geweldige vervoerprobleme wat as gevolg van die geaardheid van die grond geskep is. Hierdie sanderige land= streek het nie veel belofte vir landbou ingehou nie ėn die plantegroei was van minderwaardige gehalte. Die gebied was beslis besig om woestynagtig te word[72] omdat duine spierwit sand heen en weer verskuif het onder die aanslae van die sterk Kaapse winde wat dikwels stormsterkte bereik het. Die owerhede het selfs op een stadium geglo dat Tafelbaai besig was om vlakker te word as gevolg van die sand wat daarin waai.[73] Dis as gevolg hiervan dat instruksies in 1724 uit Holland gestuur is waarin aanbeveel is dat gras, struike en bome op die duine aangeplant word. ŉ Aantal tronkvoëls en sewentig slawe is vir hierdie doel gebruik, maar hierdie po= gings is gou deur die sand en wind oorweldig. Aangesien die gebied ŉ ernstige struikelblok vir vervoer na die binneland geskep het, is ŉ aantal pale oor die vlakte geplant om die mees geskikte roete onder die aandag van boere en reisigers te bring.[74] Daar is ook gepoog om stroke grassooie oor die vlakte te lê, maar ook dit het toegewaai. Die hele skema het in 1735 skipbreuk gely en alle herwinningspogings is laat vaar.

Hierdie ongenaakbare en sanderige gebied strek ooswaarts in die rigting van Kuilsrivier wat so vroeg as 1676 reeds as ŉ uitspanning gebruik is. Die uitspanning is De Kuijlen ge= noem na aanleiding van diep waterpoele wat in die rivier voor= gekom het.[75] Hierdie rivier wat in die heuwels naby Stellen= bosh ontspring, vloei verby De Kuijlen en die water was in

31 / die

72 L G Green : Tavern of the seas, p. 164

73 C G Botha : The History of Law, Medicine and Place names, p. 300.

74 L G Green : Tavern of the seas, p. 164.

75 P W Laidler : The Growth and Government of Cape Town, p. 418.

University of Cape Town

die somer taamlik brak. De Kuijlen het ook op een tydstip as Wildebosch bekend gestaan na aanleiding van die baie wilde ongediertes soos leeus, luiperds, wolwe en wildehonde wat daar aangetref is. Kuilsrivier was die Kompanjie se eer= ste buitepos op die Vlakte en ruilvee op pad na Kaapstad kon daar suip en rus. 'n Huis is in 1680 daar opgerig. In 1683 het hierdie buitepos 'n veepos geword waar koeie en skape wat deur ruilhandel verkry is, kon wei en suip onder bewaking van 'n korporaal en verskeie soldate. Nie slegs die roofdiere nie, maar die teenwoordigheid van roofsugtige Hottentotte en Boesmans het gewapende bewaking genoodsaak. Daar is ook 'n brug oor die rivier gebou net voordat dit in die Kuil vloei. Hierdie brug was veral in die reënseisoen wanneer die rivier in vloed is, belangrik vir diegene op pad na Stellenbosch.

Hoewel daar veel minder bekende plase in die Kuilsrivier= area is as rondom die Tygerberg, Koeberg en Blouberg, moet ons daarop let dat die historiese De Kuijlen-plaas in 1701 die eiendom van die bekende V.O.C-amptenaar en leier van binnelandse ekspedisies, Olof Bergh (1643-1724), geword het. Benewens Bergh het die pioniers Henrik Hattung en Jacob Vogel ook plase in hierdie omgewing gehad. Laasgenoemde se plaas is genoem Saxenburg, na aanleiding van Vogel se ge= boorteplek, Saxenhausen.[76]

Daar is vandag nog in die Kuilsriviergebied asook in Bottelary en Durbanville, tonnels en skagte te sien waar daar in die laaste dekade van die vorige eeu tin ontgin is. Die neer= slae was egter nie baie ryk nie.[77]

Hierdie nadere kennismaking met die ou plase en plaaseienaars

32 / in

76 Hy is in 1664 in Saxenhausen gebore en het in 1715 vry= burger geword.

77 Bylae tot Die Burger, 26 Julie 1976, p. 5.

University of Cape Town

in die drie hoofstreke waarin ons die Durbanville-gebied verdeel, behoort lig te werp op die toekomstige ontwikkelings in dié gebied deur hierdie baanbrekers en hul nasate. Lawrence Green skryf : "When all the origins of Durbanville have been obscured by sky-signs, I shall know where to seek the past centuries. They will survive on some of the farms."[78] Hy haal 'n argitek aan wat sê die Kaapse buitedistrikte beskik oor meer praghuise as enige ander gebied van dieselfde grootte ter wêreld. Die tradisies is oud en ryk en woorde wat in plaasname weerspiël word soos kloof, poort, hoek, spruit,

i

Die Kuile vandag

University of Cape Town

78 L G Green : In the land of the afternoon, p. 20.

ii

De Kuilen-plaashuis

iii

Saxenburg

University of Cape Town

vlakte, drif, kraal, ruggens en krans is woorde wat met pre=siesheid in ander tale vertaal kan word nie. Dit het uit eie bodem gegroei en is in daardie sin uniek. Hierdie landelike gebied waar die teenwoordigheid van tradisie sub=tiel aangevoel kan word, is die geestelike tuiste van die plattelandse Afrikaner.

Voordat ons die landbou en veeteelt in die Durbanville-gebied van nader beskou, is daar kleinere aangeleenthede wat nie in bogenoemde twee kategorieë ingedeel kan word nie, maar wat tog vermelding verdien. Ons moet ook wat betref die periode wat beskryf word, verplaas word vanaf die tydperk van kolo=nisasie en die stigting van nuwe plase in die gebied in die 17de en 18de eeue, na die veranderende omstandighede van die 19de eeu. Baie van die ou Boere-families het nou al geslagte lank in die distrik op familieplase geboer, baie ou plase het in die hande van vreemdes oorgegaan en die verkryging van eie kommoditeite op die jong dorpie, Pampoenkraal, het wat alledaagse behoeftes betref, geleidelik van Kaapstad na Pampoenkraal verskuif. Landbou-ontwikkeling het egter 'n prioriteit gebly en nieteenstaande veelvuldige probleme, was die Durbanville-gebied as 'n toonaangewende landbougebied bekend.

Die dorpie Durbanville[79] was deel van die ou Kaapsch District, ook bekend as die Cape Division.[80]

Die grense van die Kaapse Distrik het baie verbreed met die

35 / toevoeging

79 Die naamsverandering word meer breedvoerig bespreek op pp. 62-66 van hierdie verhandeling.

80 As sulks is baie inligting wat spesifiek op Durbanville van toepassing was, in die bronne onder die hoofopskrif, Kaapsch Distrik, behandel en sulke veralgemeende inligting is uit die aard van die saak van minder waarde.

University of Cape Town

toevoeging van Simonstad en vier groot dele van die Worcester-afdeling, bekend as die Piketbergen. Die noordelike grens van hierdie vergrote Kaapse Distrik het gestrek tot by Ver=loren Valley tussen Piketberg en Clanwilliam. In 1838 egter is hierdie vergrote Kaapse Distrik verdeel in drie distrikte naamlik die Kaapse Distrik, die Wynberg Distrik en die Mal=mesbury Distrik. Laasgenoemde is tevore die Zwartland genoem. In die Skedules van 1843 is D'urban se uitgawes nie afsonder=lik aangegee saam met die ander dorpe s'n in die westelike distrikte nie, maar dis nog steeds onder die gesamentlike hoof, Cape Division, aangegee.[81] Die Divisional Council Act no. 5 van 1855 maak duidelik wat in hierdie jaar onder die term Kaapse Distrik verstaan is. Die distrik is in ses veldkornetskappe verdeel wat elk weer sy eie onderafdelings het. Hier is Durbanville in 'n duidelike kategorie geplaas.[82]

Die ontwikkeling van hierdie dorpie is gerugsteun deur die boeregemeenskap aan wie dit sy ontstaan te danke gehad het. 'n Beeld van die tipiese Durbanville-boereplaas word verkry in 'n verteenwoordigende advertensie wat so bewoord is :
Openbare verkoping te Koeberg van oorlede P Marais, die plaas Klipvallei, 735 morg en 81 vk roede. Plaashuis, plankvloere, stalle, smitswinkel, graansuier, wamakerswinkel. Volop water; goeie weiding.[83]
Ons sien dat so 'n boereplaas in 'n groot mate 'n selfversorgende

36 / ekonomiese

81 Cape Town Gazette, no. 1957, 23 Junie 1843. Skedules no. I a, II c, III e, IV en V.

82 The Cape Monitor, 11 Julie 1855 no. 352.
No. 1 Papendorp, Liesbeekrivier, Rondebosch, Nuweland;
2 Wynberg, Constantia, Dieprivier, Kaapse Duineveld no. I;
3 Elsiesbaai, Klein Tuin;
4 Simonstad, Wildschutsbrand;
5 Rietvlei en Palen, XI Mylsteen, B Duminy se streek, Duineveld no. II, Kuilsrivier;
6 Koeberg no. I, Koeberg no. II, D'urban, Blouberg.

83 Cape Town Gazette, no. 2093, 29 Januarie 1846.

University of Cape Town

ekonomiese eenheid was. Vanweë groot afstande van, en gebrek aan sekere dienste, moes die boer self inspring om in sy smitswinkel en wamakerswinkel gereedskap en voertuie te herstel. Die belangrikheid van water en goeie weiding was die belangrike spil waarom die boerdery gedraai en waar=aan 'n boer se welvarendheid gemeet kon word.

Die owerhede het die belangrikheid van genoeg en behoorlike damme, veral by uitspanplekke, terdeë besef en die toestand is van owerheidsweë sorgvuldig dopgehou. In 1829 het hul tenders aangevra om die damme by rusplekke tussen Groot Drakestein en Kuilsrivier skoon te maak.[84] In 1840 is van owerheidsweë bekend gemaak dat dit £93 sou kos om verskeie damme by uitspanplekke te herstel.[85] Daar is ook in 1840 bekend gemaak dat 'n fontein te D'urban opgerig is teen 'n koste van £30. Die Koloniale Regering het verantwoordelik=heid vir die uitgawes aanvaar en die werk waarmee in September 1840 begin is, is spoedig voltooi. In 1857 het Thomas Bain aanbeveel dat 'n uitspanplek by Vlak Fontein, halfpad tussen D'urban en Malmesbury, aangelê word aangesien daar genoeg water en weiding te bekom was.[86] Mnr Lister, Sekretaris van die Kaapse Afdelingsraad, het in Maart 1861 in 'n verslag gesê dat die raad vanweë die droë weer, verplig was om meer aandag aan damme en paaie te gee. Die Potsdam tussen Duiker-Vlei en Vissers Hoek op die Malmesbury-pad is skoongemaak.[87]

37 / Die

University of Cape Town

84 Cape Town Gazette, no. 1220, 12 Junie 1829. Die damme was geleë te De Zandhoogte, Kraay Fontein, Middeldam, Groot Valley en Kuils Rivier.

85 Cape Blue Book, 1840. Return of all Public Works, pp. 72, 73. Hierdie projek is in 1842 voltooi.

86 Cape of Good Hope Annexures to the votes and proceedings of the houses of parliament, 1857, pp. 38, 39.

87 C O 8433, 4 Februarie 1820; 8 Februarie 1820.

Die Palen-dam[88] op dieselfde pad is gedreineer en die water na 'n tydelike dam gelei terwyl eersgenoemde skoongemaak is. Dit was 'n groot taak aangesien dit veertien jaar tevore laas gedoen is. Die dam by 11 Mylbaken, beter bekend as Harde Kraaltjie[89] en ook die dam by D'urban sou in die nabye toe=koms skoongemaak moes word. Dit sou 'n groot bate vir die vee wees, want dit was 'n strategiesgeleë halte vir reisigers na en van Kaapstad. Op versoek van Durbanville se inwoners is daar besluit om die watervoorraad en die toevloei daarvan na die dorp se uitspanplek te verbeter. £100 is deur die Koloniale Regering vir hierdie doel bewillig.[90]

Om 'n besef te kry van die waarde wat geld toentertyd gehad het, kan die volgende ter verduideliking genoem word. Vol=gens 'n ordonnansie wat in 1825 uitgevaardig is, is die be=staande geldeenheid, die Riksdaalder, wat tot dusver die geldeenheid was, met Britse silwergeld vervang. Elke riks=daalder sou een sjieling en ses pennies werd wees.[91] In 1848 is 'n stuk grond van 58 morg in die Tygerberg, - dit word aangegee as die stuk grond tussen menere Steytler en Neethling se eiendomme - teen twee sjielings per akker te koop aangebied.[92] Gedurende daardie selfde tyd is grond

38 / te

University of Cape Town

88 Hierdie Palen-dam word in verband gebring met die tra=disionele volksliedjie, "Pale toe," maar die historiese korrektheid hiervan is nog nie bo alle twyfel bewys nie.

89 Hierdie uitspanplek is een van die min uitspanplekke wat vandag nog vir dieselfde doel gebruik word. Dis nog steeds 'n gewilde oorstaanplek vir binnelanders wat die Kaap besoek en daar word nog vleisgebraai, boeremusiek gemaak en jukskei gespeel.

90 The Cape Monitor, 21 Maart 1861 (Verslag van die Afde=lingsraadsekretaris.)

91 Statute Law of the Cape of Good Hope 1652-1853, p. 81.

92 Cape Town Gazette, no. 2024, 4 Oktober 1844.

te Wynberg teen £3 per akker te koop aangebied. Die Tyger=berggrond se waarde het egter geleidelik gestyg en in 1847 is twee morg 284 roede by Hardekraaltjie teen £1 per akker te koop aangebied.[93]

Op die Durbanville-plase is 'n groot mate van slawe-arbeid gebruik gemaak. Slaweveilings is van tyd tot tyd gehou[94] en advertensies in sake wegloopslawe het dikwels in die koe=rante verskyn.[95] Aangesien 'n slaaf 'n duur kommoditeit was,[96] is groot belonings aangebied vir inligting wat sou lei tot die opsporing van so 'n persoon.

Dis insiggewend om te sien vir watter dienste die slawe ge=bruik is en dit verskaf ook 'n intiemer kykie in die algemene plaasbedrywighede van die boereplase van daardie tyd. 'n Engelse boer wat na Engeland wou terugkeer en sy eiendom aan die Kaap van die hand wou sit, het sy slawe as volg vir 'n verkoping op mnr Cobus van Nieukerk se plaas te Koe=berg op Woensdag, 10 Mei 1820, geadverteer :
Damas, native of the Cape, a Waggon Driver, and an excellent herdsman. Goliah, of Mozambique, a gardener, understands thatching, a capital mower, general Farming and house ser=vant. Charles, of Mozambique, not to be surpassed as a ge=neral farmer's servant in this colony, complete master of the whole of mr Duckitt's instruments, a capital mower, reaper, rick-maker, thatcher and a good gardener. Canjato, of Mozam=bique, blacksmith, capable of completing single, double, three and four furrowed ploughs.[97]

39 / Ons

---

93 Cape Town Gazette, no. 2166, 3 Junie 1847. Die grond word beskryf as "grond by die uitspanplek, Hardekraaltjie. Van=af Hardepad noord van Kaapstad na die Eerste rivier. Oos begrens deur die Uitspan, suid deur Van Reenen se grond en wes deur Kroongrond."

94 Kaapstads Courant en Africaansche Berigter, no. 13 van 1804.

95 Cape Town Gazette, no. 590, 3 Mei 1817.

96 A F Hattersley : An illustrated social history of South Africa, p. 95.

97 Cape Town Gazette, no. 1219, 6 Junie 1820.

University of Cape Town

Ons kan uit bogenoemde aflei dat slawe-arbeid vir baie boere onontbeerlik was, veral gesien in die lig van die wye ver= skeidenheid noodsaaklikheidsdienste wat deur hul verskaf is. So was die Hottentotarbeider na die vrystelling van die slawe, iemand waarsonder die boer nie kon klaarkom nie. Hoewel die werkgehalte van die gemiddelde Hottentotarbeider deur die boere as van 'n swakker gehalte as diè van die slaaf beskou is, kom 'n mens diep onder die indruk van die inter-afhanklikheid van Boer en Hottentot. Hierdie inter-afhank= likheid het vergroot met die ontstamming van die Hottentotte.[98] Die aard van die boerdery in die Durbanville-gebied naamlik met vee en gewasse, beklemtoon die noodsaaklikheid van plaas= arbeiders. So 'n tipe boerdery kan slegs suksesvol bedryf word deur die versigtige beplanning deur die boer en doel= treffende uitvoering daarvan deur hom en sy arbeiders.

40 /

98 Sien kaart p. 41

University of Cape Town

D Kaart om die verspreiding van Hottentotstamme omstreeks 1740 aan te dui.
(Kolbe, p. : Description Du Cap, Deel II, 1741.)

HOOFSTUK II : DURBANVILLE AS LANDBOU- VEETEELT- EN VEEVEILINGSENTRUM

Hoewel die Durbanville-gebied eintlik bekendheid verwerf het as die graanskuur van die kolonie, is skouspelagtige vordering gemaak op die gebied van veeteelt en in besonder wat betref skaapboerdery. Die nomadiese Hottentotstamme het reeds voor die koms van die eerste Europeërs, oor groot gebiede rondgetrek om hul grootste en belangrikste besitting, hul vee, van nuwe weivelde en vars water te voorsien. Hierdie vee van die Hottentotte is aanvanklik deur die Kompanjie as van minderwaardige gehalte beskou, maar dit was uit die staanspoor 'n uiters belangrike ruilartikel vir die mense van die verversingstasie wat verbygaande skepe van vars produkte en vleis moes voorsien. Ons weet dat veeposte soos Vissershok en Kuilsrivier so vroeg soos 1680 reeds as weiveld vir kompanjieskape gebruik is. Skape wat in die binneland bekom is deur ruilhandel met die Hottentotte, kon by Kuilsrivier wei onder beskerming van 'n korporaal en verskeie soldate. Faisantekraal of Fisantekraal was reeds in 1711 'n belangrike veepos waar W A van der Stel baie skape aangehou het.[1] In 1726 berig 'n skrywer ook dat "die Tygerberge, Bommelshoek aan die Dieprivier tussen Vissershok en Rietvlei, en De Boerenboom (Houtbaai), besonder geskik is vir ooie.[2]

Skaapboerdery het sedert hierdie jare teen 'n rustige tempo uitgebrei en die skaap was 'n gesogte artikel vir vleis, wol en vir die ruilhandel. Dit was egter eers sedert die jare

42 / 1840

1 F Valentijn : Beschrijvinge van de Kaap de Goede Hoope, p. 203.

2 F Valentijn : Beschrijvinge van de Kaap de Goede Hoope, p. 247.

1840 en daarna dat skaapboerdery intens onder die soeklig gekom het en hierdie vertakking van die veeteeltbedryf van krag tot krag oorgegaan het. Woluitvoer het op 'n redelik beperkte skaal plaasgevind, hoewel daar alle tekens was dat Kaapse wol wat gehalte betref, besig was om sy stigma van minderwaardigheid af te skud. 'n Koerant berig in 1841 : "De Drie-maandelyksche verkoopingen zyn pas afgeloopen en het is gebleken dat Kaapsche Wol byna gelyk staat met Australische Wol."[3] Aangesien Australiese wol op daardie stadium sowel as wat kwaliteit en gehalte betref het die wêreldmark oor= heers het, was die vergelyking van Kaapse met Australiese wol voorwaar 'n vleiende een. Een makelaar was van mening dat Kaapse wol mettertyd veel meer hoedanighede sou aanneem van Duitse wol, selfs meer as dié van Nu-Suid-Wallis.[4]

Pogings is op hierdie stadium aangewend om die gehalte van die Kaapse wolskaap deur middel van kruisteling sodanig te verbeter, dat dit gunstig op die oorsese wolmarkte kan mee= ding. Die Durbanville-boere het gou die potensiaal van skaap= boerdery besef en die Durbanville- Koeberggebied het spoedig bekendheid verwerf as die vleisskuur van Kaapstad. Sowel wol- en slagskape van 'n besonder hoë gehalte is in hierdie gebied geteel en daar is meegedoen aan nuwe eksperimente om die kudde verder uit te bou. In 1841 het M Thalwitzer bekend gemaak dat hy met genoegdoening skaapboere se aandag daarop vestig dat hy in die loop van Oktober 'n skeepslading van die allerbeste oorsese ramme en ooie met die Hamburgse skip, die Elizabeth, onder kapteinskap van T H Jansen, in die Tafel= baai-hawe verwag.[5] Op 9 Desember 1843 het Thalwitzer nog 78 uitsoekramme en 60 ooie op die parade te koop aangebied.[6]

43 / Op

3 De Ware Afrikaan, 28 September 1841.
4 De Ware Afrikaan, 28 September 1841.
5 De Ware Afrikaan, 5 Oktober 1841.
6 Sam Sly's African Journal, 7 Desember 1843.

University of Cape Town

Op dieselfde dag het die broers J P, J F en D G Deneys ook 174 ingevoerde skape op die Parade te koop aangebied. Hier= die pogings om deur middel van nuwe bloed die plaaslike skaap= ras te verbeter, het beslis vrugte afgewerp en 'n Kaapse koe= rant kon in 1845 met trots die volgende aankondiging doen : "Large sums of money have been embarked in improving the breed of sheep; the quantity exported during the year ending 5 July 1844, amounts to 2,151,768 pounds valued at £108,366.[7] Dit was 'n florerende tydperk vir die Durbanville-boere en die Durbanville-gebied het nou bekend gestaan as 'n skaapgebied by uitstek. Weens die feit dat die gebied na aan die Kaapse hawe was, het die Durbanville-boere 'n groot voorsprong bo skaapboere in die binneland gehad. 'n Koerantre= dakteur het 'n groot landboukundige waarheid kwytgeraak toe hy skryf : "In this colony every man succeeds who follows nature, that is, who cultivate what is suitable to the soil, climate and situation of his lands."[8] Hy wys verder daarop dat die kweek van keurwol tien jaar tevore slegs beskou is as 'n be= lowende vertakking van 'n gewone plaaslike produk. Ter illu= strasie gee hy dan die uitvoersyfers van wol na Engeland vir 1844 wat toe 2,233,946 pond ter waarde van £113,508 beloop het.[9] Slegs twee jaar later was die uitvoersyfers reeds 3,201,365 pond ter waarde van £174,062-15-0.[10] Die boere wat besef het watter geldelike voordeel hierdie bloeiende bedryf vir hul ingehou het, het groot besendings wol per wa na Kaapstad gebring. Kaapse wol het in 'n betreklike kort tydperk 'n oorheersende faktor in die gedagtes van boer en handelaar geword.[11]

44 / 1859

---

7 Sam Sly's African Journal, 13 Maart 1845.

8 Sam Sly's African Journal, 20 Maart 1845.

9 Sam Sly's African Journal, 20 Maart 1845.

10 Cape of Good Hope Almanac, 1847 (geen bladsynommer aan= gedui).

11 Cape Town Mirror, no. 14, 5 Desember 1848, p. 109.

University of Cape Town

1859 het 'n skaarsste aan skaapvleis meegebring en daar is gekla dat slagskape se prys verhoog is tot "12 dollar en 'n pond elk", sonder hoop op verlaging van pryse - en dit in die Durbanville-gebied waarvandaan die Kaapse mark voorsien is van biefstuk en skaapvleis in die droë somermaande.[12] Die rede vir bogenoemde tekort kan toegeskryf word aan die feit dat boere vanweë die goeie wolpryse, dit voordeliger ge= vind het om hul meer toe te spits op wol- as op vleisskape.

Die Bradford Wool Supply Association in Engeland het aanbe= veel dat die boere in die Kaap ander soorte skaaprasse teel as die gewilde merino. Hul het voorts verklaar dat die Kaapse boere so wolbewus geword het dat skaapvleis teen 6 pennies per pond feitlik buite die kwessie was. Daar is voorgestel dat die Kaapse merino met die Engelse Leicester-skaap ge= kruis word om sodoende 'n produk te skep wat beide vir wol as vleis aangehou kon word.[13]

Die ware impakt van skaapboerdery op die boere van die Dur= banville-omgewing in besonder, word eers ten volle besef as die vendusiekennisgewings in hierdie gebied nagegaan word. Inligting in sake die toestand, gehalte, tipe en hoeveelheid van die skape te koop aangebied, illustreer die groot afme= tings wat hierdie bedryf rondom hierdie groeiende dorpie aan= geneem het. Ons kry ook hier die verskynsel van sekere plase wat as vaste vendusieplekke bekend begin staan[14] asook van sekere afslaers wat as gevolg van hul deelname aan 'n tipiese boere-instelling soos 'n veeveiling, ook hul stempel afgedruk het op die geskiedenis van hierdie besondere gebied. Onder die gewildste veeveilingsentra was plekke soos Pampoenkraal,

45 / Joostenberg

12 The Cape of Good Hope Journal of Commerce, 29 Januarie 1859.
13 The Cape and Natal News, 28 Januarie 1862.
14 Sien Bylaes II-XII, pp. 170-187.

University of Cape Town

Joostenberg, Stikland, Tygerberg, Koeberg, Mosselbanksrivier en Vissershok.[15] Onder hierdie veeveilingsentrums het Pam=poenkraal geleidelik in gewildheid begin toeneem en die ander oortref.[16]

Veeveilings het 'n bekende en gewilde instelling geword en hoewel dit 'n boerdery-aangeleentheid was, moet die sosiale waarde daarvan nie onderskat word nie. Dis trouens aan so 'n saamtrek van veeboere op 'n sentrale plek, dat die dorpie Pampoene Kraal sy ontstaan te danke gehad het.

Beeste, osse en perde was ook in groot aanvraag op veilings en 'n kenmerk van die D'urbanville-omgewing se veeveilings was die groot aantal vee wat van die binneland afkomstig was en plaaslik te koop aangebied is. In 'n vergelykende studie in 1838 in sake vleis- en produktepryse tussen Kaapstad, die Kaapse distrik, Stellenbosch, Worcester en Clanwilliam, kan gesien word hoe gunstig die Kaapse distrik, waarvan die Dur=banville-gebied 'n belangrike onderafdeling was, met die ander distrikte vergelyk.[17] Graaf-Reinette[18], die Zuurveld[19], die Sneeuberge, die Nuweveld[20], en Beufort kan in hierdie sin as binnelandse voedingsbronne van die Durbanville-gebied se veeveilings beskou word. Baie slagvee wat spesiaal vet gevoer is, is deur middel van advertensies onder die aandag van slagters gebring wat dit goed kon benut, aangesien vleis=verbruik aan die Kaap toegeneem het met die groeiende bevol=king. Behalwe die natuurlike binnelandse aanvraag, het Mauritius en St. Helena ook Kaapse bief aangevra. In 1844

46 / is

15 Sien kaart p. 129.
16 Sien Bylae pp. 170-187.
17 Cape Blue Book, 1838. Agriculture, pp. 246, 247.
18 Cape Town Gazette, no. 1212, 12 Junie 1829.
19 Cape Town Gazette, no. 1277, 2 Julie 1830.
20 Cape Town Gazette, no. 2270, 31 Mei 1849.

University of Cape Town

is daar 50,000 lb bief aan Mauritius en 69,000 lb aan St Helena verskaf op 'n basis van private tenders wat 'n prys moes aangee waarvoor hul dit per 100 lb kon doen. Dis te verstane dat volgehoue oorsese aanvraag die vleismark en dus ook vee=veilings moes stimuleer en die mark vir aankope en verkope van veral beesvleis, was lewendig.[21]

Vir vervoer was die boer nog hoofsaaklik op perde en osse aangewese en trekdiere wat spesiaal vir hierdie doel afgerig is, is in groot getalle by veeveilings van die hand gesit. Groot hoeveelhede van hierdie trekdiere is uit die binneland na die veilings gebring. Ry-, trek- en koetsperde was gesogte artikels en spesiale aandag is gegee aan die verbetering van die stoet deur vermenging met nuwe rasse.[22] Opreggeteelde hingste is onderling deur die boere tot mekaar se beskikking gestel en die algemene standaard van perdeboerdery het baie daarby gebaat.[23] In 1846 toe perdesiekte 'n ernstige bedrei=ging in die Kaap was, het die bekende dr Biccard van Durban=ville, 'n leidende rol in die bekamping van hierdie siekte gespeel.[24]

Dit het dikwels gebeur dat vee wegloop en om die boere van hulp te wees, is 'n doeltreffende skutstelsel op die been ge=bring. Wegloopvee kon na so 'n skut geneem word waar die eie=naar dit kon terugkry teen vergoeding. Gewoonlik is 'n klein

47 / beloning

21 Sien Bylae pp. 171-187.

22 Kaapstads Courant en Africaansche Berigter, no. 14, 23 Januarie 1802; Die Byvoegsel tot die Cape Town Gazette, no. 514, 18 November 1815; Cape Town Gazette, no. 993, 22 Januarie 1825.

23 Cape Town Gazette, no. 608, 6 September 1817. As voor=beeld kan ons Jacob van Reenen noem wat sy volbloedhings, Cherry Bounds van Drooge Valley, merries laat dek het teen 100 riksdaalders vir die eerste jaar. Vul die merrie nie, is 'n verdere 50 riksdaalders vir die tweede jaar gevra.

24 The Cape Monitor, no. 464, 6 Augustus 1856.

University of Cape Town

beloning ook betaal aan die persoon wat die vee gevind het.[25] Skutmeesters het weer op hul beurt geadverteer wanneer daar diere in die skut was waarvan die eienaars nie opgedaag het nie.[26] Die skut kon ook dien as afskrikmiddel vir mense wat hul vee op ongeoorloofde weivelde laat wei. So kla H O Eksteen byvoorbeeld in 1823 dat hy ingelig is dat baie inwoners in die omgewing van Zoetefontein (gewoonweg Pampoenekraal genoem) in die Zwartland, hul vee toelaat om op genoemde plek te wei. Hy gee hul kennis dat vee van oortreders in die toekoms skut toe gestuur sal word.[27] Skutmeesters het die reg gehad om van tyd tot tyd verkopings te hou van diere wat nie opgeëis is nie. Hul was egter onderhewig aan die reëlings van die Siviele Kommissaris, P B Borcherds. Verkooptye van vee by verskillende skutte mag byvoorbeeld nie saamgeval het nie en die reëlings was gemik op die onderlinge beskerming van die verkope. D'urban en omgewing was 'n florerende en baie be=langrike vee- en veeveilingsentrum en kon nie sonder die dienste van bekwame skutmeesters klaarkom nie. Daar was gelukkig gereeld gewillige persone wat in hierdie belangrike diens kon voorsien.[28]

Die omgewing was benewens sy groot hoeveelhede plaasdiere,

48 / ook

---

25 Cape Town Gazette, no. 591, 10 Mei 1817. Jacob van Reenen sê in 'n advertensie dat hy ses jong bulletjies verloor het in Nuwe Kloof, Tulbach. Hy beloof 'n beloning aan enigiemand wat hul na sy plaas, Drooge Valley in die Koeberg of na een van die skutte bring.

26 Die Byvoegsel tot die Cape Town Gazette, no. 707, 31 Julie 1819. Veldkornet J J Uys adverteer byvoorbeeld in sake 'n hings in sy skut te Tygerberg. Aansoek daarvoor moet by die Landdros, Kaap Distrik, gedoen word. Cape Town Gazette, no. 2269, 24 Mei 1849; no. 3038, 20 Mei 1859.

27 Cape Town Gazette, no. 608, 6 September 1817.

28 Cape Town Gazette, no. 2440, 26 Augustus 1852, P J Scha=bort te D'urban ;

no. 2476,	14 April 1853,	D Neser te Koeberg;
no. 2486,	16 Junie 1853,	B Duminy te Tygerberg;
no. 2671,	7 Desember 1855,	W Jessup te D'urban;
no. 3038,	20 Mei 1859,	M Dryer te D'urban.

ook bekend vir die groot verskeidenheid wildediere. Dit was 'n ware jagtersparadys en die boere het baie probleme ondervind wat onwettige jagtery op hul eiendomme betref. Hul was soms genoodsaak om deur middel van advertensies sulke voornemende jagters te waarsku dat hul oortree. So waarsku A F Gous almal wat onwettig op sy plase Langrug en Driefonteine in die Koeberg jag en sê dat "zullende dezulke zich daardoor aan onaangename gevolgen blootstellen."[29] So ook moes die eienaars van die plase Rondebossieberg,[30] Lange=berg, Fisantekraal, Lichtenberg en Diemersdal onwettige jag=ters waarsku om nie hul oortredings te herhaal nie.[31] Van owerheidsweë is probeer om die onnodige uitroei van wild te bekamp deur 'n 20-untplan in die omvattende Game Law van 1822.[32] Dit lyk asof daar genoegsame openbare belangstelling vir wild bestaan het, te oordeel aan die feit dat sekere species in die binneland gevang en in Durbanville op openbare veilings te koop aangebied is. C H Olivier van Graaf-Reinet het in Mei 1833 die volgende grootwild te Pampoenekraal te koop aan=gebied. Sy advertensie lui soos volg : "Ten zelfden dage zal mede een Kameelpaard te zien zyn, voorts ook nog Zebras, Blesbokken, Wilde Beesten en Gnous (waaronder een die sneeuwit is), Springbokken en Hartebeesten ....."[33] Nog 'n interessante eksperiment is uitgevoer met vier lamas (Akapas) wat mnr R Hidding teen 'n koste van £150 uit Londen na Suid-Afrika gebring het. Hierdie seldsame diere is aangehou op die Koe=bergplaas van sy broer, dr Hidding. Die doel was om die lama met die Kaapse bok te kruis, maar hierdie pogings was nie suksesvol nie. Die lamas het kort daarna 'n klomp plaashonde

49 / ten

29 Cape Town Gazette, no. 624, 27 Desember 1817.

30 Cape Town Gazette, no. 881, 30 November 1821.

31 Cape Town Gazette, no. 890, 1 Februarie 1823.

32 Statute Law of the Cape of Good Hope 1652-1853, pp. 57-63. Hierdie proklamasie deur lord Charles Somerset het bestaan=de regulasies ten opsigte van wildbeskerming as onvoldoende beskou en deur aanvulling en vervanging is 'n nuwe en meer omvattende wet op die wetboek geplaas.

33 Cape Town Gazette, no. 1428, 17 Mei 1833.

University of Cape Town

ten prooi geval en is uitgewis.[34]

Net soos die teenwoordigheid van genoeg vars water 'n beslis=sende faktor by veeboerdery was, het dit ook die oorheersende rol gespeel in die verbouing van gewasse. Waar leiwater be=skikbaar was, kon wingerd, vrugte en groete verbou word, maar waar die boer op reënwater aangewese was, is daar met koring geboer. Koringboerdery het inderdaad so 'n lewende bedryf in hierdie distrik geword, dat die Durbanville-omgewing spoedig as die koringskuur van die kolonie bekend gestaan het.[35] Hoewel die grond baie geskik was vir graangewasse, is dit ook baie gou uitgeput. A J Louw het in 1827 verklaar dat klei=grond drie- en sandgrond twee opeenvolgende oeste kon lewer. Daarna moes dit ag jaar lank braak lê voordat 'n winsgewende koringoes op dieselfde grond gewen kon word. In 'n opgawe van benodigdhede, uitgawes en inkomste het Louw 'n uiteensetting gegee van wat koringboerdery in die Koeberg alles behels het. Nieteenstaande die algemene welvarendheid van die boerege=meenskap in hierdie besondere gebied, het hy ook sy kwota aan insolvensies gehad.[36] Die Koebergplase was by uitstek geskik vir koringboerdery en hierdie gebied word vandag nog saam met die Malmesbury-Moorreesburg-gebied as die beste koringstreek in die land beskou.

Van owerheidsweë is die koringbedryf vroeg reeds simpatiek

50 / behandel

34 Cape Monthly Magazine, 1871 p. 60.

35 Theal (ed.) : Records of the Cape Colony, XXXIV, pp. 306, 314-315, 315, 319-320

36 Byvoegsel tot die Cape Town Gazette, no. 1501, 3 Oktober 1834. Die eienaar van Olifantsfontein, insolvent;
Byvoegsel tot die Cape Town Gazette, no. 1531, 24 April 1835. N E Mostert van die Koeberg, insolvent;
Cape Town Gazette, no. 1854, 29 April 1836. N E Mostert van die Koeberg, insolvent; no. 1588, 27 Mei 1836. J J C Mostert van die Koeberg;
Het Kaapsche Grensblad, 24 Maart 1840. A Reis van Ronde=bosjes Heuvel, insolvent;
Cape Town Gazette, no. 1946, 7 April 1843. H S van Sittert van die Koeberg, insolvent;
Cape Town Gazette, no. 2013, 19 Julie 1844. P H W Neethling van Middelburg, insolvent.

behandel. Deur proklamasies wat op 4 Desember 1800 en 13 Februarie 1801 van krag geword het, is daar gepoog om die "landbouwer alle mogelyke aanmoediging te verleenen omme eene grootere quantiteit Koorn als gewoonlyk te cultiveeren." Die regering het verder plegtig verseker dat die heersende prys van 43 Riksdaalders per vrag (10 mud), minstens konstant sou bly en nie verminder sou word voor die maand Mei 1802 nie.[37] Die koring is per wa na die regeringskure vervoer vir opberging. John Hooke Greene en O M Bergh wat in 1802 in beheer van die regering se koringskuur was, het die leweran= siers dringend versoek om 'n briefie met hul volle naam, adres en hoeveelheid koring op die wa, saam met elke wadrywer te stuur om verwarring uit te skakel.[38] Onderlinge skakeling tussen owerheid en graanboer het verder daartoe gelei dat bestaande griewe opgelos en moontlike ander voorkom is.[39] Die Burgersennaat het byvoorbeeld die broodpryse vasgestel in oorleg met die graanboer wie se mening van tyd tot tyd aangehoor is.[40] Hierdie broodpryse was taamlik onderhewig

51 / aan

37 Theal (ed.) : Records of the Cape Colony, pp. 304-315. Uit onderhoude met Koeberg-boere blyk dit dat die pryse wat boere later vir hul koring, hawer, gars en rog verlang het, gevarieer het na gelang van faktore soos arbeid, af= stand van die mark en algemene uitgawes betreffende ver= voersake.

38 Cape Town Gazette, no. 13, 16 Januarie 1802; Theal, (ed.) : Records of the Cape Colony, pp. 305-307, 316, 319, 320. A van Breda, eienaar van drie Koeberg-plase, het getuig dat dit goedkoper vir hom was om sy koring in Nuweland as by die Kaapse mark te verkoop, aangesien hy nie deur die tolhek hoef te gaan nie. Die lang afstande per osse- en perdewaens van die Koeberg na die Kaapse mark asook die verhoogde pryse van trekdiere, was verdere faktore wat die koringbedryf beïnvloed het.

39 Cape Town Gazette, no. 688, 20 Maart 1819. P J Truter, Sekretaris, het aangekondig dat die Burgersennaat op 22 Maart 1819 sou vergader by veldkornet J J Uys se plek te Tygerberg vir konsultasie.

40 Cape Town Gazette, no. 618, 15 November 1817. Volgens P J Truter, Sekretaris van die Burgerraad, is die volgende broodpryse vasgestel : 20 lood wit brood 6 stuiwers; 28 lood bruin brood 2 stuiwers; 9 pond fynmeel 9 stuiwers. (Een ons is gelyk aan twee lood)

University of Cape Town

aan skommelings.[41] In 1828 is belangrike wetgewing in verband met die koringbedryf aangeneem en daarmee is vorige knellende wetgewing herroep[42] en die uitvoer van koring, meel en peulgewasse deur enige persoon vanaf enige hawe van die kolonie, is gewettig. Geen spesiale lisensie sou nodig wees nie en dit sou vry wees van doeanebelasting uitgesonderd 'n bedrag van 6 pennies per mud (180 Hollandse pond) vir koring en 1 sjieling en 6 pennies per vat van 182 Hollandse pond vir meel wat ingevoer word.[43]

Die bloeitydperk van die koringbedryf in die streek hoofsaaklik ten noorde van Durbanville, het in die jare 1850 nuwe stukrag verkry toe die koringbedryf op die drumpel van 'n revolusionêre uitvinding, die snymasjien, gestaan het. Die kwaliteit van die Koebergse koring het reeds gunstige kommentaar uitgelok. Daar is gesê dat, hoewel die Koebergplase nie baie waterryk was nie, dit tog koring van die goeie gehalte voortgebring het.[44] 'n Koerantredakteur het in 1845 gesê dat groot hoeveelhede koring van die beste gehalte in die meeste plattelandse distrikte geproduseer is, veral in die onmiddellike omgewing van Kaapstad,[45] met ander woorde ook die Durbanville-gebied. In 1859 het ene Bosman verklaar dat die koring van die Koeberg van 'n beter kwaliteit was as diè van Caledon wat veel growwer was.[46]

52 / Daar

University of Cape Town

41 Tweede Byvoegsel tot die Cape Town Gazette, no. 633, 27 Februarie 1818. P J Truter, Sekretaris van die Burgerraad, het die volgende pryse aangekondig : 28 lood growwe brood 2 stuiwers; 28 lood Engelse brood 4 stuiwers; 8 lood wit brood 2 stuiwers; 1 pond fyn meel 8 stuiwers.

42 The Colonist, 17 Junie 1828. Die Wet van 20 Maart 1818 en die Proklamasie van 8 Februarie 1822 is herroep.

43 The Colonist, 17 Junie 1828. The Ordinance for regulating the importation and exportation of grain and flour.

44 The Cape of Good Hope Almanac 1845, p. 234.

45 Sam Sly's African Journal, 13 Maart 1845.

46 Cape of Good Hope Annexures to the Votes and Proceedings of the Houses of Parliament, Appendix II, 1859.

Daar was verskeie goeie wind- en watermeule in die omgewing van Kaapstad waar bakkers en ander plaaslikes wat hul eie brood bak, hul koring vir hierdie doel kon laat maal.[47] Hoewel hierdie meule van groot hulp was, moes die kliënt nog= tans groot afstande onder ongemaklike omstandighede aflê. 'n Nuwe soort draagbare koringmeul wat deur ene W Boyes, 'n agent, geadverteer is, kon dus in 'n belangrike behoefte voorsien.[48] In 1858 wou ene Parkins 'n stoommasjien wat vir koringmaal gebruik kon word, aan 'n groot groep boere op Malmesbury gaan tentoonstel tydens 'n landbousaamtrek op hierdie dorp. On= gelukkig het die masjien naby Durbanville in die sand vas= geval en kon nie sy bestemming bereik nie.[49] Hierdie meer moderne weergawe van W Boyes se draagbare koringmeul, het dus bestaan en kon deur voornemende meulenaars aangeskaf word.

In 1849 is aangekondig dat die Amerikaners 'n nuwe masjien in gebruik het wat kon oes, die koring kon uitslaan, die are kon uitwan en die koring in sakke laat loop.[50] Daar is in koerante bespiegel oor die praktiese nut van so 'n dorsmasjien[51] wat soveel arbeidskoste sou uitsny. Die plaaslike boere was belangstellend omdat geskikte arbeid gedurig 'n probleem gebly het.[52] Toe die boot, die Gayhead, in Februarie 1853 met 'n McCormick-dorsmasjien uit Boston, V S A, in Tafelbaai aan= land, is daar voorwaar geskiedenis gemaak.[53] Die firma Broad=

53 / way

University of Cape Town

47 Cape of Good Hope Almanac 1845. (Geen bladsy aangedui).

48 Het Volksblad, 20 Mei 1858.

49 De Ware Afrikaan, 16 Oktober 1858.

50 Cape Town Mirror, Vol. 8, 24 Oktober 1848, p. 63; Vol 19, 9 Januarie 1849, p. 151.

51 The Cape Monitor, no 172, 8 Desember 1852.

52 The Cape Monitor, no. 157, 13 Oktober 1852.

53 Die naam McCormick is vandag nog bekend in sake boerdery= kommoditeite soos trekkers, snymasjiene en stropers.

way en Herman sou hierdie masjiene bemark. Daar was egter nie oral opgewondheid oor die koms van hierdie nuwe masjien nie. Volgens 'n gerug het sendelinge van die sendingstasie, Salom, Kleurlinge aangepor om nie by boere te werk wat sny= masjiene op hulle plase aanhou nie. In die snymasjien het hul 'n potensiële bedreiging en mededinger vir die Kleurling-arbeidsmark gesien.[54] Landbou-verenigings het egter sny- en/ of dorsmasjiene verwelkom en boere is gestimuleer om dit aan te skaf. In Februarie 1857 het die Landbouwgenootschap 'n prys uitgeloof vir die snymasjien wat die beste gevaar het gedurende 'n kompetisie wat gedurende Maart daardie jaar ge= hou is.[55] Dorsmasjiene wat deur middel van perde- of stoom= krag gewerk het, is gereeld geadverteer.[56] 'n Demonstrasie van 'n verskeidenheid nuwe Amerikaanse snymasjiene te Mullers Vley het groot belangstelling verwek. Die firma Mannet en Wood het 'n dorsmasjien wat met vrug in Frankryk en Amerika gebruik is, op die mark geplaas.[57] Mnr Eaton van die be= kende plaas, Droogevley, het 'n dorsmasjien van Ransom en Sims teen £200 gekoop. Hy was baie in sy skik met sy kopie en het dit beskryf as winsgewend, vinnig en beslis die moeite werd.[58]

Daar is nie slegs gekonsentreer op nuwe oes- en dorsmetodes nie, maar hierdie belangstelling het ook uitgekring na ander fasette van die landboubedryf soos byvoorbeeld 'n ploegwed= stryd te Fisantekraal wat deur die Genootschap van Landbouw aangebied is. Verbeterde dienste is aan die boere in hul onderskeie distrikte aangebied deur individue en ander klei=

54 / ner

54 The Cape Monitor, no. 189, 5 Februarie 1853.
55 The Cape Monitor, no. 521, 21 Februarie 1857.
56 Het Volksblad, 31 Desember 1857.
57 Het Volksblad, 2 November 1858.
58 Het Volksblad, 11 November 1862.

University of Cape Town

ner groepe[59] en die Genootschap van Landbouw het 'n gewilde en noodsaaklike spreekbuis van die boer geword. In ver= band met 'n plaaslike ploegwedstryd wat in die Koeberg gehou is, het 'n korrespondent berig dat hy net sulke goeie ploeëry hier as in Skotland gesien het.[60]

Een van Durbanville se bekendste kerklike besoekers, biskop Gray, het Durbanville beskryf as 'n onaantreklike, boomlose dorpie met sanderige grond. Dit was 'n bietjie meer as 'n eeu gelede. Hy was deels verkeerd wat die grond betref, want so vroeg as 1858 reeds is wyn van 'n goeie gehalte by Malmesbury se tentoonstelling aan die publiek bekend gestel.[61] Hoewel daar reeds vroeg van owerheidsweë pogings aangewend

i

Meer-en-Dal, bekende wingerdplaas

55 / is

59 Cape Town Gazette, no 752, 10 Junie 1820. Jeffrey Lister kondig aan hy gaan by mnr B Bredenkamp by Tygerberg woon waar almal wat perde-, wind- en watermeule asook Engelse en Hollandse ploeë benodig, met hom in verbinding kan tree.

60 Cape Monthly Magazine, 1871, p. 236; Hattersley, A F : An illustrated social history of South Africa, pp. 104, 108.

61 De Ware Afrikaan, 16 Oktober 1858.

University of Cape Town

is om die wynbedryf te bestendig,[62] was dit hoofsaaklik van toepassing op Stellenbosch, Paarl, Franschoek en Constantia. In Durbanville het die wynbedryf gedurende die jare 1800-1863 nie dieselfde afmetings aangeneem as byvoorbeeld die wol-, vee- en koringbedryf nie.

Die riet waarmee die sierlike ou Hollandse huise se dakke gedek is, was volop in die Durbanville-gebied. Valentijn berig in 1726 van die groot hoeveelhede dekriet wat in die Buffels- en Rietvaley, noordoos van die Soutrivier en suid= wes van Vissershok groei. Hy meld verder dat so 'n rietdak die eienaar gemiddeld tussen 300 en 350 Riksdaalders kos.[63] Rietdakdekkers was in hierdie tyd reeds in groot aanvraag en 'n slaaf wat hierdie vernuf besit het, was 'n besliste aanwins vir sy eienaar.[64] Dekriet was ook 'n bron van inkomste vir sekere grondbesitters in die Tygerberg[65] en dekriet is soms op vendusies saam met ander plaasprodukte te koop aangebied.[66]

Ons het nou gewys op die landboukundige belang van die Dur= banville-gebied vir die jong Kolonie. Die landbou is in= eengeweef en onlosmaaklik verstrengel met die geskiedenis van die dorpie, aangesien laasgenoemde sy beslag só gekry het. Die ontstaan en ontwikkeling van hierdie dorp, Dur= banville, kan dus gesien word as 'n noodsaaklike uitvloeisel van die ontwikkeling van die omgewing, waarvan hy geleidelik die fokuspunt sou word.

University of Cape Town

56 / HOOFSTUK III

62 Cape Town Gazette, no. 469, 7 Januarie 1815.

63 F Valentijn : Beschrijvinge van de Kaap de Goede Hoope, p. 78.

64 Cape Town Gazette, 6 Mei 1820.

65 Cape Town Gazette, no. 864, 3 Augustus 1821. In 'n ad= vertensie bied J F Thuynsma van die Tygerberg dekriet van Oktober tot April 1823 op gunstige voorwaardes te koop aan.

66 Cape Town Gazette, no. 2602, 13 April 1855.

HOOFSTUK III

ALGEMENE DORPSONTWIKKELING

Die naam Pampoenskraal verskyn reeds so vroeg as 1657 op 'n kaart wat die dorp, Durbanville, van vandag insluit.[1] Deur die jare is die naam op verskillende maniere gespel byvoorbeeld Pampoenenkraal[2], Pampoenekraal[3], Pampoene Kraal[4], Pampoene-kraal[5] en Pampoenskraal. Sedert 1832 blyk die benamings Pampoenkraal, Pampoenskraal en Pampoenekraal die algemeenste in gebruik vir hierdie dorpie te wees. Die laaste twee benamings het geleidelik in onbruik verval ten gunste van Pampoenkraal.

Die jaar 1806 kan as die ontstaansjaar van hierdie dorp gesien word, want in hierdie jaar het ene John Jones begin boer op die plek waar die dorp nou geleë is.[6] Die uitspanning op dieselfde plek het die naam Pampoenkraal aangeneem en teen 1815 was dit algemeen bekend by daardie naam.[7]

Elke dorpie het sy mylpale of bakens wat met sy ontstaan geassosieer word, en in hierdie opsig verskil Durbanville min van die ander Bolandse dorpe. Baie dorpies het ontstaan

57 / rondom

University of Cape Town

1 L G Green : In the land of the afternoon, p. 18; A W Wells : South Africa, pp. 74, 75.

2 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1069, 7 Julie 1826.

3 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1074, 11 Augustus 1826.

4 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1214, 17 April 1829.

6 L G Green : In the land of the afternoon, p. 18.

7 P W Laidler : The growth and government of Cape Town, pp. 74, 75.

rondom ŉ uitspanplek of stoor, langs ŉ drif of aan die voet van ŉ bergpas. Die kerk was gewoonlik die middelpunt. Elke dorpie het mettertyd ŉ karakter van sy eie aangeneem terwyl die mylpale van ontwikkeling gewoonlik ŉ defnitiewe patroon gevolg het. Die eerste erwe is gewoonlik uitgemeet en ver= koop waarna ŉ sentraalgeleë kerk met ŉ plein daarvoor gebou is. Die dorpie het dan om hierdie kerkgebou gegroei en wan= neer die regering dit nodig geag het, is ŉ magistraat aange= stel en ŉ tronk gebou. Nie lank daarna nie het ŉ prokureur, dokter, posmeester en skoolmeester gewoonlik gevolg om die prentjie te voltooi.[8] Nagmaalbywoning was ŉ belangrike saam= bindende geleentheid en ons kry die verskynsel van tuishuise wat op die dorpies gebou is waar daar dan oorgebly kon word by sekere geleenthede. Soms het die ouer mense in die tuis= huise gebly terwyl hul kinders die boerdery waarneem en die skoolgaande kleinkinders in die sorg van hul grootouers op die dorp geplaas is.

Die bekendste gebou in Durbanville is die N G Kerk wat reeds in 1826 opgerig is.[9] In 1829 was daar ook reeds ŉ losieshuis op die dorp wat deur ŉ Engelsman en ŉ swart huishoudster be= stuur is.

Wat die koop en verkoop van erwe en eiendom op Durbanville betref, het die dorp teen ŉ baie rustige tempo gegroei. In April 1823 is ŉ erf met vrugbare tuingrond deur sy eienaar, P J de Wit, te koop aangebied.[10] ŉ Woonhuis met buitegeboue wat geleë was "in the most eligible part of the village Pam- poenekraal," en wat aan mnr D Stofberg behoort het, is ge=

58 / adverteer

8 L G Green : In the land of the afternoon, p. 17.

9 Die geskiedenis van die N.G. Kerk word in Hoofstuk IV van hierdie verhandeling breedvoeriger beskryf.

10 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 901, 19 April 1823.

University of Cape Town

adverteer om privaat verkoop te word teen billike voorwaardes.[11] In Oktober 1836 is 'n aantal erwe op die dorp te koop aangebied onder toesig van ouderling M L Neethling. 'n Stuk grond van 590 vierkant roede, gemerk as nommer 3, en volgens die advertensie geleë in "the rising Village of D'urban"[12], is in 1844 te koop aangebied. Daar kan egter aanvaar word dat die groei van Durbanville beslis nie skouspelagtig was nie en dat die dorpie as moontlike woonplek, nie juis veel openbare belangstelling gaande gemaak het nie. So het die bekende redakteur van Sam Sly's Journal wat onder die opskrif "The Cape of Good Hope and its environments" 'n redelike deeglike omskrywing van Kaapstad en sy omgewing in 1845 gegee het, hom nie verwerdig om die dorpie te noem of te beskryf nie.[13] Een van die oudste geboue, die D'urban Hotel wat in 1853 onder die hamer gekom het, is deur die eienaar, J C Schabordt, geadverteer as 'n huis met ses lugtige en ruim kamers met die nodige geriewe. Daar was 'n stoor aan die hotel en dit was goed geleë vir sake, aangesien dit regoorkant 'n openbare uitspan- en drinkplek geleë was. J G Steytler was die afslaer.[14] Die sentrale ligging van die dorp kom ook ter sprake in 'n advertensie in sake die verhuring van 'n goeie woonhuis met stalle en koetshuise, groot grond en 'n put met goeie water. Die huis is gelisensieer as hotel en goed geleë vir sake. Die nuwe pad na die binneland (Zwartland en Wellington) sal naby die huis verbyloop en die eiendom is aangeprys as 'n goeie rusplek vir reisigers.[15]

Daar kan aanvaar word dat dit in 'n groot mate die ligging

59 / van

11 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1576, 4 Maart 1836.

12 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2007, 7 Junie 1844.

13 Sam Sly's Journal, Deel 2, 8 Mei 1845.

14 The Cape Monitor, no. 249, 5 November 1853.

15 The Cape Monitor, no. 355, 21 Julie 1855.

University of Cape Town

van die Pampoenkraaluitspanning was wat hom sou onderskei van die ander uitspanplekke in die Durbanville-gebied en wat la= ter sou lei tot die ontwikkeling van 'n volwaardige dorp. Die sentrale ligging van Durbanville ten opsigte van die paaie na en van die binnelandse dorpe, word mooi geïllustreer in 'n advertensie wat die bekende W Jessup[16] van Durbanville in 1862 plaas waarin hy sy eiendom op 'n private veiling te koop aanbied : "It is situated at the juncion of the Cape Town, Malmesbury, Wellington and Koeberg roads, and forms the most central block of the rising and progressive village of D'urban, through which an immense traffic will be opened from the producing districts as soon as the 12th Mile Railway commences operations."[17] 'n Vorige advertensie van dieselfde

i

Die ou D'urban Hotel

60 /

University of Cape Town

16 W Jessup was die seun van G Jessup wat in April 1858 sy huis, The Residence, en ander besittings in D'urban ver= koop het omdat hy van plan was om die land te verlaat. Die Jessups het 'n belangrike rol in die verenigingslewe van die dorp gespeel.

17 The Cape Monitor, no. 1848, 25 Maart 1862.

ii

'n Waterkrip by die uitspanning

iii

Die watertoevoer na die uitspanning

University of Cape Town

61 / eiendom

eiendom gee ons 'n kykie op 'n deel van fisiese voorkoms van hierdie dorpie : Groot woonhuis, 130 voet lank, heerlike druiwe, mooi tuine. 'n Goeie hotelbedryf is ag jaar lank hier aan die gang. Langs die huis, by die All Saints Square, is die wynkelders, algemene handelaar, tappery en smitswinkel. Die buitegeboue bestaan uit stalle, 'n koetshuis, bediende=kamers, 'n bakkery met solders vir stoorplek. Daar is vier akkers met sierbome, suiwer fonteinwater en 'n rivier wat deur die jaar loop.[18] 'n Verdere belangrike verkoping van dorpserwe het in Mei 1859 plaasgevind toe dit uit die boedel van wyle P J M Spangenberg verkoop is.[19] Nege erwe wat tevore aan dr F L C Biccard behoort het, het onder die hamer gekom. Die voornemende kopers is attent gemaak op die belangrikheid van die Kaap-, Malmesbury- en Wellingtonpaaie wat in Durbanville kruis en van die goeie sake wat daar gedoen sou kon word, veral in die nabye toekoms.

Die wedersydse belangrikheid van D'urban en Durbanwegstasie (later Bellville) vir mekaar was simbioties. Die florerende boerderydistrik het die ontstaan van 'n stasie by Twaalfmyl (Durbanweg) genoodsaak terwyl laasgenoemde gegroei het van=weë die dienste wat hy as gevolg van sy ligging aan die spoorlyn, aan die algemene publiek kon verskaf. Op 22 Jan=uarie 1862 is 'n groot aantal erwe in die omgewing van Dur=banwegstasie te koop aangebied. Die insitprys het gewissel van £7-10-0 tot £15 per erf.[20] Die erwe het die bedrag

62 / van

18 The Cape Monitor, no. 1814, 7 Januarie 1862.

19 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 3038, 20 Mei 1859.

20 The Cape Monitor, no. 1817, 18 Januarie 1862. Die vol=gende erwe is te koop aangebied :
By die stasie : 466, 482, 501, 502, 521, 543, 544, 465, 467, 467-481, 483-500;
By Tramwaystraat : 502-512;
By Mainstraat : 522-535;
By die goedereloods : 545-558.
Oorblywende erwe : 513-519, 536-542, 559-565, 566-597.

University of Cape Town

van £2,594 behaal. Dieselfde erwe is in 1841 teen vier pennies per erf te koop aangebied, maar geen kopers kon ge= vind word nie.[21] Die Belle Ville Hotel wat in 1862 langs die Durbanwegstasie deur ene mnr Hoffman geopen is, sou een van die belangrikste bakens van hierdie nuwe dorp word.[22]

Voordat die verdere fasette van dorpsontwikkeling in D'urban beskryf word, moet die naamsverandering van Pampoenkraal en die toegeneëntheid van die oorwegend Hollandsprekende be= volking vir Sir Benjamin D'urban, nader toegelig word. Hierdie aanhang wat die goewerneur gehad het, is grootliks toe te skryf aan die feit dat hy onverskrokke die grensboere in die Oostelike Provinsie se saak aan die owerhede in Brit= tanje gestel het, veral met betrekking tot die inboorling= kwessie. Nieteenstaande die verdagmakery van die sendeling, dr John Philip, teen die grensboere, het sir Benjamin D'urban in 'n brief aan lord Glenelg gepleit vir "zijner Majesteits schuldelooze en zwaarbeproefde onderdanen, de grensboeren."[23] Hy het ook na die Voortrekkers verwys as 'n "..... brave, patient, industrious, orderly and religious people, the cul= tivators, the defenders and the tax-contributors of the country."[24] Sir Benjamin het hom dit ten doel gestel om die Afrikaner te leer ken en te verstaan. Geen wonder nie dat die Afrikaners van die Tygerberg en Koeberg dit goed gevind het om die naam van hul dorpie te verander nie ter ere van hierdie gewilde goewerneur.[25] In 'n versoekskrif het hul die

63 / voortreflike

21 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1820, 25 Januarie 1862.

22 The Cape Monitor, no. 1876, 3 Junie 1862.

23 A Dreyer : Kerksouvenir van Durbanville, p. 14.

24 C M Theal : The history of South Africa since 1795, p. 171.

25 Hoewel die naam van Pampoenkraal reeds uit 1657 dateer (Green, L G : In the land of the afternoon, p. 18), blyk dit dat 'n deel van die plaas in 1823 bekend gestaan het as Zoetefontein. So kla H O Eksteen byvoorbeeld in 'n adver= tensie oor mense wat onwettig hul vee in die omgewing van Zoetefontein (gewoonlik Pampoenekraal genoem) in die Zwartland, laat wei. (The Cape of Good Hope Government Gazette no. 921, 6 September 1823).

voortreflike eienskappe van Pampoenkraal vermeld en toestem= ming tot 'n naamsverandering en vernoeming na die goewerneur gevra. Die versoekskrif is op 1 Augustus 1836 deur 49 inwo= ners te Tygerberg onderteken.

In 'n brief aan die Siviele Kommissaris, P B Borcherds, het die goewerneur in die volgende woorde toestemming verleen :

The sentiments of approbation and the affectionate feelings of personal regard therein expressed, have afforded me a deep gratification and I request to offer to you and to them my warmest acknowledgements.

I cannot hesitate to accede to the wish so kindly and so flatteringly conveyed, that my name may be given to the village in which the district Church is built, and it will ever be a source of happiness to me, when I may be made, in any way, the instrument of advancing its prosperity.

B D'Urban.[26]

Gevolglik het die volgende bekendmaking op 2 September 1836 in die Staatskoerant verskyn :

De Ingezetenen van het District Tijgerberg en Koeberg in een adres aan Zijne Excellentie den Gouverneur, gedateerd den 1 dezer, gezonden door den Civiele Commissaris, verzocht heb= bende dat de naam van D'Urban in het vervolg gegeven mocht worden aan het Dorp alwaar dit Districts Kerkgebouw is, te voren genoemd Pampoenekraal, en Zijne Excellentie zijne

64 / sanctie

26 A Dreyer : Kerksouvenir van Durbanville, p. 18.

University of Cape Town

sanctie tot hetzelve gegeven hebbende, zoo zal overeenkom= stig gezegd Dorp in het vervolg de naam dragen van D'Urban.

Dis egter nie maklik om oornag 'n naam af te skud wat reeds meer as tweehonderd jaar in omloop was nie, en die nuwe naam, D'urban, is byvoorbeeld in 1840 vir die eerste keer in 'n gewone advertensie in die Gazette gebruik.[27] Sir Benjamin D'urban wat in 1838 van sy pos onthef is, het nog tot 1846 aan die Kaap bly woon. Toe sy eggenote hom op 23 Augustus 1843 ontval op die ouderdom van drie en sestig jaar, was dit 'n swaar slag.[28] Groot was die hartseer toe sir Benjamin in April 1846 na Kanada vertrek het. In Maart 1846 het die Landbougenootskap van die Kaap van Goeie Hoop 'n banket ter ere van hom gehou en 'n adres is hom aangebied. 'n Koerant= redakteur het as volg oor hom berig toe hy op 16 April 1846 per boot vertrek het : "The Cape could not have spared a better man - if such an one there be."[29] Die Cape of Good Hope Consolator het in November 1846 oor sir Benjamin geskryf en gesê : "Alle tongen spreken voor hem, en zelfs de ouden zijn gebrild om hem te zien ....." Daar is vervolgens gewys op sy gewildheid by sowel die Hollands- as Engelssprekendes en die wens is uitgespreek dat hy weer as goewerneur aan die Kaap aangestel word. In Montreal was hy net so gewild en is hy by sy afsterwe diep betreur.[30] Maar sy hart was beslis hier in Suid-Afrika. In 1850 is 'n versoek uit Montreal in

65 /

27 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1788, 26 Maart 1840.

28 Sam Sly's African Journal, Deel 2, 31 Augustus 1843. Sy het gesterf aan huis van W Musgrave, Harringtonstraat, Kaapstad.
The Cape Monitor, no. 1106, 28 Desember 1861. Sy was be= kend as weldoener aan die armes en het in 1836 'n nywer= heidskool in Wynberg gestig. Op muurplate in hierdie inrigting word haar goeie dade uitgebeeld.

29 Sam Sly's African Journal, 19 Maart 1846.

30 Sam Sly's African Journal, 13 September 1849.

University of Cape Town

Sir Benjamin D'urban, na wie Pampoenkraal in 1836 vernoem is.
(Met erkenning aan die Kaapse Argief).

Kaapstad ontvang waarin om fondse gevra is vir 'n gedenkteken ter ere aan sir Benjamin D'urban. Die versoek het verder gelui : "He often said his greatest desire was to end his days at the Cape and finally rest beside lady D'urban."[31]

Verwarring tussen die naam van die Kaaplandse dorp D'urban en die Durban van Natal het dikwels voorgekom. Dit het daartoe gelei dat die Sinode in 1886 op versoek van die Ring van Kaapstad besluit het om die naam na Durbanville te verander.[32]

Een van die eerste noemenswaardige gevalle waar regspraak in sake 'n aangeleentheid in die Durbanville-gebied ter sprake kom, is die volgende een wat so vroeg as 1685 teruggevoer kan word : Die Heer Van Rheede het in 1685 in sy Instruk=sies die Landdros jurisdiksie gegee oor die hele gebied wat noordwaarts strek tot by Mosselbanksrivier noord van die Tygerberg. In 1712 egter het daar 'n dispuut tussen die Fiskaal en Landdros ontstaan oor hul onderskeie juridiese regte in hierdie gebied. Die Politieke Raad het Fiskaal van Putten se jurisdiksie suid van die Mosselbanksrivier erken, maar besluit dat die Landdros sy reg behou om enige drosters in hierdie gebied aan die man te bring indien hy hul arresteer voordat die Fiskaal dit kon doen.[33]

Durbanville was in die 19de eeu nog steeds 'n deel van die

67 / Kaapse

31 Sam Sly's African Journal, 22 Augustus 1850.

32 A Dreyer : Kerksouvenir van Durbanville, p. 19; The Cape Monitor, no. 906, 8 Augustus 1860. Hierdie koerant het sedert 1860 tussen die twee dorpe onderskei deur na die Natalse Durban te verwys as Port Durban.

33 F Valentijn : Beschrijvinge van de Kaap de Goede Hoope, p. 77.

University of Cape Town

Kaapse Distrik en hofsake is in die Kaap verhoor. Om die magistraat te adviseer, is daar van die juriestelsel gebruik gemaak. Om as jurielid te kwalifiseer moes 'n manlike per= soon vaste eiendom in Kaapstad of die distrik besit ter waarde van £3000 en tussen 21 en 60 jaar oud wees. Die lyste van moontlike kandidate is op die kerk- en hofdeure geplak en die residensiële magistraat van elke distrik moes op 21 Februarie van elke jaar die lyste kontroleer en seker maak dat almal op die lys wel kwalifiseer. Persone wat ver= der as 25 myl van Kaapstad woon, is vrygestel om as jurielid op te tree en die lede is op 'n rotasiebasis gekies.[34] Ver= der het 'n rondgaande regter die distrik bedien. Uit 'n ad= vertensie waarin perde, 'n drywer, touleier, 'n berede gids en 12 osse in juk gevra word om die rondgaande regter na die verskillende dele van die Kaapse Distrik te vervoer, kan gesien word by watter belangrike punte hy aangedoen het in die uitvoering van sy pligte. Die tenders vir sy vervoer is onder andere vir die volgende afstande gevra : Kaapstad na D'urban; Kaapstad na Vissershok; Vissershok na Goede Ontmoeting; Kaapstad na Kuilsrivier;[35] Paardeberg na Leeuwendans; Leeuwendans na D'urban.[36]

Die beweging om 'n eie magistraat vir D'urban te bekom, het stukrag verkry toe A J Louw, regsverteenwoordiger vir Durban=

68 /

34 Statute Law of the Cape of Good Hope 1831, p. 184.

35 Cape of Good Hope Government Gazette no 2168, 17 Junie 1847. P B Borcherds was die Siviele Kommissaris vir hierdie deel van die distrik.

36 Cape of Good Hope Government Gazette no. 2173, 22 Julie 1847. D J van Ryneveld was die Siviele Kommissaris vir hierdie deel van die distrik.

University of Cape Town

i

Die Rust-en Vrede landdroshof. Hier= die geblouekompleks sluit ook die tronk en tronkbewaardershuis in en is op een stadium as skoolgebou gebruik.

ii

University of Cape Town

ville, in 1845 aanbeveel het dat die dorpie 'n vrederegter en 'n tronk kry. Hy het sy dienste vir hierdie werk aangebied. Hy het ook aanbeveel dat 'n konstabel vir die dorp aangestel word en dit is toegestaan.[37] In 1850 is die Rust-en-Vrede landdroshof en tronk opgerig.[38] Ter ondersteuning van A J Louw se argument om 'n eie tronk, het hy 'n opgawe aan die owerhede voorgelê van sake wat daardie jaar hanteer is : 240 siviele en 1 kriminele saak is verhoor; 81 sake is na 'n magistraat verwys; 67 lasbriewe is uitgereik waarvan twee partye op borgtog vrygelaat is.[39] In 1854 is 'n petisie onder leiding van ene Watson waarin om 'n eie magistraat vir Dur= banville gevra is, by die Volksraad ingedien. In hierdie selfde jaar het mnr F J Ziervogel, voorsitter van 'n komitee wat hierdie saak moes ondersoek, in sy "Report of the Com= mittee on Magistrates" aanbeveel dat Durbanville 'n eie ma= gistraat kry.[40] Op 18 Oktober 1856 is W A van der Byl as

70 / vrederegter

37 Cape Blue Book, 20 November 1851. Colonial estimates for 1852, p. 30. In 1851 was die konstabel se salaris reeds £60 per jaar; Cape Blue Book 1855 p. 304. Saunders wat in 1855 die poste van sowel konstabel as onder-pos= meester beklee het, het £60 per jaar plus 'n voertuig asook £10 vir getroue diens gekry : Cape of Good Hope Annexures to the Votes and Proceedings of the Houses of Parliament, G. 20, Mei 1858 : Cape Blue Book, Q 172, 1859, Annexures Deel 2, 1863.

38 The Cape of Good Hope Government Gazette 1852. Colonial Estimates for 1852, p. 39.
Cape of Good Hope Annexures to the Votes and Proceedings of the Houses of Parliament 1858, p. 45.
The Cape of Good Hope Government Gazette no. 3284, 30 Augustus 1861.
Radio en T.V. : 1-8 Februarie 1976 pp. 8-10. Die Stig= ting Simon van der Stel het reeds 'n volledige opname van die dorp se kultuurhistoriese skatte opgestel en 'n be= waringsprogram is in werking gestel om hierdie erfenis vir die nageslag te bewaar.

39 The Cape of Good Hope Government Gazette no. 2050, 4 April 1845. Abstract of all duties performed by the several Justices of Peace for the years 1842, 1843 and 1844 ending 30th of June.

40 Cape of Good Hope Annexures to the Votes and Proceedings of the Houses of Parliament, 1854.

University of Cape Town

vrederegter aangestel. Hy sou sitting hê by periodieke howe wat gehou is by die plekke genoem in Wet no. 20 van 1856 op die eerste en derde Vrydag van elke maand.[41] Vanaf November 1856 tot 31 Desember 1858 is daar in Durbanville 34 siviele en 401 kriminele sake verhoor. Die koste van die konstabel se salaris, die huur van perde, die magistraat se reiskoste, die huur van die perseel en die onderhoud van die tronk het in hierdie tydperk reeds 'n aansienlike bedrag beloop.[42]

Die aard van die misdade in die Durbanville-gebied het ge= wissel van moord, soos byvoorbeeld die opspraakwekkende moord op mnr Walter Birch deur die Hottentot, Jephta[43], tot diefstal[44], dronkenskap[45], aanranding[46] en kontrakbreuk.[47]

71 / Die

41 The Cape Monitor no. 491, 8 November 1856.

42 Cape of Good Hope Annexures to the Votes and Proceedings of the Houses of Parliament 1860. Die koste vir D'urban was byvoorbeeld heelwat hoër vir dieselfde tydperk as vir dorpe soos Wellington, Somerset-Wes, Montagu en Robertson.

43 The Cape Monitor no. 1910, 23 Augustus 1862; no. 1956, 9 Desember 1862. Op die dag van Jephta se teregstelling op die stoep van die nuwe tronk te Kaapstad was daar 900 mense teenwoordig. Nadat die moordenaar skuld beken het, het hy en dominee Fleischer saam gebid. Daarna het Jephta alleen gebid. Die beul was in swart gekleed met 'n biskop se hoed, wit handskoene, groen bril en vals baard as vermomming. Voor die vonnis voltrek is, het Jephta vir die stil en ernstige skare gewaai; Cape and Natal News, 26 Januarie 1863, p. 35.

44 The Cape Monitor, no. 30, 2 Mei 1851; no. 354, 18 Julie 1855; no 503, 20 Desember 1856; no. 508, 7 Januarie 1857; no. 513, 24 Januarie 1857; no. 1893, 3 Julie 1862. Het Kaapsche Grensblad, 29 Augustus 1839.

45 The Cape Monitor, no. 503, 20 Desember 1856; The Cape Monitor, no. 508, 7 Januarie 1857.

46 The Cape Monitor, no 503, 20 Desember 1856; The Cape Monitor, no. 508, 7 Januarie 1857.

47 The Cape Monitor, no. 503, 20 Desember 1856. J S Marais : The Cape Coloured People 1652-1937, p. 197. S J van der Spuy, Vrederegter van die Koeberg, het gesê hy gebruik sy kinders vir die plaaswerk aangesien die Kleur= linge onbetroubaar is en baie drink.

University of Cape Town

Die misnoeë van die blankes met die toenemende astrantheid van sekere nie-blanke misdadigers word weerspieël in 'n brief deur A F de Villiers van die Koeberg aan die redakteur van Het Kaapsche Grensblad. Mnr de Villiers was vanaf die dorp op pad plaas toe nadat hy medisyne by dr Biccord moes gaan haal het, toe 'n Mosambieker naby A Meyburg se plaas uit die bosse spring en die perd se teuels gryp. Slegs na 'n kwaai gesukkel kon die perd die aanrander afskud en losruk. Mnr de Villiers vervolg : "Zoo lyden wij dagelyks onder de tallooze euvels die ons leven bitter maken, en zoo zyn wy ten allen tyde in gevaar, onder de bescherming van een Beschaafd Gouvernment."[48]

Die reeds ongemaklike en gespanne verhouding tussen blank en nie-blank in die Durbanville-gebied het verder toegeneem met die plakkersprobleem wat al hoe groter afmetings begin aanneem het.[49] Hierdie probleem het toegeneem as gevolg van die invloed van sommige sendelinge wat die werksku Hot= tentotte aangeraai het om nie langer op die plase te werk nie. Die filantropiese benadering van owerheidsweë het die boere in die harnas gejaag en bevestigde en onbevestigde gevalle van aanranding en brutaliteit het die spanning ver= der laat oplaai. In 'n waarskuwingsbrief aan sy mense op 24 Oktober 1851, het A J Louw daarop attent gemaak op die feit dat baie van die loslopers wapens besit. Hy het 'n sekere tipe Engelsman "..... of which the country is at present full, and among them are the greatest vagabonds ...." blameer vir die onrus en vir die aanmoediging wat hul aan die Hottentotte gee. Vaders is versoek om A J Louw se brief onder die oë

72 / van

48 Het Kaapsche Grensblad, 14 Maart 1839.

49 C O no. 6136 van 1812-1824. Veldkornet Brand van Mos= selbankrivier berig in 1813 dat daar geen Hottentotkrale in sy veldkornetskap bestaan nie. Die ontstamming van die Hottentotte was indirek die gevolg van baie sosiale probleme.

van bediendes uit te hou en gou verder te versprei. W Johnson, J W de Wit en B J Duminy, veldkornet, het ook hierdie vlugskrif onderteken. 'n Verslag in die Kaapse Blou Boek van 17 November 1851 het gelui dat inwoners van sommige dorpies snags die dorp gewapend patrolleer. Daar is ook gekla oor die vuil taal wat die nie-blankes die blankes toegeslinger het. Verder sou die Hottentotte by 'n middernagpiekniek by Lichtenberg, noordoos van Durbanville, besluit het om al die witmans uit te moor en die mooiste blanke vroue vir hulself uit te hou.[50] Party vrouens in die dorp was so bang dat gesinne snags saam in een huis geslaap het uit vrees vir die Hottentotte.

Op 10 November 1851 het die Wetgewende Raad byeengekom en die Plakkersordonnansie is, in plaas van die tweede keer gelees te word, verwys na 'n komitee. Hierdie komitee wat op 20 November 1851 deur die Koloniale Kantoor afgevaardig is, het bestaan uit P B Borcherds[51], F B Pinney en C Piers. Hulle sou feitekennis gaan insamel alvorens 'n ordonnansie wat plakkery op regeringsgrond verbied, oorweeg kon word. Reeds voor hul ondersoek het die Koloniale Kantoor verklaar dat hul ondersoek gaan instel "in die vertroue dat die klagtes in verband met rondloper Hottentotte in die Koeberg en

73 /

50 P B Borcherds : An Auto-Biographical Memoir of Petrus Borchardus Borcherds pp. 347-351; The Cape Monitor no. 70, 17 November 1851 : Sien kaart p. 73 om die ligging van Lichtenberg ten opsigte van die naaste plase aan te dui.

51 P B Borcherds is op 1 Januarie 1828 as residensiële magistraat aangestel. Op 1 Julie 1834 is hy, na 33 jaar diens, deur die Staatsekretaris as Siviele Kommissaris teen £500 per jaar tesame met ander byvoordele, aangestel. Hy was lid van die Skoolkommissie en voorsitter van die Afdelingsraad. Hy het diens gedoen as Residensiële magistraat en Siviele Kommissaris vir die Kaapse distrik totdat hy in Januarie 1857 bedank het. : Cape Blue Book 1838. Civil Establishment, pp. 118, 119. Cape Blue Book 1844. Civil Establishment (geen bladsye).



E Kaart om die ligging van die bekendste plase noord van Durbanville te illustreer.
(Map of Cape Division Sheet 9. British Field Intelligence Department, 1901).

Tygerberg, ongegrond is."[52] Op 22 Desember 1851 het hierdie drie kommissarisse te D'urban byeengekom en ook Malmesbury en Worcester besoek om vas te stel of so 'n plakkerswet wenslik is. Hul moes die algemene klimaat en atmosfeer toets en getuienis aanhoor en oorweeg. Hul het bevind dat die Koeberg- en Malmesbury-boere paniekerig is oor dié dreigende tendens. W A van der Byl, die vrederegter, het 22 getuies byeengebring om voor die kommissie te getuig. Die ondersoek op D'urban het vier dae geduur. Daar is verder berig dat Adriaan Johannes Louw van die Koeberg al die gerugte in sake 'n opstand onder nie-blankes ywerig versamel en versprei het. Terwyl Louw die sendelinge blameer het vir die slegte raad waarmee hul die Hottentotte bedien het, het die Kommissaris verklaar dat die gewese veldkornet, A J Louw "Produced the consequent panic which we have so unhappily witnessed."[53] Die getuienis van die blankes is uitgemaak as hoorsê-getuienis.

Ter ondersteuning van die voorgenome plakkerswet het vrederegter W A van der Byl van D'urban verklaar dat die onrus onder die gekleurdes niks te make het met die plakkersordonnansie wat in die Wetgewende Raad ter tafel lê nie. Die drie Kommissarisse was egter 'n ander mening toegedaan en het tot die slotsom gekom dat "the coloured people have unhappily discovered that the apprehensions which have been awakened in their minds of sentiments and feelings opposed to them, are not groundless, like the hostile feelings which have been so unjustly imputed to them."[54] Ook Stegmann, 'n

75 / plaaslike

---

52 The Cape Monitor, no. 82, 24 Desember 1851.

53 The Cape Monitor, no. 82, 24 Desember 1851.
Dit is moontlik dat die slaweopstand van 1808 in die Koeberg en die Zwartland, nog steeds in die volksgeheue was en dat sommige mense hul in 1851 skuldig gemaak het aan oorreaksie ten opsigte van die nuwe onmin.

54 The Cape Monitor, no. 82, 24 Desember 1851.

University of Cape Town

plaaslike agent van die Londen Sendinggenoodskap, was boge= noemde mening toegedaan en oortuig dat A J Louw valshede omtrent die nie-blankes verkondig het. Hy is verder ook uit= gemaak as 'n "alarmist, and he is evidently out of mind upon the subject."[55] Gerugte dat ossewaens met ammunisie vir die Hottentot-rebelle op pad deur die Koeberg en Malmesbury na die binneland was, het die gespanne toestand verder laat oplaai. Veldkornet Van der Byl van die Tygerberg het be= veel dat die verskillende veldkornetskappe op 1 Desember 1851 'n burgerwag van 30 man elk in die lewe moes roep om gereed te wees in geval van 'n opstand.[56]

Drankmisbruik was een van die faktore wat die normalisering van die verhouding tussen blank en nie-blank verder vertraag het. Dikwels was die blanke eienaars van die kantiens self te blameer vir die toename in drankmisbruik omdat drank dik= wels sonder die nodige diskresie en slegs met die oog op winsbejag van die hand gesit is. Die redakteur van 'n Kaapse koerant het te velde getrek teen sekere individue in die Tygerberg-omgewing wat drank verkoop, en het die mening uitgespreek dat hul lisensies nie hernu behoort te word nie.[57] Op Durbanville self het J G Bräsler in 1847 die reg verkry om drank op sy perseel te verkoop.[58] Superintendent Short van Lichtenberg-stasie noordoos van Durbanville, het in 1855 gekla oor die toename in dronkenskap by die stasie en het versoek dat die polisie ingryp.[59] Sy verslag is verwys na die inspekteur, ene mnr Bain, wat op die saak moes ingaan. Gevalle van inbrake en aanvalle wat uit die

76 / drankmisbruik

55 The Cape Monitor, no 85, 3 Februarie 1852.

56 The Cape Monitor, no. 85, 3 Februarie 1852.

57 Het Kaapsche Grensblad, 20 Desember 1838.

58 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2162, 6 Mei 1847. Hy is gemagtig deur J D Overbeek op 21 April 1847.

59 The Cape Monitor, no. 43, 3 Julie 1851.

University of Cape Town

drankmisbruik voortgespruit het, het dikwels voorgekom.[60]

Om misdaad te bekamp is die tronkstelsel uitgebrei en Tyger Vlei[61] het ook so 'n inrigting gekry. Die strafnedersetting by Robbeneiland is tot niet gemaak en die tronk aldaar is vir sielsiekes, melaatses en lyers aan ander chroniese siektes gebruik. Die getalle in die tronke aan die Kaap het dus ver=meerder en die tronk by Tygervallei het in 1845 89 gevange=nis gehad teenoor die 104 by Kuilsrivier se tronk. Die aantal gevangenes in die Tygervallei-tronk het in 1846 ver=der toegeneem.[62] Die aanwesigheid van bogenoemde twee tronke in die Durbanville-gebied[63] het 'n sakegeleentheid vir die plaaslike inwoners geskep omdat hierdie inrigtings deur middel van regeringstenders onderhou moes word. Tenders is in die Staatskoerant aangevra en die rantsoene en ander ge=bruiksartikels soos kos en klere wat verskaf moes word, is ook onder die lesers se aandag gebring.[64] Tygerbergers soos mnre B Duminy[65], C de Kock en P J de Villiers[66] het van die geleentheid gebruik gemaak deur sekere van die tenders aan te neem. Volgens Ordonnansie No. 8 van 1843 was die gevange=nes aan die Kaap veronderstel om te help met die maak van nuwe, en die instandhouding van reeds bestaande paaie.[67] Daar is nie altyd aan die verwagtings voldoen nie, en baie

77 / mense

60 The Cape Monitor, no. 43, 3 Julie 1851.

61 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2024, 4 Oktober 1844.

62 Cape Blue Book 1846, p. 418.

63 Cape of Good Hope Almanac 1847, p. 227. Die tronk te Kuilsrivier is op 31 Desember 1846 ontruim.

64 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2032, 29 November 1844.
Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2981, 2 Novem=ber 1858.

65 Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2041, 31 Janua=rie 1845.

66 Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2039, 17 Janua=rie 1845.

67 Cape Blue Book 1845. Return of Goals and Houses of Correction, pp. 368-371.

University of Cape Town

mense het gevoel dat hierdie arbeidspotensiaal veel doel= treffender ontgin behoort te word. Die redakteur van 'n plaaslike koerant het die owerhede lof toegeswaai vir die netjiese tronk by Tygervallei en die hoë standaard van die dissipline aldaar, maar voel tog "..... it would be well, however, if an increase of activity could be induced omong the convicts while at work, as otherwise a habit of indolence is soon acquired, which is afterwards very difficult to over= come."[68] Hiermee is die gevoel wat die publiek teenoor die gevangenis gekoester het, goed opgesom. Met die ou stelsel van gevangenskap was die doel om te straf. Bacon het hier= die stelsel as "of a shameful and unblessed character" be= skryf.[69] Die nuwe benadering was egter opheffing van die gevangene, soos gepropageer en bevorder deur die heer Mon= tagu.[70] 'n Koeberg-boer skryf in 1848 as volg : "..... man's animal nature must be subdued by physical labour, and applica= tion taught by enforcing the moral law, in order to develop his mental qualifications, and his better nature."[71] Hier= die korrespondent het verder gepleit dat leeglêers deur die wet verplig moes word om te werk. Duisende gesonde mans wat tevore as landbouers diens gedoen het, was uit eie keuse werkloos in Kaapstad, op Kuilsrivier, op die Kaapse Vlakte en by die sendingstasies.

Oor die algemeen was die owerhede die boere nie simpatiek= gesind wat die blank- nie-blank-verhouding betref het nie, waarskynlik deels as gevolg van die invloed van die sendelinge en die filantropiese gees van die tyd. H H Gird, 'n Engels=

78 / sprekende

---

68 Sam Sly's African Journal, 12 Januarie 1846.
69 Cape of Good Hope Almanac, 1847.
70 Cape of Good Hope Almanac, 1847.
71 Sam Sly's African Journal, 16 November 1848.

University of Cape Town

sprekende van Wynberg, het egter as kampvegter vir die Hollandssprekende bevolkingsgroep opgetree en in antwoord op 'n brief van mnr Schabordt van D'urban in die Cape Moni= tor, het hy as volg hul saak probeer stel : ".....a reference of a leading article of to-day (in the Zuid-Afrikaan) will show how unfairly that journal deals with the Dutch part of the Community, to keep them in error."[72] Hy het voorts gepleit vir 'n onpartydige Hollands-Engelse koerant en gesê dat hy en sy familie soms beledig word oor hul simpatie met die Hollanders. In sake die misdade wat die Hottentotte in die Durbanville-gebied gepleeg het, het Gird in 1855 geskryf dat dit ontstellend is hoe teësinnig Kaapstad en 'n deel van sy inwoners teenoor die ware toestande in dié distrik is.[73] Dis te verstane dat die dood van hierdie kampvegter te Oliphants Fontein, noordwes van Durbanville, diep betreur is deur die boeregemeenskap, selfs so ver as die Oranje Vrystaat.[74] Hul het hom as vertroueling en as mondstuk van hul probleme gesien.

Dis nodig om kortliks in te gaan op die kanale waardeur die plattelandse gemeenskap met die owerhede kon skakel. Plaas= like regering is in die jare 1797 tot 1827 gedeel tussen die Burgersenaat en die Fiskaal wat ook as landdros vir die Kaapse distrik opgetree het.[75] Lede van die Burgersenaat is nie verkies nie, maar slegs aangewys, en Bourke het in 1826 selfs so ver gegaan om voor te stel dat die lys name wat die Burgersennaat aan hom moet voorlê, uit die name van slegs Engelssprekendes behoort te bestaan. Met die verdwyning van die heemrade in 1828 het die owerhede kontak met die plat= telandse bevolking verloor. Die mag van die Burgersennaat

79 / het

72 The Cape Monitor, no. 92, 28 Februarie 1852.

73 The Cape Monitor, no. 314, 3 Februarie 1855.

74 The Cape Monitor no. 1014, 28 Mei 1861.

75 A F Hattersley : An illustrated social history of South Africa, p. 77.

University of Cape Town

het oorgegaan in die hande van die Landdros as verteen=woordiger van die Kroon. Hy was president van die Huweliks=hof en kon ook minder belangrike verskille besleg. Waar slawe-eienaars oor hul slawe se gedrag gekla het, moes die landdros die saak ondersoek en kon die slaaf tot twee maande tronkstraf opgelê word, lyfstraf kry of vir 'n sekere tyd in ysterboeie gehou word. Waar die slaaf teenoor sy eienaar kla en die klagtes deur die Landdros as gegrond bevind is, kan die slawe-eienaar voor die Raad van Justisie aangekla word.

Die distrik is opgedeel in duidelik afgebakende veldkornet=skappe[76] met 'n veldkornet aan die hoof van elk. Die veld=kornet moes openbare dienste verrig in ooreenstemming met die bevele van die landdros. Die veldkornet moes die landdros voorsien van 'n lys met plaasname, erwe en ander woonplekke asook die naam van die eienaar, sy vrou, hul kinders, sy aantal slawe en vee. Ook moes die teenwoordigheid van ri=viere en die afstande van die verskillende plase vanaf die veldkornet en vanaf Kaapstad aangegee word.[77] Die hoofdoel-of plig van die veldkornet was om toe te sien dat die be=lastings waarvoor die onderskeie lede van die veldkornetskap aangeslaan is, betyds ingevorder word. Daar is gereeld lyste in die Kaapstads Courant en later in die Cape Town Gazette gepubliseer met 'n opgawe van die hoeveelheid gars, koring en

80 / kaf

---

76 Byvoegsel tot die Cape of Good Hope Government Gazette, no. 581, 27 Februarie 1817;
Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1754, 2 Augus=tus 1839. Daar moet gemeld word dat die oostelike deel van Mosselbanksrivier deel uitgemaak het van die Stellen=bosch distrik. F H Scheundorff van Mosselbanksrivier was in 1839 veldkornet vir hierdie veldkornetskap.

77 Cape of Good Hope Government Gazette, no. 168, 1 April 1809.

University of Cape Town

kaf waarvoor die onderskeie boere aangeslaan is.[78] Lede wat agterstallig was, se name is ook gepubliseer.[79] Uit hierdie gegewens blyk dit dat die regering gedurig probleme gehad het met die boere van die Durbanville-gebied wat dik= wels traag was om gehoor te gee aan die belastingseise. Dit het byna 'n gereelde instelling geword dat die Burger= sennaat advertensies moes plaas waarin baie van Durbanville se belastingpligtige boere gewaarsku is dat hul agterstallig was met hul Opgaaf en dat hul die gevolge sou moes dra indien hul nie gehoor gee nie.[80] Die Siviele Kommissaris het in 1835 met 'n boete van £5 gedreig vir elke versuim en verdere vervolging was nie uitgesluit nie.[81] Om wrywing uit te ska= kel, is advertensies geplaas met die spesifieke tye en plekke waarop en waar die agterstallige skulde vir die onderskeie veldkornetskappe ingevorder sou word.[82] Die traagheid om belastings te betaal het wrywing veroorsaak, aangesien die produkte noodsaaklik was vir die instandhouding van die leër.[83] Veldkornette Van Breda, Duminy en Van der Byl het in 1852 ook die rol as fondsinsamelaars in die Durbanville-gebied gespeel toe £50, 'n saal, 2 gewere en 'n paar mud graan

81 / geskenk

78 Kaapstads Courant en Africaansche Berigter, no. 307, 30 November 1811.

79 Kaapstads Courant en Africaansche Berigter, no. 33, 30 Augustus 1806; no. 43, 8 November 1806; no. 100, 12 Desember 1807.

80 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 13, 12 April 1806; no. 15, 24 April 1806; no 303, 2 November 1811; no. 611, September 1817; no. 641, April 1818; no. 747, 6 Mei 1820; no. 1522, 20 Februarie 1835.

81 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1522, 20 Februarie 1835.

82 Byvoegsel tot The Cape of Good Hope Government Gazette no. 740, 18 Maart 1820; Cape of Good Hope Government Gazette no. 1211, 27 Maart 1829; Byvoegsel tot die Cape of Good Hope Government Gazette no. 1752, 19 Julie 1840.

83 The Cape of Good Hope Government Gazette no. 2, 20 Maart 1802; no. 307, 3 November 1811; no. 2259, 15 Maart 1849.

University of Cape Town

geskenk is ter stywing van 'n Vrywilligersfonds wat gestig is om mense op die grens te help. Selfs Kleurlinge het byge= dra.[84] Wanneer uitgawes in 'n distrik die inkomste aan be= lastings oortref het, kon die goewerneur ekstra belastings hef.[85] Die veldkornette wat ook in hierdie geval die in= vorderingswerk moes doen, het 'n geringe vergoeding vir hul dienste gekry.[86] Die aantal veldkornette het voortdurend gewissel.[87] Volgens 'n Proklamasie van 6 Januarie 1835 is John M Hill deur die goewerneur aangestel as spesiale vrede= regter vir die Tygerberg[88] en is hy ook vanweë sy amp inge= skakel as 'n belangrike onderdeel van die belastingsmasjinerie van hierdie gebied.[89] 'n Ander magistraat wat 'n besliste stempel op die Durbanville-gebied afgedruk het, was mnr F L C Borcherds wat in 1828 Residensiële Magistraat van die Kaapse distrik geword het en in 1848 reeds 43 jaar aktief in diens van die regering gestaan het.[90]

Vanaf 1828 toe die Burgersennaat verdwyn het tot 1834, is

82 / die

University of Cape Town

84 The Cape Monitor no. 145, 1 September 1852.

85 The Cape of Good Hope Government Gazette no. 742, 1 April 1820. Sir Rufane Donkin vra byvoorbeeld in hierdie jaar op grond van Artikel 4 van die Proklamasie van 1 April 1814, 'n bykomende bedrag van "Three Thousand nine hun= dred and Seventy Rix-dollars, Three Shillings, One Stiver and a Quarter" vir die Kaapse Distrik.

86 Byvoegsel tot The Cape of Good Hope Government Gazette no. 2011, 5 Julie 1844. In hierdie jaar was die ver= goeding £10 per jaar en daar was 24 veldkornette.

87 The Cape of Good Hope Government Gazette no. 2177, 19 Augustus, 1847. In hierdie jaar is die aantal veldkor= nette verminder tot 15.

88 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1517, 16 Januarie 1835.

89 Statute Law of the Cape of Good Hope, 4 Februarie 1828, pp. 124, 125.

90 Cape Blue Book 1848. Judicial Establishment.

die goewerneur bygestaan deur 'n Adviesraad. Hierdie Advies=raad is in 1834 vervang deur die Wetgewende Raad wat bestaan het uit vyf amptelike lede en vyf koloniste. Hoewel die Wet=gewende Raad nuwe voorstelle kon doen, het die gesag nog by die goewerneur gelê wat dit kon goed- of afkeur.[91] Die verkiesing van 'n kandidaat vir die Wetgewende Raad was 'n belangrike gebeurtenis en kiesbeamptes is aangestel wat by spesifieke plekke in die gebied moes diens doen op so 'n ver=kiesingsdag.[92] Een van die gewildste verteenwoordigers vir die Wetgewende Raad was H H Gird, kampvegter vir die Hol=landse boere wat die Koeberg se probleme goed verstaan het aangesien hy self lank in hierdie betrokke gebied geboer het. Die belangstelling op politieke vlak was blykbaar le=wendig te oordeel aan die vergaderings wat gehou en petisies wat opgetrek is vir en teen sekere voorgestelde wetgewing. So is daar byvoorbeeld in 1855 'n openbare vergadering gehou te Jessup se hotel op D'urban, vir al die inwoners van die Koeberg, Tygerberg en Blouberg om 'n petisie op te trek teen die voorgestelde Burgerwet, die ongewilde Werkgewer-Werk=nemerswet (Master and Servant Law), en 'n onaanvaarbare pad=ordonnansie.[93] 'n Petisie deur 108 inwoners onderteken in

83 / sake

University of Cape Town

91 A F Hattersley : An illustrated social history of South Africa, p. 69.

92 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2513, 1 Desember 1853. Kiesbeamptes sou op die volgende plekke diens doen :

Tygerberg en Kuilsrivier.	By B Duminy se plek by die 21 Myl-baken.
Koeberg no. 1	By J Denyssen se plek Rondebossieberg.
Koeberg no. 2	By J N Laubscher se plek Karnmelks Vley.
D'urban	By die dorp se polisiestasie.
Duineveld no. 1	By Dempers se plek De Vrede.
Duineveld no. 2	By Bosman se plek by Kuilsrivier.

93 The Cape Monitor, no. 316, 17 Februarie 1855.

sake die Burgerwet is op 11 April 1855 aan die Wetgewende Raad voorgelê. Hiervolgens is 'n verhoogde jaarlikse belasting voorgestel in die plek van persoonlike aktiewe diens. Op hierdie selfde dag is 'n petisie van Koeberg-inwoners wat ten gunste van die Werkgewer-Werknemerswet was, aan die Wetge=wende Raad voorgelê.

Nie net op politieke vlak nie, maar ook op sosiale gebied was daar 'n lewendige belangstelling in die onderskeie fasette waarin die sosiale bedrywighede van die gemeenskap ingedeel kan word. Belangstelling het gewissel vanaf perdewedrenne, musiek deur die Durbanville Korps se orkes, krieketwedstryde en 'n tipiese Engelse plattelandse sportsoort soos jakkalsjag.

Die belangstelling en liefde van die gemeenskap vir perde=wedrenne was groot in die verlede. Perdetelers het van tyd tot tyd stoetperde in die Durbanville-gebied van die hand gesit[94] en die mark was lewendig. Die D'urban-wedrenne was gewild by die groot skares wat dit bygewoon het. Daar is deelgeneem aan nommers soos die Hhderniswedren, Ponieresies en die Agterbly-wen. 'n Groot verskeidenheid perdekarre, plesierkoetse, tandems en ossewaens kon by so 'n saamtrek gesien word.[95] Die Koeberg-resies wat baie goed bygewoon is, het ontstaan as gevolg van die ywer van die boere van die Koeberg en omgewing. Die Stellenbosch-orkes het ook by so 'n geleentheid opgetree om by te dra tot die toneel van landelike feestelikheid. Daar is goed aan die wedrenne deelgeneem en daar is meegeding in nommers soos die Hunter's

84 / Stakes

University of Cape Town

---

94 Sien Bylae pp. 171-187.
The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 928, 25 Oktober 1823. Mnr M Melck van Bergrivier het op 31 Ok=tober verskeie volbloed Engelse en Spaanse stoetperde by 'n groot openbare verkoping by die plaas Vaatjie te koop aangebied.

95 Sam Sly's African Journal, 13 Augustus 1848.

Stakes, Ponieresies, Loterywedren, The Ladies Purse, Hack Race, The Odd Race en Agter Blyft Win.[96] Danspartye na die resies was aan die orde van die dag deur die hele buurt en besoekers aan die omgewing het lustig gedeel in die gasvry=heid van die plattelanders. Die mense was lief vir musiek en dans en ene Van der Spuy en Uys van die Tygerberg het vanaf 1839 opgetree as agente vir die verkoop van 'n verskei=denheid mysiekinstrumente.[97]

Op 29 September 1856 sou 'n groot kompetisie tussen die skiet=klubs van D'urban en Stellenbosch, beter bekend as die Royal Rifle Corps, op Durbanville plaasvind. Lede van die Cape Royal Rifles wat wou deelneem, is ook genooi. Daardie Maandag sou 'n vakansiedag wees en die hoteleienaar, mnr Jessup, het goedkoop losies aangebied vir besoekers aan die dorp.[98] Dit het hierdie dag baie jolig daaraan toe gegaan, in so 'n mate dat vier inwoners later voor die hof gedaag moes word[99] en skadevergoeding moes betaal.[100] In briewe aan die kolonel van die Cape Royal Rifles en die kommandante van die Stellenbosch- en die Koeberg-kommando's, het bogenoemde vier here om verskoning gevra vir hul gedrag op die betrokke feesdag.[101]

Kompetisies tussen die D'urban Cavalry Corps en ander soort=gelyke korpse het gereeld plaasgevind. In Februarie 1857

85 / het

96 The Cape Monitor No. 150, 18 September 1852. Die be=skermhere van die resies was H Gird, en John en Charles Proctor. John Eaton was die erelid.

97 Het Kaapsche Grensblad, 23 Mei 1839.

98 The Cape Monitor, no. 475, 13 September 1856.

99 The Cape Monitor, no. 484, 15 Oktober 1856.

100 The Cape Monitor, no. 487, 25 Oktober 1856.

101 The Cape Monitor, no. 492, 12 November 1856.

University of Cape Town

het hul byvoorbeeld teen die Cape Royal Rifles meegeding. Die Paarl het vrywilligers gestuur om die D'urban-korps by te staan.[102] Pryse is aan die beste skuts toegeken. Daniel Best het in Oktober 1860 ŉ silwer teeservies ontvang as die beste skut van die D'urban Cavalry Rifles. Twee maande la= ter het ene mnr Rawbone ŉ rewolwer uitgeloof aan die beste skut van die D'urban Volunteer Cavalry by ŉ byeenkoms op 20 Desember.[103] Die korpslede het in daardie jaar ook nuwe gewere gekry waarmee hulle baie in hul skik was. Die orkes van die D'urban Volunteer Cavalry het bekendheid verwerf vir sy mooi musiek en is dikwels gevra om by sosiale geleent= hede op te tree.[104] Hierdie orkes sou op 10 Oktober 1860 ŉ belangrike aantrekkingskrag wees op Malmesbury waar hul tydens die jaarlikse landbouskou sou optree.[105] Dit was dus met ŉ tikkie hartseer dat die dorpsinwoners in 1862 kennis geneem het dat hierdie orkes nie meer saans in die dorp sou optree nie.[106] Die D'urban Volunteer Cavalry was egter tekenend van die lewenslus van die Kaapse koloniste wat in 1861 as "undoubtedly the most pleasure-loving holiday-keeping people in the world"[107] beskryf is. Hierdie Volunteer Cavalry het in Oktober 1861 ŉ leidende rol gespeel in ŉ skyngeveg by Soutrivier waaraan die Cape Town Voluntory Cavalry, die Scottish Highlanders (Scottish Rifles) en die Volunteer Engineers deelgeneem het.

Sportgeskiedenis is gemaak toe die D'urban-krieketklub op 24

86 / Mei

102 The Cape Monitor, no. 527, 18 Februarie 1857.

103 The Cape Monitor, no. 946, 15 Desember 1860.

104 The Cape Monitor, no. 899, 14 Julie 1860. In Julie 1860 het die orkes byvoorbeeld opgetree by ŉ ete ter ere aan die heer Theunissen, Lid van die Wetgewende Raad, wat deur menere Beyers te Mulders Vley gegee is.

105 The Cape Monitor, no. 925, 3 Oktober 1860.

106 The Cape Monitor, no. 1891, 3 Julie 1862.

107 The Cape Monitor, no. 1077, 22 Oktober 1861.

University of Cape Town

Mei 1862 sy eerste vergadering gehou het. Vrederegter W A van der Byl was president, dominee Beck was vise-president en W Jessup was die tesourier. Op Vrydagmiddae twee-uur het die oefeninge 'n aanvang geneem. Die krieketveld was die oop stuk grond in die bo-dorp by Die Ou Meul.[108]

Een van die mees Engelse sportsoorte naamlik die jakkalsjag (Fox and Hounds), het in 1822 wortel geskiet aan die Kaap toe Lord Charles Somerset vir hom 'n trop honde ingevoer het waarmee hy vir sy plesier kon jag. Die jagseisoen het ge= woonlik in Mei begin en in September gesluit.[109] Hy het

Die Ou Meul waar krieketoefeninge in 1862 gehou is.

87 / gewoonlik

108 The Cape Monitor, no. 1951, 27 November 1862.
109 The Cape Monitor, no. 577. 5 September 1857.

gewoonlik slegs op die Kaapse Vlakte en in die duine van Valsbaai gejag. Daar is moontlik in 1822 reeds in die Durbanville-gebied jakkalse gejag, want ene mnr Blair wat later 'n bekende jakkalsjagter geword het, het in 'n adverten= sie 100 riksdaalders aangebied as beloning vir die persoon wat sy twee jakkalshonde kon opspoor wat in Tygervallei weg= geraak het.[110] Mnr Blair, belastinggaarder, en ene mnr Van Reenen, was in 1834 twee belangrike honde-eienaars en het deur middel van kruisteling met ingevoerde Engelse honde, die stan= daard van hierdie sportsoort hoog probeer hou.[111] Die Cape Hunt Club is in 1843 gestig en tydens die klub se eerste amptelike jag op 27 Mei 1843, het die volgende geesdriftiges deelgeneem : W Procter, M F H Newdigate, kolonel Mitchell, kapteins Growther en Clarke en menere Hodgson, Lillie, Gird senior en junior, Ogilvie, Hare en Youngly.[112]

Die Durbanville-omgewing was baie geskik vir hierdie sport= soort en was beslis baie beter as die Kaapse vlaktes. Daar was genoeg jakkalse en minder molsgate, en die Fisantekraal-Joostenberg-area is as besonder geskik beskou.[113] Die Dur= banville-tak het in 1845 ook bo verwagting snel gegroei en kon spog met 16 permanente en 4 erelede. Rondebossieberg van die heer Denyssen en "Freeman's Fontein of mnr Newkirk"[114] het ook in die smaak geval van die jakkalsjagters. Die daar= stelling van 'n klubhuis, die Hunt Club House op die dorp in

88 / 1848

University of Cape Town

---

110 The Cape of Good Hope Government Gazette no. 864, 3 Au= gustus 1822.

111 P W Laidler : A Tavern of the Ocean, p. 165.

112 A F Hattersley : An illustrated social history of South Africa, p. 116. Slegs die here Gird en Hodgson het plaaslike verbintenisse gehad.

113 Sam Sly's African Journal, 8 Junie 1845.

114 Sam Sly's African Journal, 15 Junie 1845.

1848, het 'n nuwe era vir hierdie sportsoort ingelui. William Proctor, 'n bekende honde-eienaar, was die eerste plaaslike voorsitter.

Met die koms van sir Harry Smith, nog 'n goewerneur wat be= sonder lief was vir hierdie sportsoort, het die belangstel= ling verder toegeneem en 'n passasierskoets moes drie maal per week mense na die Durbanville-klubhuis neem. Daar is gewoon= lik 'n deftige ete op die aand voor die jag gereël en die lede het dan rooi aandpakke met ligblou toebehore gedra. Die jaarlikse dans van die jagklub het spoedig een van die gewildste sosiale byeenkomste aan die Kaap geword.

Op Saterdag, 20 Mei 1848 het die D'urban Club se eerste jag op die plaas Langeberg, net buite die dorp, plaasgevind. Daar was baie van die lede asook stedelinge en plattelandse be= soekers teenwoordig. Daar was genoeg jakkalse en die jagters kon twee keer uitgaan. Elke lopie het vyf en twintig minute geduur. 'n Koerantredakteur het as volg geskryf : "It is pleasant to see our Indian visitors, Cape gentry and Farmers, join in the spirit of this noble and salutory sport.[115] Hoe= wel jakkalsjag uit die aard van die saak hoofsaaklik Engels= sprekendes gelok het, was daar ook baie belangstelling onder die Hollandsprekendes en die Durbanville-boere het besoekers aangemoedig om op hul plase te kom jag.

Ongeveer 'n week na die Langeberg-jakkalsjag het daar nog 'n opwindende jag in die Durbanville-gebied plaasgevind. Die vorige aand is die tradisionele ete by die klubhuis gehou en W Proctor het 'n toespraak oor hierdie sportsoort gehou.

89 / Nadat

---

115 Sam Sly's African Journal, 25 Mei 1848.

University of Cape Town

Nadat die horing op Saterdagoggend geblaas is, het die rui= ters deur die vallei van Fisantekraal, Jan Louw se plaas, gejaag tot by Matjeskuyl, twaalf myl van die dorp af. Die groep het later teruggekeer na die Fisantekraal-plaashuis en het daarna ete in die klubhuis gaan geniet.[116]

In die vyftigerjare het die Rathfelder's Inn by Eerste Rivier 'n gewilde bymekaarkomplek van die jakkalsjagters geword. 'n Herberg wat later daar gebou is, het die tradisionele naam, The Fox and Hounds, gedra.[117] Mnr Rathfelder het die beste versameling jakkalshonde aan die Kaap gehad en hy het daarvan gehou om sy honde uit te bring na Durbanville om te jag. Ver= slae oor jagtogte op en oor bekende Durbanville-plase soos Vissershok[118], Rooseboom[119], Duiker Vley[120], De Grendel[121], Malans Hoogte[122], Joostenberg[123], Drooge Vley[124] en Klip Heuvel[125], is bekend. Burk's Inn by Kuilsrivier het ook 'n gewilde bymekaarkomplek geword.[126] Met die koms van die spoorlyn van Kaapstad na Wellington in 1861, is die jaghonde per trein na Kuilsrivier gestuur vir die jag.[127] Dunn's Hotel in Kuilsrivier word ook in 1857 genoem as 'n bymekaar=

90 / komplek

116 Sam Sly's African Journal, 1 Junie 1848.
117 P W Laidler : A tavern of the ocean, p. 165.
118 The Cape Monitor, no. 41, 11 Julie 1851.
119 The Cape Monitor, no. 43, 25 Julie 1851.
120 The Cape Monitor, no. 43, 25 Julie 1851.
121 The Cape Monitor, no. 115, 19 Mei 1852.
122 The Cape Monitor, no. 115, 19 Mei 1852.
123 Cape Monthly Magazine, pp. 290, 291; The Cape Monitor, no. 559, 8 Julie 1857.
124 The Cape Monitor, no. 559, 8 Julie 1857.
125 The Cape Monitor, no. 1089, 5 Julie 1862.
126 The Cape Monitor, no. 115, 19 Mei 1852.
127 The Cape Monitor, no. 1034, 13 Julie 1861.

University of Cape Town

komplek van die jakkalsjagters voor die jag.[128] By Jessup se hotel by Durbanville is daar soms voor die jag, voer aan die jagters se perde verskaf. Die kommandant van die D'urban Cavalry Corps het in 1857 38 jagters gelei op 'n baie genoeg=like jakkalsjag.[129] In dieselfde jaar het verskeie offisiere van die oorlogskip, Penelope, aan jagtogte in die Durbanville-omgewing deelgeneem en hul is hartlik by Joostenberg en Mul=dersvlei ontvang en onthaal.[130]

In 1857 is drie paar Engelse jakkalshonde teen 'n koste van £70 ingevoer om mnr Rathfelder se groep te versterk. 'n Vriend het 'n Cheshire-hond aan hom gegee terwyl 'n ander vriend 'n paar Kilkenny-honde aan hom geskenk het.[131] Toe mnr Rathfelder die land in 1861 verlaat het, het hy 'n open=bare veiling gehou en onder andere sy kosbare jakkalshonde te koop aangebied.[132]

As gevolg van genoemde sosiale geleenthede soos die jakkals=jag, skyfskietkompetisies, krieketwedstryde en perdewedrenne, tesame met die gepaardgaande funksies, het Durbanville ge=leidelik meer, en dikwels baie belangrike, besoekers ge=trek. Sosiale vermenging tussen die twee blanke bevolkings=groepe het op 'n natuurlike manier plaasgevind en dit kon die steeds groeiende gemeenskap slegs tot voordeel strek.

Sir Andries Stockenstrom het in die tyd van Sir Benjamin D'urban 'n belangrike rol op die oosgrens gespeel. Hy het 'n mate van steun in Graaf-Reinette ondervind, maar was ongewild

91 / by

---

128 The Cape Monitor, no. 568, 5 Augustus 1857.
129 The Cape Monitor, no. 563, 22 Julie 1857.
130 Cape Monthly Magazine, p. 291.
131 Cape Monthly Magazine, p. 29 D.
132 The Cape Monitor, no. 981, 12 Maart 1861.

University of Cape Town

by die mense van Albany. Toe hy in 1851 na Engeland sou vertrek in 'n poging om die Britse regering te pols oor ver=teenwoordigende regering vir die Kaapkolonie, het hy die belangstelling van sekere groepe wakker gemaak. Verskil=lende petisies is opgetrek en aan hom oorhandig. Een so 'n petisie van steun het gekom van die Koeberg- Tygerberg-boere.[133] Hierdie petisie met 66 handtekeninge is by die Kaapse stads=saal deur A F Louw aan Stockenstrom oorhandig.[134] Hoewel die Cape Monitor die Durbanville-petisionarisse beskryf het as mense met "..... a lively interest in the subject of his (Stockenstrom's) mission ....."[135], het hy vervolg deur die petisie af te maak as iets wat nie verteenwoordigend van die Durbanville-mense was nie. Nogtans was Stockenstrom se naam op die lippe van baie mense in dié gebied en hoë verwagtings is gekoester oor sy oorsese sending.

Die luisterrykste besoeker aan die Durbanville-omgewing was gewis prins Alfred wat die Kaap in 1860 besoek het. Die nuus van die prins se aankoms het Durbanville die oggend 6.30 vanaf Simonstad bereik en Durbanville het die onder=skeiding behaal deur die eerste dorp te wees wat 'n kanon=saluut ter ere aan die prins afgevuur het. Die D'urban Cavalry Band het musiek gemaak en die klokke van die Engelse kerk en van openbare plekke, is gelui terwyl 'n groot en op=gewonde skare bymekaar gekom het.[136]

Met prins Alfred se besoek aan 'n Lid van die Wetgewende Raad,

92 / die

133 The Cape Monitor, no. 23, 21 Maart 1851.

134 The Cape Monitor, no. 24, 28 Maart 1851. Die deputasie is onderteken deur 13 Van der Spuys, 8 Van Niekerks, 6 Louws, 6 Van Schoors, 3 Schabords, 3 Mosterts, 3 Laubschers, 2 Neethlings, 2 Gouse, 2 Van Reenens, 2 Dreyers, 2 Blanckenbergs, 2 Waldpots en 11 enkele handtekeninge.

135 The Cape Monitor, no. 24, 28 Maart 1851.

136 The Cape Monitor, no. 905, 4 Augustus 1860.

die heer Theunissen van Muldersvlei, moes hy deur die suidelike deel van die Durbanville-gebied beweeg. Die inwoners het van hierdie geleentheid gebruik gemaak om hom op 'n hartlike manier te verwelkom. 'n Groot blomversierde triomfboog is oor die pad gespan met 'n Union Jack bo-op. Daar was ook 'n groot hand wat die rigting na die dorpie D'urban aangedui het. Op 'n groot banier het die volgende woorde verskyn : Welcome Prince Alfred. The inhabitants of D'urban greet you. Long may you live. God save the Queen."[137] Toe die D'urban Cavalry om elfuur by die plek van verwelkoming opdaag, het die opgewondenheid byna breekpunt bereik onder die groot en nuuskierige skare. Een van die korpslede sou 'n wit vlag op die heuwel hys sodra die prins se optog in sig kom. Om 12.30 het hy die vlag gehys. Dominee Lawrence, veldkornet Van der Spuy en dr Biccard vergesel van 'n paar jong meisies van Durbanville het blomme oor die pad gestrooi. Kolonel Van der Byl het die prins gaan ontmoet. 'n Saluut is deur die D'urban Volunteers afgevuur waarna die Britse volkslied deur die blaasorkes onder leiding van ene Namick gespeel is. Dis gevolg deur feestelike liedjies soos Sailors Hornpipe en Rule Britannia. Nadat die prins 'n rukkie by sy bewonderaars deurgebring het, het hy na Muldersvlei vertrek waar 'n koninklike ontvangs hom te beurt geval het.[138] Na sy besoek het prins Alfred spesiaal dankbriewe deur luitenant-kolonel Travers aan die D'urban Cavalry en die Stellenbosch Vrywilligers laat skryf vir hul begeleiding en eerbewyse aan hom bewys tydens sy besoeke aan dié twee buitedistrikte.[139]

'n Ander belangrike hooggeplaaste wat die Durbanville-

93 / gebied

137 The Cape Monitor, no. 905, 4 Augustus 1860.
138 The Cape Monitor, no. 912, 18 Augustus 1860.
139 The Cape Monitor, no. 910, 11 Augustus 1860.

University of Cape Town

gebied in sy private hoedanigheid besoek het, was president M W Pretorius van die Oranje Vrystaat in Julie 1862. Hy het per trein tot op Durbanwegstasie gereis en vandaar na Joostenberg gegaan om twee familielede, Daniel en John Wes= sels, te besoek. Mnr P E Morkel en sy gesin het die presi= dent vergesel.[140]

Die koms van die bandietskip, die Neptune, het belangrike politieke konsekwensies aan die Kaap tot gevolg gehad. As gevolg van onvoldoende plaaslike arbeid vir dringende werk aan die Kaapse hawe, het sir Harry Smith in September 1848 die Kaap bereid verklaar om bandiete van oorsee te ontvang. Die Neptune met 'n vrag bandiete het Bermuda verlaat op pad na Kaapstad, sonder dat sir Harry Smith se besluit aan die Kaapse publiek bekend gemaak is. Die Hollandse, Engelse en Joodse bevolkingsroepe het saamgespan teen die owerhede en het deur middel van die Anti-Bandietevereniging, probeer om voedselvoorrade aan die leër en ander staatsinstellings te staak. Daardeur wou hul die goewerneur en sy regering ver= plig om nie die bandiete te laat land nie. Hospitale en gevangenisse het swaar gely onder die voorstanders van die Anti-Bandietevereniging se onwilligheid om produkte aan die betrokke instansies te lewer.[141] Die Durbanville-gebied met sy groot voorrade aan lewensnoodsaaklike vleis en koring was dus een van die sterk troefkaarte teen die owerhede. Sakemanne soos Benjamin Norden van Kaapstad wat nie die boikot wou steun nie, is uitgejou en sy vensterruite is stukkend gegooi. Gelukkig kon die Anti-Bandietevereniging die Koloniale Sekretaris, John Montagu, oortuig dat die

94 / Kaap

140 The Cape Monitor, no. 1896, 22 Julie 1862.

141 A F Hattersley : An illustrated social history of South Africa, p. 161.

University of Cape Town

Kaap reeds so baie antagonistiese elemente bevat het, dat dit onvanpas sou wees om nog so 'n element by te voeg.[142] Die vlagskip Glentanner het in Februarie 1850 die nuus ge= bring dat die Neptune sy ankers moes lig. Die boikot was dus geslaag.[143] Op 16 Februarie is graaf Grey se beslissing in die Cape Town Gazette aangekondig en op 23 Februarie het die Neptune sy anker gelig. Kerkklokke in Kaapstad en die buitedistrikte het die heuglike tyding verkondig.[144] Vuur= werkvertonings was aan die orde van die dag en honderde lig= gies het aan die skepe se maste gewaai.

Die dorp, D'urban, het stadig maar seker gegroei en meer dienste is mettertyd aan die inwoners beskikbaar gestel. Die South African Bank van Kaapstad het so vroeg as 1839 stappe gedoen om die mense van D'urban by sy diens te be= trek[145], terwyl die bekende dr Biccard van D'urban, lank 'n direkteur van die Commercial Bank was.[146] Die De Protecteur Brand en Levens Assurantie Maatschappy wat op 29 September 1838 in Kaapstad gestig is met 'n kapitaal van £40,000, het sy voelers na Durbanville uitgesteek waar veldkornet S J van der Spuy sy agent was.[147]

Brande was 'n groot gevaar vir die graanboer met sy groot hoeveelhede brandbare materiaal. Abraham van Reenen was

95 / gelukkig

142 A F Hattersley : An illustrated social history of South Africa, p. 162.

143 P W Laidler : A tavern of the ocean, p. 164.

144 A P Roux : Rebellie sonder gewere, pp. 251, 252.

145 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1756, 16 Augustus 1839.

146 The Cape Monitor, no. 870, 4 April 1860.

147 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1713, 19 Oktober 1838.
The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1943, 17 Maart 1843.

University of Cape Town

gelukkig om met snelle hulp van bure sy plaashuis en oes van vuur te red.[148] A Louw was minder gelukkig toe sy huis in Durbanville wat hy aan Arend Brink verhuur het, in Maart 1857 afgebrand het. Hoewel daar baie omstanders was wat die vuur kon help blus, het die skade nogtans £75 beloop. Gelukkig was die eiendom verseker.[149]

Veldkornet Van der Spuy was ook die agent vir die koerant, De Ware Afrikaan[150] en 'n nuwe Hollands-Engelse weekblad, Het Volksblad, was ook vanaf Januarie 1856 in omloop in die distrik.

'n Geleentheid waar daar wel groot skade aangerig is, was tydens die orkaan van 1856 en die swaar reëns van 1862-63. Op 23 Februarie 1856 het 'n orkaan die Koeberg getref. Swaar reëns het neergestort en rukwinde het die gerwe stuk=kend, en van die miedens af gewaai en rietdakke beskadig. Daar is ook 'n geval aangemeld waar verwilderde en verskrikte perde met 'n snymasjien op loop gesit het nadat 'n rukwind die plaas getref het.[151] Die stortreëns van 1862 het egter veel groter skade in en om die dorp aangerig. Die gewel van die N G Kerk op Philedelphia en die mure van 'n skoolkamer het as gevolg van die reëns ingestort.[152] Die Twaalfmylbrug oor die Elsieskraalrivier het ook ingestort.[153] Selfs die spoorlyn het op 'n paar plekke verspoel en poskoetse moes tydelik die treinvervoer dra. Drr Herman en Biccard van Malmesbury het byna verdrink in 'n drif by Van Niekerk se

96 / plaas

University of Cape Town

148 The Cape Monitor, no. 520, 18 Februarie 1857.
149 The Cape Monitor, no. 528, 18 Maart 1857.
150 Het Kaapsche Grensblad, 6 Desember 1838.
151 The Cape Monitor, no. 420, 5 Maart 1856.
152 The Cape Monitor, no. 1895, 19 Julie 1862.
153 The Cape Monitor, no. 1895, 19 Julie 1862.

plaas. Die perde het verdrink, die perdekar is meegesleur en die twee here het ternouernood aan die dood ontkom.[154] Die Durbanville-tronk is erg beskadig deur die stortreën[155] en omdat die dorp nie voorsien was van behoorlike waterlei=dings nie, het die vloedwater groot skade aan die paaie aangerig en gate van tot drie voet diep in die strate ge=spoel.[156] As gevolg van graan- en veeverliese was sake swak op die dorp, baie Kleurlinge was sonder werk en die pryse van sekere voorrade was hoog.[157] In 1863 is groot vloedskade ook aan die spoorlyn by Kuilsrivier en Eersterivier aangerig. Die doemprofete wat teen die koms van die spoorlyn was, het na die ramp gebrom en gesê hul het geweet hierdie nuwe ding sou nooit werk nie.[158] Die 1863-stortreëns het ook veroor=saak dat die Mosselbanksrivierbrug erg beskadig is en teen 'n koste van ongeveer £150 herstel moes word.[159]

Die feit dat Durbanville binne trefafstand van Kaapstad was, het daartoe bygedra dat die mense beter mediese sorg gekry het as wat die geval was in baie dorpe dieper die binneland in. J B Hofman, Sekretaris van die Burgersennaat, het op 3 Julie 1807 die inwoners van die distrikte Tygerberg, Koe=berg en Zwartland in 'n advertensie ingelig dat 'n medikus hul gratis sou inent teen die gevreesde pokkies.[160] Tydens die uitbreek van hierdie siekte in 1812, is geen steen onaange=roer gelaat om die mense van die buitedistrikte te wete

97 / Stellenbosch

---

154 The Cape Monitor, no. 1901, 2 Augustus 1862.

155 The Cape Monitor, no. 1929, 7 Oktober 1862.

156 The Cape Monitor, no. 1933, 16 Oktober 1862.

157 The Cape Monitor, no. 1939, 30 Oktober 1862. Gedurende hierdie tyd het vleis in Durbanville byvoorbeeld elf pennies per pond gekos teenoor die vyf pennies per pond in die Paarl.

158 Cape and Natal News, 15 April 1863, p. 114.

159 Cape of Good Hope Annexures to the Votes and Proceedings of the Houses of Parliament 1863 no. 27, p. 15.

160 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 77, 4 Julie 1807.

University of Cape Town

Stellenbosch, Paarl, Tygerberg, Koeberg en Zwartland in te ent nie.[161] Lyste van persone wat die siekte opgedoen het, was by die Fiskaal se kantoor te sien en daaruit blyk dit dat veral die slawebevolking slagoffers van hierdie siekte was.[162] In 1827 het dr Fairbridge, distriksgeneesheer, die Kaapse ingesetenes verwittig dat hy na die Koeberg gaan ver= huis waar hy 'n praktyk op M van der Spuy se plaas gaan open.[163] In 1839 het die Kaap en sy buitedistrik 'n buitengewone hoë sterftesyfer gehad aangesien 'n maselepidemie aan die Kaap uitgebreek het.[164] Die Bandietinrigtings in die Durbanville-gebied is gereeld deur mediese beamptes bedien[165] wat moes toesien dat die algemene gesondheid van hierdie belangrike arbeidsmag van 'n hoë standaard was. Die uitbreek van 'n pokkiesepidemie in 1858 het veral Malmesbury kwaai getref. Dr Frankel, distriksgeneesheer van Kaapstad, het gekla oor die onwilligheid van baie mense om hulle te laat immuniseer.[166] In Oktober 1858 is 'n geval van pokkies ook in Durbanville aangemeld.[167] Ene De Waal van Joostenberg was nog fris en

98 / gesond

---

161 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 324, 28 Maart 1812.

162 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 324, 28 Maart 1812.

163 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1132, 21 September 1827.

164 Cape Blue Book 1839, p. 199. Return of the population and of the Marriages, Births and Deaths.

165 Cape of Good Hope Almanac, 1846. J Laing was in 1848 mediese beampte by die bandietinrigtings by Kuilsrivier en Tygervallei.

166 De Ware Afrikaan, 25 September 1858.

167 The Cape Monitor, no. 716, 23 Oktober 1858.
Het Volksblad, 30 Desember 1862. 'n Berig oor 'n soort plant wat jou binne 12 uur van pokkies genees, het baie mense met hoop vervul.

University of Cape Town

gesond toe hy 'n vendusie by Mosselbanksrivier bygewoon het. 'n Week later het hy aan pokkies gesterf.[168] Die mense van Durbanville was so bevrees na hierdie voorval, dat mense gehuur moes word om die oorledene graf toe te dra, aangesien sy vriende en familielede nie die risiko van moontlike be= smetting wou loop nie.[169]

Die Biccard-familie wat diep spore in Durbanville se geskie= denis getrap het, het op geneeskundige gebied wye erkenning geniet. Dr L G Biccard (1775-1822) was die eerste mediese dokter wat amptelik gelisensieerd was om in Suid-Afrika te praktiseer. Sy seun, dr F L C Biccard (1809-1884)[170], was die eerste medikus aan die Kaap wat chloroform vir verdowing gebruik het. Dit het in 1850 plaasgevind. Tien jaar tevore het hy ook tydens 'n pokkies-epidemie 'n lazaretto in die Ty= gerberg beheer. Die snykundige vaardigheid van dr F L C Biccard is aan 'n streng toets onderwerp toe hy in 1861 in die teenwoordigheid van dr Williamson van Malmesbury en sy eie seun, dr L F B Biccard junior, 'n baie delikate operasie op ene mej Bosman in 'n Kaapse sanatorium uitgevoer het. 'n Groot gewas is onder uiters moeilike omstandighede, geslaagd verwyder.[171] Dr F L C Biccard se boek, Volksgeneeskunde voor Zuid-Afrika[172], wat in 1867 deur Juta gepubliseer is, het 'n bekende op menige boekrak geword en besit vandag Africana-waarde. Die Biccards se bande met Durbanville is

99 / na

168 The Cape Monitor, no. 719, 3 November 1858.

169 The Cape Monitor, no. 719, 3 November 1858.

170 The Cape Monitor, no. 352, 11 Julie 1855. Dr F L C Biccard het hom ook as plantkundige van formaat onder= skei.

171 The Cape Monitor, no. 1052, 24 Augustus 1861.

172 P W Laidler & M Gelfand : South Africa. Its medical History 1652-1898, p. 283.

University of Cape Town

na dr F L C Biccard se dood voortgesit toe sy seun daar kom aftree het. 'n Straat wat na die Biccard-familie vernoem is, herinner vandag nog aan hierdie baanbrekers wat mettertyd sinoniem met die dorp en distrik geword het.

In hierdie hoofstuk is verskeie fasette van die dorpsontwikkeling te wete die ontstaan en groei van die plaaslike regering, die geregsmasjinerie, plaaslike dienste en die sosiale verkeer toegelig. Daar was in die D'urban van 1863 weinig ooreenkoms te bespeur met die Pampoenkraaluitspanning waar John Jones hom in 1806 gevestig het.

University of Cape Town

100 / HOOFSTUK IV

HOOFSTUK IV

DIE GESKIEDENIS VAN DIE KERK EN SKOOL

Die vroeë geskiedenis van Durbanville was intens ineenge= weef is met die geskiedenis van die N.G. Kerk. Kerk en skool was sedert die vroegste tye onlosmaaklik verbonde aan mekaar.

Hierdie openbare uitspanning, geleë aan die hoofweg na die binneland, was ꞌn gewilde bymekaarkomplek van die boere van die omgewing.[1] Dit was vroeg reeds die plek waar met vreemdes kennis gemaak en saketransaksies met handelaars beklink is. Aangesien die uitspanning so sentraal geleë was, het die ge= dagte in 1824 sterk na vore getree om ꞌn kerk daar te bou wat as die middelpunt van ꞌn afsonderlike gemeente sou dien. die mense van Pampoenkraal en omgewing was voor 1826 vir hul kerklike voorregte aangewese op Kaapstad, Stellenbosch of die Zwartland. Die lang afstande het gereelde huisbesoek deur predikante en gereelde kerkbesoek deur lidmate, baie bemoeilik. Aangesien geen kerk sonder die toestemming van die goewerneur gebou kon word nie, het elf van die vernaam= ste ingesetenes van die Pampoenkraalomgewing besluit om sir Charles Somerset in hierdie verband te nader. ꞌn Versoekskrif wat 23 September 1824 gedateer is, is deur bemiddeling van die Landdros van Kaapstad en die Kaapse distrik, aan die goewerneur voorgelê.[2] Daarin is gevra dat drie tot vier morg grond aan die gemeente van Pampoenkraal afgestaan word waarop daar vir eers alleenlik ꞌn kerkgebou opgerig sou word.

101 / Die

1 Theal (ed) : Records of the Cape Colony, IV, pp. 359-360. Tydens ꞌn inspeksietoer wat in 1802 deur Truter en Somer= ville na die noordooste van die Kaapkolonie onderneem is, het hul op Pampoenkraal oornag en vars voorrade gekry voor hul na die Paarl vertrek het. Met hul terugkoms het hul by Phisantekraal en Maastricht aangedoen. Dit dui moontlik daarop dat Pampoenkraal so vroeg as 1802 reeds as ꞌn logiese deurgaanplek op pad na die binneland beskou is.

2 C.O. 8433, Cape letters 1818-1828, 23 September 1824. Die versoekskrif is deur die volgende persone onderteken : G A Willer, A Louw Senior, A J Meyburg, J A Louw Junior, P Louw, N W Loubser, W A van Niekerk, B J de Wit, H J Uys, F Liesching, J J Uys (veldkornet).

University of Cape Town

Die bykomstige geboue sou later gebou word namate die jong gemeente se geldelike toestand dit toelaat. Goedkeuring is verleen en 'n stuk grond van drie morg en twintig roede in die bodorp is vir hierdie doel deur die regering afgestaan.[3] 'n Dankbrief waarin op 'n oordrewe manier lof aan die goewer= neur toegeswaai is, is dadelik gestuur.

Op 4 Desember 1824 is 'n advertensie in die Staatskoerant ge= plaas waarin tenders vir die oprigting van 'n kerk te Pampoen= kraal gevra is[4], of vir die verskaffing van materiaal soos klippe, stene, kalk, riete en hout. Hierdie tenders kon tot op 17 Desember 1824 by die Landdroskantoor van die Kaapse Distrik of by mnr A E Willer van Tygerberg ingelewer word. Verdere besonderhede in sake die tenders sou op aanvraag verskaf word. Die publiek is ook versoek om so gou doenlik die bydraes wat hul beloof het, in te handig by die Land= droskantoor, die here Willer en Meyburg van die Tygerberg of by die heer J A Louw van Phisantekraal.[5] Die onderskeie tenders het ywerig met hul groot taak begin, maar die werk is gekortwiek by gebrek aan die nodige fondse. Toe die hoek= steen van die kerk op 1 April 1825 gelê is, het die skaduwee van ontoereikende fondse nog swaar oor die hele onderneming gehang. Die heer G A Willers wat die spreker by die geleent= heid was, het belangstellende instansies, bydraers en werkers vir hierdie gemeenskaplike ideaal, bedank vir die goeie gees waarin die werk tot sover gedoen is.[6] Daar is by die re= gering om hulp aangeklop en daar is weer eens gewys op die

102 / groot

3 C.O. 8433, Cape Letters 1818-1828, 20 Mei 1825.

4 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 986, 4 De= sember 1824.

5 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1000, 19 Maart 1825.

6 Het Nederduitsch Zuid-Afrikaanse Tijdschrift, Deel II, no. 2, p. 136.

University of Cape Town

groot waarde van "een heilige plaats van aanbidding voor de dienst van God in belang van de Familien, hunne kinderen, Hottentotten en Slaven."[7] Die Kaapse Weeskamer het byge= dra deur £375 sonder rente vir die bou van die kerk voor te skiet.[8] Die res van die fonds is verkry deur vrywillige by= draes en daar is met trots aangekondig dat die mooi bedrag van 634 Riksdaalders reeds op so 'n manier byeengebring is. Daar kon voortgegaan word met die bouwerk wat onder toesig van die landdros en heemrade plaasgevind het. Die sierlike preekstoel is dan ook deur die landdros en heemrade aan die jong gemeente geskenk. Daar is sodanig met die bouwerk ge= vorder dat daar besluit is om die kerk op die eerste Sondag in Augustus 1826 in te wy.[9]

Die inwydingsdatum, 6 Augustus 1826, is weer deur G A Willer in die Staatskoerant bevestig en belangstellendes is versoek om by hierdie groot geleentheid teenwoordig te wees.[10] Ds J G Berrange van die Moedergemeente, Kaapstad[11], is as kon= sulent aangewys. Die gemeentelede was in groot getalle by die inwyding aanwesig. Op hierdie heuglike dag is die eerste kind in die kerk gedoop. By die tweede sinode van die N.G Kerk te Kaapstad is ds J G Berrange amptelik as konsulent van die gemeente benoem en die eerste kerkraadvergadering is

103 /

University of Cape Town

---

7 A Dreyer : Kerksouvenir van Durbanville, p. 6.

8 The Cape Monitor, no. 77, 7 Januarie 1852. Daar is vergelykenderwys min geld deur die Weeskamer aan D'urban toegestaan. Caledon het byvoorbeeld £750, George £900, Uitenhage £750 en Somerset £1275 vir dieselfde doel ge= kry. Hierdie bedrae is later vrygeskeld en het in die Wetgewende Raad weerklank gevind toe Raadslid Godlonton dit gebruik het om te illustreer hoe noodsaaklik wetge= wing in verband met lenings aan kerke was.

9 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1070, 14 Julie 1826.

10 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1073, 4 Augustus 1826.

11 C.O. 208, 29 Oktober 1824.



Die N. G. Kerk, Durbanville

op Sondag, 25 Februarie 1827 gehou. Op hierdie vergadering is Hendrik Franciois Mellet as voorleser en koster benoem. Hy sou £30 per jaar en vry inwoning as vergoeding ontvang. Hy moes ook "leeskerk" hou as die dominee nie daar was nie en as hy wel daar was, moes die voorleser ŉ sekere skrif= gedeelte, die Tien Gebooie en die Geloofsartikels voorlees vanaf ŉ verhogie wat voor die preekstoel gestaan het. Op weeksdae moes hy skoolhou.

Hierdie N.G. Kerk, pragtig geleë teen die uitkykheuweltjie bo Durbanville, was een van die eerste veertien dogterkerke in die land. Na die dood van dominee J C Berrange in 1827, is ds James Edgar, ŉ vurige Skotsman, op 26 Mei 1828 as pre= dikant en onderwyser aangestel.

Uit vrees dat ŉ verdwaalde vonkie van die ossewa-kerkgangers, wat oudergewoonte rondom die kerk laer getrek het, se kook= vuurtjies sou opspat en die dak van dekriet laat vlamvat, is die bestaande ringmuur in 1833 gebou om dié bedreiging op ŉ veiliger afstand te hou. Interessant is die buitengewone familiegrafkelders al op ŉ ry af aan die binnekant van die ringmuur. Hier rus die oorskot van bekende en vooraanstaande gemeentelede uit hierdie tydperk en daarna soos die Duminys, Louws, Van der Spuys, Kirstens en ander.

Hoewel die kerk en die skool saam gegroei het en laasgenoemde ŉ integrerende deel van eersgenoemde was, sal hierdie be= langrike twee fasette van die gemeenskap afsonderlik bespreek word.

Wat die N.G. Kerk betref, is daar wat betref die ledetal,

University of Cape Town

i

Die familiegrafkelders aan die bin=
nekant van die ringmuur van die
N.G. Kerk

finansies en ampsdraers die volgende te berig[12] : Die kerkgebou wat aanvanklik vierhonderd mense kon hou, het in 1843 sitplek vir vyfhonderd persone gehad[13], en daar is be= gin met 'n Sondag- en aandskool vir Kleurlinge wat nie die dagskool kon bywoon nie. Tot veertig leerlinge, hoofsaak= lik volwassenes, het die klasse gereeld bygewoon tot Novem=

106 / ber

12 Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tijdschrift, p. 425. Die N.G. Kerk van D'urban was saam met die N.G. Kerke van Kaapstad, Stellenbosch, Wynberg en Paarl saamgroepeer in een presbiterie; Statute Law of the Cape of Good Hope 1652-1853, p. 620. Daar was nog vier ander N.G. Presbiteries naamlik Tulbach, Swellendam, Graaf-Reinette en Albanië; Cape of Good Hope Almanac, 1846, p. 224. In die Kaapse Divisie was daar in 1846 nog net vier Hol= lands- Calvinistiese kerke te wete die kerke by D'urban, Wynberg, Malmesbury en Piketberg.

13 Cape Blue Book 1838. Educational Return, p. 200; 1843. Educational Return, p. 253.

University of Cape Town

ber en Desember wanneer die oesmaande hul aandag op die plase geverg het. Die totale bevolking van die Durbanville-gemeente was in 1845 al 2000.[14] Hierdie gemeente het in 1846 ongeveer 100 vierkante myl beslaan. Die aantal vrygestelde slawe wat tot hierdie kerk behoort het, kon nooit met presiesheid vasgestel word nie.[15] Die bywoning van die Sondagskool was ook wisselvallig vanweë die lang afstande wat baie van die gemeentelede van die kerk af gewoon het. Die predikant het klasse gelei om jong katkisante voor te berei vir aanneming. Die predikant, ds. J J Beck wat reeds sedert 1834 die Durbanville-gemeente bedien het, het 'n pastorie gehad asook 'n aanliggende stuk tuingrond of Glebe. Die kerkbywoningsyfer was wisselvallig[16] en is beïnvloed deur faktore soos weersomstandighede, verbindingsweë en oes- saai- en ploegtyd op die plase. In 1858 was die gemiddelde kerkbywoning 600 uit 'n totale ledetal van ongeveer 1600, hoofsaaklik blankes. As gevolg van die uitbreiding van die distrik en vanweë die lang afstande, is maandelikse dienste ook in die Koeberg en Kuilsrivier gehou.[17] Die Sondag- en aand=

107 / skool

14 Cape Blue Book 1845. Ecclesiastical Return, p. 236.

15 Cape Blue Book 1846. Exxlesiastical return, p. 263.

16 Cape Blue Book 1853, Ecclesiastical Return, p. 320. Kerkbode 1850, Book II, p. 346. Relatiefgesproke was die D'urban-gemeente met sy 400 lede 'n klein gemeente. Gedurende die jare 1849-1850 het Kaapstad byvoorbeeld 6211, Stellenbosch 1000 en die Paarl 1228 ingeskrewe lede gehad. Die doopsyfer vir D'urban was 50 teenoor die 219, 64 en 128 van genoemde drie gemeentes en D'urban se aannemingsyfer was 22 teenoor 147, 38 en 52 van die ander drie dorpe.

17 Cape Blue Book 1858. Ecclesiastical Return, p. X8.

University of Cape Town

skool is in beide die Hollandse as Engelse mediums gehou. In 1862 sou ds. Heugh Sondagoggende in Hollands preek en Sondagmiddae in Engels.[18]

Die wedersyds betrokkenheid van kerk en skool word onder= streep deur die pos van Kerkklerk. Hierdie pos is outoma= ties deur die onderwyser beklee en wanneer so ŉ betrekking geadverteer is, is dit gekoppel aan dié van onderwyser. Benewens ŉ jaarlikse salaris van £30 is ŉ vry huis aan so ŉ persoon verskaf.

Die instandhouding van die kerk en ander verwante dienste het groot uitgawes teweeggebring. Hier word gedink aan die al= gemene herstelwerk aan die kerkgebou, versekering, terug= betaling van lenings, koste in verband met die voltooiing van die kerkgeboue, armsorg, die koster se salaris en by= draes tot die sinodale fonds. Fondse vir hierdie algemene instandhouding is verkry deur die kollekte vir armes, die verhuur van kerkbanke, skenkings, begrafnisfooie en die ver= koop van kerkeiendom.[19] So is die sentraalgeleë eiendom, erf no. 13, in 1853 te koop aangebied.[20] Die kerk het nie slegs op materiële gebied probeer voorsorg tref nie, maar het ook ŉ wakende oog gehou oor dié dinge wat volgens hul mening, die ware roeping van die kerk in gedrang kon bring. Die Vrywillige Beginsel (Voluntary Principle) waarvolgens finansiële steun aan kerke deur die staat op ŉ grondslag van vrywillige bydraes sou berus, is sterk deur die Durban=

108 / ville

18 The Cape Monitor, no. 1939, 30 Oktober 1862.

19 Cape Blue Book 1842. Return of Local Revenues, pp. 52, 53.

20 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2516, 22 Desember 1853.

University of Cape Town

ville-gemeente teengestaan. In 'n petisie wat deur ene De Wet aan die Wetgewende Raad voorgelê is, is die staat daar= op gewys dat hy gebonde is om op elke moontlike wettige ma= nier, ook wat geldelike steun betref, by te dra tot die "support and spread of the Christain religion as the only true basis of public prosperity."[21] Die petisie is deur J G van der Spuy en 78 ander petisionarisse onderteken.

'n Belangrike bron van inkomste sowel as een van die sosiale hoogtepunte van die jaar, was die tradisionele kerkbasaar.[22] Sulke basaars het 'n jaarlikse instelling geword om fondse vir een of ander verdienstelike saak in te vorder. So word daar berig van 'n basaar wat in 1849 in D'urban gehou is : "De bazaar, onlangs alhier gehouden tot stijven van het Susten= tatiefonds dezer gemeente, heeft £180 opgebracht."[23] Oor 'n besondere suksesvolle kerkbasaar in 1860 het 'n korrespondent trots aan die lesers vertel presies hoe bekwaam dinge gedoen word op Durbanville wat hy as 'n "paltry and obscure village"[24] beskryf. Die basaar is in die nuwe hofgebou gehou en lewende hawe tuisgebak en ander plaasprodukte is te koop aangebied. Die basaar het om tienuur begin en teen twee-uur was alles verkoop. Ds Beck wat toe reeds 25 jaar in die Durbanville-gemeente gedien het[25], het trots verklaar dat dit die suk= sesvolste basaar in sy verblyf in D'urban was. 'n Bedrag van £500 is ingevorder. 1860 was blykbaar 'n jaar van hoogte= punte vir die kerk, want die nuwe orrel wat deur ene mnr Bredell van Kaapstad vir die Durbanville-kerk gebou is, is

109 / op

---

21 The Cape Monitor, no. 333, 5 Mei 1855.

22 The Cape Monitor, no. 1852, 8 April 1862; no. 1844, 20 Maart 1862.

23 De Kerkbode Boek I, 1849, p. 352.

24 The Cape Monitor, no. 843, 4 Januarie 1860.

25 L G Green : In the land of the afternoon, p. 18.

op die laaste Sondag van Maart, 1860, seremonieel in ont=
vangs geneem.[26]

Die predikant wat deur die Koloniale Sekretaris aangestel is, het 'n jaarlikse staatstoelae ontvang.[27] Ds Beck wat op 1 November 1833 aangestel is, moes ook dien as lid van die skoolkommissie. Daarvoor het hy geen vergoeding ontvang nie. Daar moes egter 'n huis aan hom beskikbaar gestel word uit die kerkfonds. Vanaf 1863 het ds Beck nog 'n addisionele jaarlikse toelae van die gemeente ontvang[28] Laasgenoemde voorreg het ook die Kerkklerk te beurt geval as deel van sy vergoeding.

Die kerk- en die eredienste was 'n sterk en bindende faktor, hoewel daar soms onderliggende vraagstukke was wat sekere kerklike aangeleenthede betref. Weens die sterk godsdien= stige inslag van die gemeentelede, was kritiek ten opsigte van ds Beck se doen en late nie uitgesluit nie. 'n Korrespon= dent kla in Desember 1838 dat ds Beck in sy vyf jaar te D'urban nog net een maal huisbesoek gedoen het "vergezeld van eene Subscriptie lyst tot het opbouw van de thans bestaande Pa= storie."[29] Hy sê verder dat daar toe slegs by vermoënde mense besoek afgelê is en hy wonder hoe D'urban se leraar en ouderling wat nie behoorlik huisbesoek doen nie, dan voor die Sinode verbykom. Vroeg die volgende jaar is daar weer in die koerant gekla dat ds Beck nie 'n diens gehou het op Kersdag nie, maar die dag in sy pastorie deurgebring het. Hy is be=

110 / skuldig

---

26 The Cape Monitor, no. 867, 24 Maart 1860.

27 Cape Blue Book 1840. Ecclesiastical Return, p. 230; 1838. Clerical and School Establishment, p. 164; The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2273, 21 Junie 1849.

28 Cape Blue Book, 1863. Educational Return, X10-13.

29 Het Kaapsche Grensblad, 17 Desember 1838.

skuldig van pligsversuim en die klaer wou hê dat daar op hoë vlak teen ds Beck opgetree moes word.[30] In 'n ander koerantberig is daar versoek dat die leraars van die 19 be=staande N.G. Kerke se salarisse besnoei word om meer Gere=formeerde predikante tot die diens toe te laat. So is daar gevra dat D'urban se predikant se jaarlikse salaris van £200 tot £160 verminder behoort te word.[31] Ds Beck is ook deur 'n oorsese korrespondent gekritiseer oor die wyse waar=op die gemeente se nuwe orrel op 'n Sondag in gebruik geneem is. Hy het verwys na die toesprake en heildronk en het ds Beck gevra of dit is hoe hy die Sabbat heilig. Hy het hom gewaarsku dat hy sodoende sy kudde kan laat struikel.[32] In Mei 1855 het ds Beck die wind op 'n heel ander manier van voor gekry toe hy naby die dorp uit sy perdekar geval en benewens veelvuldige beserings, sy skouerbeen erg beseer het.[33] Hoe=wel die kerkraad vanweë die kritiek op hul leraar in 'n onge=maklike posisie moes gewees het, het hul tog lojaal teenoor ds Beck gebly.[34]

Die name van die kerkraadslede weerspieël die name van hul nasate van wie baie vandag nog in die dorp en distrik woon soos die Van der Spuys, Malans, Van Breda's, Uyse[35], Theunis=sens, Schabords, Neethlings, Louws en andere.[36] Ouderling

111 / Marthinus

30 Het Kaapsche Grensblad, 3 Januarie 1839.

31 Het Kaapsche Grensblad, 29 November 1838.

32 The Cape Monitor, no. 876, 25 April 1860.

33 The Cape Monitor, no. 338, 23 Mei 1855.

34 The Cape Monitor, no. 1816, 16 Januarie 1862. In hier=die jaar is ds Beck deur 'n aantal kerklidmate vereer toe hul hom 'n silwer inkkoker aangebied het. Die onderwyser en kategis, mnr Hoek, het 'n silwer likeurhouer ontvang.

35 Cape of Good Hope Almanac 1846, p. 383.

36 Cape of Good Hope Almanac 1844, p. 271.

Marthinus Laurentius Neethling Snr. verdien spesiale ver= melding. Hy was scriba en het jare lank sy dienste gratis verskaf. Die notule van die kerkraadsvergaderings tussen die jare 1830 en 1853 is in sy netjiese handskrif geskryf. As afgetrede ouderling het hy sy ereplek in die kerkbank be= hou nadat daar eenparig op 'n kerkraadsvergadering besluit is om hom so te vereer. As "de vraagbaak van allen, een raadgewer voor velen en de rechterhand van de predikant"[37] het hy diep spore in die gemeentelewe van Durbanville getrap.

Daar is reeds gewys op die wedersydse betrokkenheid van die skool en die kerk. Die N.G. Kerk van Durbanville het eers vanaf 1825 op 'n georganiseerde grondslag begin funksioneer en die bou van 'n kerkgebou was 'n prioriteit wat die eerste aandag geniet het.

Die onderwys in die gebied was nog op 'n baie losse voet en ongekwalifiseerde persone wat redelik vertroud was met die Bybel en wat kon lees en skryf, het as onderwysers op plase in die gebied opgetree. Boere het dikwels saamgespan om 'n onderwyser te bekom en te vergoed wat die kinders van aan= grensende plase op 'n sentrale punt moes onderrig. Daar is deur middel van advertensies gepoog om geskikte persone te bekom[38], maar dikwels moes gebruik gemaak word van gewone matrose by gebrek aan beter opgeleide leerkragte. Hierdie private skooltjies was dikwels ondoeltreffend soos bevind deur landdros J W Stoll van die Kaapse distrik wat die on= derwystoestande in 1824 ondersoek het. Daar was slegs twee openbare skole in die Kaapse distrik naamlik dié in Wynberg

112 / en

---

37 A Dreyer : Kerksouvenir van Durbanville, p. 14.

38 Cape Town Gazette, no. 486, 6 Mei 1815; Het Kaapsche Grensblad, 17 Oktober 1839.

University of Cape Town

en Malmesbury. Die tekort aan genoeg bekwame onderwysers was die groot knelpunt en dit was nie altyd maklik om hul uit Europa te laat kom nie. Veral die gebiede ver van die stad of drosdy het hierdie nypende tekort erg gevoel.[39] In 'n artikel waarin die onderwystoestande bespreek is, is aan die hand gegee dat elke diensdoende onderwyser elke jaar een of twee jongelinge moes oplei in lees, skrywe, reken= kunde, Engels, aardrykskunde, geskiedenis en die onderrig van die Hervormde godsdiens.[40] Bogenoemde vakkekombinasie, met die moontlike uitsondering van aardrykskunde en geskiedenis, was gewild in die Kaapkolonie, ook in die Durbanville-gebied, en word weerspieël in advertensies waarin geskikte onderwy= sers gesoek is.[41]

H F Mellet het in 1828 ongeveer 20 seuns en dogters in D'urban se Vrye Hollandse Skool onderrig. Die leerlingtal het gedu= rig gewissel totdat die skool in 1841 heeltemal leeggeloop het.[42] Enkele Durbanville-leerlinge het private onderrig verkies terwyl ander in Kaapstad skoolgegaan het. Die rede vir die vermindering in getalle kan toegeskryf word aan die arbeidskaarste op die plase gedurende hierdie tydperk. Die kinders moes help om die noodsaaklikste dienste te verrig.

113 / 'n

39 Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tijdschrift Deel I, Maart en April 1824.

40 Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tijdschrift Deel I, Maart en April 1824, pp. 212, 213.

41 Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tijdschrift Deel I, Maart en April 1824, pp. 212, 213. Cape Town Gazette, no. 997, 19 Februarie 1825; no. 999, 5 Maart 1825.

42 Cape Blue Book 1838. Clerical and School Establishment, p. 172. H F Mellet wie se aanstelling op 25 Junie 1825 deur die goewerneur bekragtig is, het 'n vergoeding van £30 per jaar en 'n vry huis gekry; The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1593, 1 Julie 1836; Cape Blue Book, 1838, p. 212, 218-219.

University of Cape Town

'n Verbetering in die bywoningsyfer het in 1842 ingetree,[43] en 1843 kan as 'n jaar van herlewing op onderwysgebied in die dorpie gesien word, want daar is 54 leerlinge ingeskryf in die dorpskool wat voortaan as die D'urban District School bekend sou wees. A de Beer, die nuwe onderwyser, was bevoeg om in sowel Hollands as Engels te onderrig. In 1844 is 'n Sondag- en aandskool tot stand gebring vir gekleurdes wat nie die dagskool kon bywoon nie. 40 leerlinge, meestal vol=wasse nes, het die aandskool bygewoon. In die juniorklasse was die voertaal Hollands, maar in die seniorklasse was dit Engels. Die District School het in 'n groot behoefte voorsien en albei landstale het voorkeur geniet, hoewel die bevolking van die Durbanville-gebied hoofsaaklik Hollands was.[44] Die Lancasterian-onderrigmetode is laat vaar en daar is in toe=ne mende mate gebruik gemaak van die nuwe riglyne in sake onderrig wat deur die onderwyser voorgestel is.[45]

'n Belangrike stap is op 14 Mei 1846 deur die kerkraad geneem toe besluit is dat 'n skoolgebou op die dorp gebou moes word. Tot op daardie tydstip is daar skoolgehou in die onderwyser se huis of in enige ander lokaal wat groot genoeg was om die aantal leerlinge te akkomodeer. Daar was woelinge te be=speur op die onderwysgebied, te oordeel aan samesprekings in dier voege op hoë vlak. Die Sinode van die N.G. Kerk van Suid-Afrika het in 1847 'n Kommissie van Opvoeding en Onder=wys aangestel met die opdrag om die daarstelling van 'n Onder=

University of Cape Town

43 Cape Blue Book 1842. Educational Return, pp. 246-247. Onderrig is volgens die Lancasterian-metode gegee.

44 Cape Blue Book 1843. Educational Return, p. 253.

45 Cape Blue Book 1844. Educational Return. Tot op hierdie tydstip is 'n wye reeks van onderrigmetodes gebruik byvoor=beeld die Bell-, Monitorial-, Wilderspun-, Nasionale Skool- en Britse Skoolstelsels.

wysinstituut van die N.G. Kerk te ondersoek. Hierdie aange= leentheid het momentum gekry toe die goedgekwalifiseerde heer Sluiter wat pas uit Holland aangekom het, hom gewillig verklaar het om as hoofonderwyser in so 'n instituut te dien. Die hoofdoel van die instituut sou wees om die onderwys te red van die "beklagenswaardige laagte waartoe het, althans in de Buiten-districten, vervallen ist."[46]

In 1851 is die eerste skoolgebou voltooi[47] en kinders kon onder geriefliker omstandighede onderrig word. Durbanville het egter ook die tekort aan onderwysers gevoel, want in 1853 moes die Distrikskool gesluit word aangesien daar niemand was om die onderrig waar te neem nie.[48] Daar is egter beoog om dit dadelik weer oop te stel sodra 'n geskikte persoon aangestel kon word. 'n Onderwyser, J Roth, is uit Holland laat kom, maar hy sou geen regeringsteun ontvang alvorens hy ook in staat was om Engels te onderrig nie.[49] Ds Beck moes eers 'n sertifikaat indien dat Roth genoeg Engels magtig was om deur middel van daardie medium te onderrig. Onder mnr Roth se bekwame leiding het die skoolbywoning verbeter en aand- en Sondagskoolklasse vir Kleurlinge is geopen.

Sendingwerk het die N.G. Kerk na aan die hart gelê en in 1849 is die daarstelling van 'n teologiese kweekskool waar sendelinge opgelei kon word, in die vooruitsig gestel. In 1850, tydens 'n jaarvergadering van die Zuid Afrikaansch

115 / Zendeling

46 Kerkbode 1847, Boek I, p. 4. Soos aangehaal uit De Zuid-Afrikaan van 5 Desember 1846.

47 Die skool was geleë op die perseel van mnr Schietekat se kafee.

48 Cape Blue Book 1853, Educational Return p. 368; Educa= tional Return Appendix p. 402.

49 Cape Blue Book 1853, Educational Return Appendix, p. 402.

University of Cape Town

Zendeling Genootschap in Kaapstad onder voorsitterskap van Sir Andries Stockenström, kon ds H J Beck berig dat daar in Durbanville reeds 'n afsonderlike gebou was wat vir sending=doeleindes gebruik is.

Net soos in die geval van die N.G. Kerk, het die Engelse kerk en skool in noue verband met mekaar gestaan. Grond vir 'n Engelse kerk is ten ooste van die uitspanning toege=staan deur die goewerneur. Aanvanklik was daar klagtes dat die kerkgrond te na aan die dam en sodoende in die pad was van die veetroppe wat na Twaalfmyl en Kaapstad gejaag moes word.[50] Die goewerneur het egter nie sy besluit gewysig nie. Reeds in 1857 het die Engelssprekende inwoners van Durban=ville onderneem om hul eie predikant te onderhou.[51] Hul het 'n bedrag gewaarborg vir die salaris van 'n persoon wat as onderwyser en predikant kon diens doen. Daar was nog nie 'n kerkgebou nie, maar 'n skoolklaskamer wat ook vir kerk=dienste gebruik kon word. Vanaf 1856 tot 1859 is dienste gehou op die perseel van mnr J King, eienaar van die bekende D'urban Wagon Works. Die eerste voltydse predikant, ds G H R Fisk, sou die dienste waarneem.[52] In 1857 is daar besluit om tot die stigting van 'n Engelse sendingskool oor te gaan en die daad is by die woord gevoeg. Die skool is in dieselfde jaar nog geopen met ds Fisk as hoof van hierdie sendingskool. Daar is ook begin met aandklasse twee maal per week. Verder is 'n sendingskool te Twaalf Myl, die huidige

116 / Bellville

50 C.O. 4094, 13 Augustus 1857.

51 South African Church Magazine, April 1857 p. 159.

52 South African Church Magazine 1857 p. 295. By 'n sere=monie in die St Saviour-kerk in Claremont het ds Fisk die priesterskap op Trinity-sondag ontvang van die biskop van die bisdom. Ds Fisk was predikant op George voordat hy na Durbanville gekom het.

University of Cape Town

Bellville, geopen in samewerking met die gemeente van D'urban.

Met al sy verpligtinge en uitgawes was dit ooglopend dat fondse benodig sou word en die gedagte is uitgespreek dat 'n groot basaar gehou moes word om hierdie veldtog te loods.[53] Dit is met groot spyt dat die mense van D'urban verneem het dat ds Fisk bevorder is tot kapelaan en dat hy 'n betrekking in New Kloof, Tulbach, aanvaar het.[54] As blyk vir die dienste wat hy as baanbreker in die dorp gelewer het, het W Jessup 'n goue kettinghorlosie aan ds Fisk oorhandig.[55]

Ds George Lawrence[56] het ds Fisk in 1860 opgevolg as onder=wyser by die Engelse Sendingskool. Ds Lawrence het dienste in Hollands en in Engels gehou. Hy het die plaaslike tronk twee keer per week besoek, twee dienste per week in die dis=trik gehou en een keer per week die kerkdiens in die dorp gelei in die geskiedkundige All Saints-kerkie. Onder P R Mollet het die Engelse kerkskool weer mooi tekens van groei getoon. Die aantal leerlinge van 44 in 1862 het vermeerder na 73 in 1863.[57]

Die All Saints-kerkie aan die kant van die eeu-oue bloekom=

117 / laning

University of Cape Town

53 The Cape Monitor, no. 716, 23 Oktober 1858.

54 The Cape Monitor no. 967, 7 Februarie 1861. Sy verblyf in Tulbach was kortstondig, want in 1861 is hy na Paarde=poort verplaas.

55 The Cape Monitor no. 846, 14 Januarie 1860.

56 L G Green : In the land of the afternoon, p. 20. Ds Lawrence sal onthou word as die persoon wat indirek ver=antwoordelik was vir die aanplanting van ongeveer 3000 bloekombome langs Durbanweg. Hierdie historiese bloekom=laan waarmee in die 1870's begin is, moes in 1973 wyk voor die verbreding van Durbanweg. Slegs enkele van die bome het behoue gebly.

57 Cape Blue Book, 1862. Educational Return, p. Y 10; Cape Blue Book, 1863. Educational Return, p. Y 10.

laning, is saam met die pastorie reeds in 1860 opgerig. Hoewel dié pophuiskerkie steeds sy oorspronklike houtdeure het, is die gemeentebanke reeds met nuwes vervang. Net soos die geslagte voor hulle, word die jong kinders van die gemeente nog uit die ou klipfont gedoop wat spesiaal uit Bath, Engeland, ingevoer is. Skuins binnekant die ingang staan die ou kerkklok wat uit die jaar 1812 dateer en wat eens op 'n tyd as skeepsklok diens gedoen het.[58]

In Maart 1862 is daar aangekondig dat die Engelse kerk 'n groot basaar gaan hou op 'n oop stuk grond by Twaalf Myl, ten behoewe van die kerkboufonds.[59] Die goewerneur en mevrou Wodehouse sou as beskermhere optree en die offisiere van die 11de Regiment sou verder luister aan die aangeleentheid verleen.[60] 'n Spesiale treindiens sou ingestel word om belangstellendes van Kaapstad na Twaalf Myl te vervoer.[61] Openbare belangstelling was goed, te oordeel aan die lewende hawe wat geskenk is om te verkoop. Nieteenstaande die sterk suidoostewind het 'n groot skare Kaapstad per trein verlaat om die basaar by te woon. 'n Groot verskeidenheid produkte en tuisgebak is in die groot markiestent te Durbanweg uitgestal. Met die aankoms van die goewerneurspaar teen twaalfuur is die Britse volkslied deur 'n orkes gespeel. Daar was ongeveer 1600 mense teenwoordig en behalwe die markiestent, het die restaurant van ene mnr Taylor by Durbanwegstasie, goed sake gedoen. 'n Baie goeie gees het onder die verskil=

118 /

58 Radio en T.V. p. 10.

59 The Cape Monitor, no. 1844, 20 Maart 1862. 'n Korrespondent wat homself "The Owl of the Chapel Porch" noem, weerlê bewerings van 'n ander korrespondent dat D'urban nie 'n Engelse kerk nodig het nie en dat daar onmin tussen ds Fisk en sekere gemeentelede bestaan.

60 The Cape Monitor, no. 1840, 11 Maart 1862.

61 The Cape Monitor, no. 1846, 25 Maart 1862.

University of Cape Town

i



Die perseel van J King, eienaar van die D'urban Wagon Works, waar kerk=dienste eers gehou is.

ii



Die All Saints-kerk

University of Cape Town

lende taalgroepe geheers en baie Hollandsprekendes het met die reëlings gehelp.[62] Na 'n baie suksesvolle dag het 'n stampvol trein terug Kaapstad toe vertrek.

Beide die Hollandse en Engelse kerke was sterk samebindende faktore in die geskiedenis van Durbanville en sy mense en het 'n belangrike rol gespeel in die skoolopleiding en al= gemene opvoeding van die jeug.

University of Cape Town

120 / HOOFSTUK V

62 The Cape Monitor, no. 1847, 27 Maart 1862.

HOOFSTUK V

KOMMUNIKASIEPROBLEME EN DIE GELEIDELIKE OPLOSSING DAARVAN

Vanweë die Durbanville-gebied se geografiese ligging, word dit van die see afgesny deur die Kaapse Vlakte wat in die vorm van 'n hoefyster om hierdie gebied lê. Aangesien die Kaapse Vlakte 'n byna onbegaanbare en ondeurdringbare gebied vir die vervoermiddels van die 1800-1863-tydperk was, was dit 'n belemmerende faktor in die ontwikkeling van Durbanville en sy omgewing en het dit as sulks groot kommunikasieprobleme geskep. Hierdie uitgestrekte, sanderige gebied het groot invloed op die ontwikkeling van die Durbanville-gebied gehad omdat dit aan drie kante te wete die Weste, Suide en Suid=ooste, 'n deel van hierdie gebied uitgemaak het. Verder het 'n groot deel van hierdie dorp se hinterland uit die Kaapse Vlakte bestaan wat, as gevolg van sy geografiese ligging, noodwendig 'n invloed op die vorming van die Durbanville-gemeenskap moes hê. Die stryd om hierdie woeste landstreek te tem, hang dus nou saam met die algemene ontwikkeling van verbindingsweë en die ontwikkeling van die pos- en algemene vervoerdiens aldaar.

Voordat die stryd om die Kaapse Vlakte te tem bespreek word, moet die geografiese ligging van die gebied nader omskryf word. In 'n publikasie van goewerneur J W Janssens in Rade gedateer 29 September 1803[1], word daar na die Kaapse Vlakte verwys sonder om 'n omskrywing daarvan te gee. In die tyd van die Hollands Oos-Indiese Kompanjie is daar in die volks=mond na hierdie gebied verwys as die Kaapsche Duinen of

121 / Zand

1 Statute Law of the Cape of Good Hope, 1652-1853, pp. 368, 369.

University of Cape Town

Zand Vlakte[2], maar dit was eers in Sir Benjamin D'urban se tyd dat die Kaapse Vlakte duidelik omskryf is. Ordonnansie no. 5 van 1836 het hierdie gebied as volg omskryf :
"All the lands situated to the eastward of the Salt and Swart Rivers to the Sand Valley near Muizenberg; thence along the shores of False Bay to the mouth of the Eerste River; then ascending the right bank of the Eerste River to the place of Mr Faure, at the lower drift of the river; thence to the place of Mr Neethling, at Kuils River; thence to Stikland; thence to Tyger Valley and the place The Grendel, at the foot of Tygerberg; and thence to the Compagnies Dam, under the Blueberg to the sea."[3]

Daar is alle aanduidings dat die Kaapse Vlakte wat ongeveer 400 vierkante myl beslaan, so onlangs as 5000 jaar gelede onder water was. Daar word tot hierdie gevolgtrekking gekom na aanleiding van fossielfondse van seediere wat in hierdie gebied gevind is. Selfs in die tyd van Simon van der Stel was groot dele van die Kaapse Vlakte onder water en die goewerneur was besiel met 'n ideaal om 'n kanaal tussen Ta= felbaai en Valsbaai te bou. Hierdie skema is laat vaar om= dat die slote gou toegewaai het.[4] Groot massas sand word na willekeur deur die sterk winde rondgewaai. Die bekende Kaapse Suidooster waai uit die Suidooste in die rigting van Tafelberg waar die laer gedeelte van hierdie wind deur die berg gestuit en in 'n oostelike rigting gedwing word. Daar word dit in 'n mate deur die Tygerbergreeks gestuit, met die gevolg dat dit 'n westelike rigting inslaan in die rigting

122 / van

2 L G Green : Tavern of the seas, p. 191.
3 Statute Law of the Cape of Good Hope, 1836, p. 368.
4 L G Green : Tavern of the seas, p. 190.

University of Cape Town

van Blouberg waar dit dan verder oor die see waai.[5]

Die groot massas sand word met ongekende krag voortgeswiep en die aanplanting van gewasse en maak van paaie in die Kaapse Vlakte was 'n baie groot probleem. In die agtiende eeu is 'n ry pale geplant om die beste pad deur die duine in die rig= ting van Stellenbosch aan te dui. Die vroeë koloniste moes goedere na die buitedistrikte per ossewa vervoer, en in die Kaapse Vlakte was daar heelwat "legplekkies" waar die osse kon uitrus voordat die volgende moordende skof aangepak kon word.[6] Die ou Kaapse wapad het op die noordelike rand van hierdie sandvlakte geloop en is deur die boere gebruik wat vroeër jare lewende hawe en produkte aan die skepe in die baai verskaf het. Daar word gesê dat die sand so swaar was dat twintig osse nodig was om 'n vol vrag deur hierdie gebied te trek.[7]

Daar is terdeë van owerheidsweë besef dat die Kaapse Vlakte 'n belemmerende invloed op die ontwikkeling van die jong kolonie gehad het, en daar is ernstige pogings aangewend en eksperimente uitgevoer om hierdie vraagstuk te bowe te kom. Die tekort aan voldoende vuurmaakhout in Kaapstad het baie van die armer inwoners verplig om in die Kaapse Vlakte te gaan hout soek. Die bossoorte met hul relatiewe vlak wor= telstelsels is met 'n redelike mate van gemak uitgekap. Die gevolg was dat die grondoppervlakte met verloop van tyd los= ser geword het en winderosie makliker plaasgevind het. Die

123 / groot

5 Cape Monthly Magazine, pp. 362, 363.

6 L G Green : Tavern of the seas, p. 191.

7 L G Green : In the land of the afternoon, p. 19.

University of Cape Town

groot troppe vee wat na Kaapstad gebring is, het die grond verder losgetrap en daartoe bygedra om die Kaapse Vlakte in 'n byna onherbergsame semi-woestyn te omskep. Benewens die bou van die breekwater en die spoorlyn tussen Kaapstad en Wellington, was die herwinning van die Kaapse Vlakte hoog op die owerhede se lys van prioriteite. Dis veral te danke aan die onvermoeide ywer van die heer John Montagu, voorsitter van die Central Board of Roads, dat daar in die 1840's eksperimente uitgevoer is om die toestand te verbeter. Ongeveer 1800 akkers is beplant met Hotnotsvye, rog en riete. Die Port Jackson-bome en groen Hakea is op die hoogliggende dele geplant terwyl papkuil en riete in die laer, moerasagtige dele geplant is. Verder is aanplantings gedoen met eike, gombome, denne, populierbome en die Nu-Hollandse sipresboom.[8]

Daar is pogings aangewend om die toewaai van die wapad van Kaapstad deur die Vlakte na Stellenbosch, te verhoed deur verdere aanplantings. 'n Heining van ongeveer 900 voet lank en 10 tot 12 voet hoog is opgestel. Pale is in die grond geplant om die nodige stabiliteit te verskaf en die pale is aan die noorde- en suidekante gestut sodat dit die aanslag van die woeste winde kon weerstaan. Grassoorte en heide is tussen die pale geplant om die grond vas te hou teen die aanslag van die wind. Hierdie plan het egter misluk, want die suidoostewind het dit heeltemal verswelg en 'n groot sandduin met 'n hoogte van 12 voet en 'n basis van ongeveer 70 voet het oor hierdie afstand ontstaan. Hoewel baie van die aanplantings onsuksesvol was, het die geharde suikerbos of

124 / Protea

8 Cape Monthly Magazine, Mei 1857, pp. 266, 277.

University of Cape Town

Protea myrtales egter goed geaard omdat sy wortelstelsel nie te diep was nie en die suikerbossade suksesvol deur die wind versprei is.

Ordonnansie no. 5 van 1836 was noodsaaklik om die beskerming en behoud van die Kaapse Vlakte te konsolideer. Dit is hoof= saaklik daargestel om onbeheerste uitroei van gewasse deur mens en dier te beheer. Hierdie ordonnansie het kortliks die volgende bepaal : Dit was onwettig om bome, bosse en struike uit te kap, dekriet sonder lisensie te sny en vee sonder li= sensie in hierdie gebied te laat wei. Die Siviele Kommissa= risse moes toesien dat die Regeringsekretaris ʼn lys van li= sensiehouers kry wat dan in die Cape of Good Hope Government Gazette gepubliseer sou word.[9] Boetes van £5 vir elk van die oortredings sou gehef word en die skuldige wat weier om te betaal, sou deur ʼn magistraat verhoor word en ʼn vonnis van hoogstens drie maande tronkstraf, met of sonder harde arbeid, kon gevel word.

Dat bogenoemde stappe nodig was om die woeste Kaapse Vlakte en Durbanville-gebied te tem, asook sekere onverantwoorde= like mense wat hierdie gebied misbruik het, blyk duidelik uit advertensies en artikels waarin die gebied ter sprake kom. ʼn Koeberger het eenmaal aan die redakteur van Het Kaapsche Grensblad voorgestel dat ʼn graansuier by Melkbosch gebou en die graan daarvandaan per skip na Kaapstad vervoer moes word aangesien die sandpaaie haas onbegaanbaar was. Hy verklaar voorts : "Landlieden! denkt aan de transport, denkt aan de groote Zandzee, welke gy moet doorworstelen, en aarzelt toch geen oogenblick iets daar te stellen hetwelk

125 / uwe

9 The Cape of Good Hope Government Gazette, 8 Junie 1863; Statute Law of the Cape of Good Hope 1652-1853, pp. 368-371.

University of Cape Town

uwe kinderen en kindskinderen zullen toejuichen."[10]

Ene Parkins wat eendag sy nuwe stoommasjien vir 'n koringmaal= demonstrasie na Malmesbury wou neem tydens 'n tentoonstelling aldaar, het by Van Sittert se plaas naby Durbanville so diep vasgeval in die sand "zoo dat men er niet verder mee komen kan."[11]

Die bekende dr F L C Biccard het in 1839 in 'n advertensie die mense wat onwettig op sy eiendom aan die Tygerberg jag, hout kap en hul vee laat wei, met wetlike optrede gedreig.[12] In hierdie selfde jaar is H Dempers en H A C van Niekerk deur die Koloniale Regering aangestel as superintendente van die Kaapse Vlakte. Hul moes toesien dat die bepalings van Ordonnansie no. 5 van 1836 nagekom word. Die wei van vee en die sny van dekriet is streng deur die Siviele Kom= missarisse beheer wat lisensies in hierdie verband moes toestaan.[13]

Daar is nog steeds voortgegaan met aanplantings en saai van saad in hierdie gebied[14] en daar is soveel sukses behaal dat die Koloniale Sekretaris in Oktober 1857 verklaar het dat die goewerneur self sterk ten gunste is van verdere beskerming van die aanplantings op 'n uitgebreide skaal.[15]

Die noodkreet van die bevolking vir die daarstelling van

126 / geskikte

University of Cape Town

10 Het Kaapsche Grensblad, 8 November 1838.

11 De Ware Afrikaan, 16 Oktober 1858.

12 Het Kaapsche Grensblad, 12 September 1839.

13 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2388, 4 September 1851.

14 The Cape Monitor, no. 465, 9 Augustus 1856.

15 Cape Parliament Papers 1858, p. 41; Cape of Good Hope Annexures to the Votes and Proceedings of the Houses of Parliament, 31 Oktober 1857, no. 16.

geskikte paaie deur die Vlakte[16] was talryk en deur middel van korrespondensie in hierdie verband in die koerante is daar op geen onsekere manier nie steun uitgespreek ten gunste van 'n versnelling in padbouprojekte. Hoewel 'n pad deur die Vlakte na Stellenbosch deur die owerhede in die vooruitsig gestel is, was die mense ongeduldig dat daar so lank gesloer is om te begin. So sê 'n korrespondent : "Wegen, goede wegen zijn volstrek noodzakelijk voor den voor= spoed, eens Lands als gezonde aderen voor het mensjelijke gestel."[17] Dit was dus 'n blye dag toe die heer Oliphant in Februarie 1839 aan die Landbougenootskap verslag kon doen dat die regering beloof het om £5000 te bewillig vir 'n pad deur die Kaapse Vlakte. Daar is ook addisionele bydraes van die publiek gevra, want "de voordelen verbonden aan eenen goeden weg door de vlakte zijn ontelbaar."[18] In 'n dialoog tussen 'n boer en 'n Kaapstadse sakeman, het eersgenoemde ver= klaar dat "..... if any man advocates the full swing of Free Trade, for an agricultural Colony like the Cape, without roads, he ought to go to school again ....."[19] Sam Sly's African Journal het dikwels besprekings in sake die kom= munikasieprobleem en veral 'n pad deur die Kaapse Vlakte ge= voer en argumente in hierdie verband gepubliseer.[20]

Die tekort aan genoeg behoorlike paaie het ook tot die ge= volg gehad dat boere baie las gehad het van mense wat sonder verlof oor hul grond gery het. So kla Adriaan de Waal van

127 /

16 Sien kaart p. 129.
17 Het Kaapsche Grensblad, 24 Januarie 1839.
18 Het Kaapsche Grensblad, 21 Februarie 1839.
19 Sam Sly's African Journal, 18 Mei 1848.
20 Sam Sly's African Journal, 21 Maart 1850.

University of Cape Town

F Kaart om die paaie, plase en riviere in die Durbanville-gebied te illustreer voor 1700.
(Nieuwe Naauwkeurige Land- en Zee Kaart Hoofd van Goeder Hoope, Van de Graaff-versameling).

die Koeberg oor die skade wat hom berokken word deur mense wat met hul vragwaens oor sy grond ry en hy waarsku dat hy teen hulle gaan optree.[21] P J Wessels van Joostenberg het dieselfde klagtes as Adriaan de Waal gehad[22] terwyl F H Scheundorf van die plaas Welgemoed gedreig het om 'n slagboom oor sy plaaspad te plaas, omdat dit as 'n openbare pad gebruik is.[23]

Hoewel daar deur die jare gedurig padverleggings was, was daar hoofsaaklik vier basiese paaie en padrigtings wat in 'n besondere mate met betrekking tot die Durbanville-gebied gestaan het. Hierdie hardepaaie was die volgende : Die Kaapstad-Bellville-pad; die Bellville-Durbanville-pad; die deel van die Koebergpad oor Roozeboomshoogte na Durbanville; die Vissershok-Koeberghoogte-pad wat uit die Koebergweg in die rigting van Durbanville draai.

John Montagu, Koloniale Sekretaris in 1843, verdien vermel= ding vir sy onvermoeide ywer om die algemene toestand van paaie te verbeter. Hy was 'n sterk voorstander van Bandiet= arbeid op die hardepaaie en hy het hom dan ook spesiaal toe= gelê op die daarstelling van 'n hardepad tussen Soutrivier en Bellville. Voordat hierdie ambisieuse werk aangepak is, is die ou sandpad met mesembruyanthemum beplant om die los en maklik waaibare oppervlakte te bind.[24] Daar is op groot skaal beplan om hierdie pad 'n werklikheid te maak, en in 1845 het die pad wat vanaf die Hoofweg, Soutrivier, deur

129 /

21 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 997, 19 Februarie 1825.

22 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1050, 24 Februarie 1826; no. 1413, 1 Februarie 1833.

23 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1413, 1 Fe= bruarie 1833.

24 C G Botha : The History of Law, Medicine and Place Names of the Cape of Good Hope, p. 300.

University of Cape Town



G Kaart om die treinroete, belangrikste paaie en bekendste plase aan te dui.
(Standard Map of the Cape Peninsula and Neighbourhood by Smuts and Shaw, 1908).

Tygervallei na Kuilsrivier en Eersterivier geloop het, die staat reeds 'n aansienlike bedrag gekos.[25] Een van die pro= bleme waarmee die padmakers te kampe gehad het, was die gre= tige, maar onwettige gebruik van die halfklaar paaie deur die publiek. Sekretaris W Tennant was in Maart 1845 genoodsaak om diegene wat die hardepad tussen Montagu-brug in Maitland en die Tygervallei-tronk gebruik voordat dit amptelik geopen is, met vervolging te dreig.[26] Dit was met blydskap dat die publiek in November 1845 kennis geneem het dat die hardepad vanaf Kaapstad oor die Duineveld na Eerste Rivier, voltooi is en op Woensdag, 24 Desember, amptelik oopgestel sou word. Die onderskeie kommissarisse sou op dieselfde dag die ver= sperring by Eersterivier-brug verwyder. Daarna sou hul na die 17-mylbaken gaan waar die nuwe pad vanaf Stellenbosch in die Hoofweg loop, en die versperring daar verwyder. Die= selfde sou gedoen word waar die Paarlpad by die 12-mylbaken (Bellville) in die hoofweg loop asook by die Montagu-brug. Die hardepad was 24 myl lank. Dit was 'n groot hulp vir die boere wat hul produkte na Kaapstad vervoer het. Benewens die twee tolhekke by Muizenberg en Simonstad, was daar ook een waar die Tollgate-busdepot vandag in Woodstock is.[27] Laasgenoemde twee tolhekke het veral betrekking gehad op die boere van die Durbanville-gebied. Die tolhekke was vir die Staat 'n belangrike bron van inkomste, aangesien daar gewel= dige uitgawes aangegaan moes word vir behoorlike paaie, brûe, salarisse van padwerkers en rente op lenings.[29] Die instandhoudingskoste was hoog en nuwe eise is gedurig deur die publiek gestel. 'n Korrespondent het byvoorbeeld in 1859

131 / gekla

University of Cape Town

25 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2041, 31 Januarie 1845.

26 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2047, 14 Maart 1845.

27 Cape of Good Hope Almanac, 1846.

28 The Cape Monitor, 18 Februarie 1857.

29 Cape Blue Book, 1849. Public Works. In hierdie jaar het die padbouprogram in die Kaapse Divisie £1825-1-6½ beloop.

gekla oor die swak watervoorsiening by Hardekraaltjie en gevra dat 'n behoorlike drinkbak of dam aldaar gebou word.[30] In 1862 was daar ook klagtes oor die swak toestand van die Hardekraaltjiebrug.[31]

'n Baie belangrike stukkie pad vir die mense van Durbanville en omgewing, was beslis die pad vanaf die dorp na die Hoof= weg by die 12-mylbaken. Dit was 'n pad wat voor, sowel as na die instelling van die treindiens, baie gebruik is. Om= dat dit sodoende onder die aandag van 'n groot deel van die publiek gekom het, is die swak toestand van die pad by ver= skeie geleenthede onder die aandag van die owerhede gebring.

i



Hardekraaltjie. Dit word vandag nog as uitspanplek gebruik.

132 / So

31 Cape Blue Book, 1859. Public Works, p. M. 8, 9.

So skryf 'n ontevrede korrespondent in 1852 aan die Cape Monitor : "At this time of the year the principal part of grain from the corn districts is transported to the Capital, and never in the experience of the last thirty years, have I seen any road in such a dangerous and disgraceful state as that from D'urban to the Main Road - full of holes, most of them about a foot deep, or more, with sudden descent, and unavoidable."[32] Hy het verder berig van perdekarre en waens wat as gevolg van die swak pad gebreek het en groot ongerief aan die eienaars veroorsaak het. 'n Jaar later het 'n ander korrespondent weer oor die haglike toestand van hierdie pad geskryf en verwys na 'n regeringsverslag waarvolgens 12 tot 16 mans bewillig is om hierdie pad te herstel. Die korre= spondent het self net die opsiener, ene Snubbe, en drie Kleur= lingmans aangetref wat die slaggate in die pad moes toegooi. Hy het voorts gekla oor die swak diens wat gelewer word.[33] Ook die bekende Thomas Bain het in 1855 teenoor die Sentrale Padraad gekla oor die toestand van bogenoemde pad.[34] J M Hill, voorsitter van die Sentrale Padraad, het aan die hand gedoen dat daar dadelik opgetree moes word as 'n pad versleg, voordat dit so erg verswak dat die herstelkoste buitensporig hoog is. Volgens 'n verslag van ene Feeney sou daar weer begin word met herstelwerk aan hierdie pad.[35] Die boere het ook gekla en gesê hul gee nie om om tolgeld te betaal nie, maar dan sal die paaie se toestand moet verbeter.[36]

Durbanville is geleidelik deur middel van 'n padnetwerk ver=

133 / bind

32 The Cape Monitor, no. 100, 21 Maart 1852.
33 The Cape Monitor, no. 181, 8 Januarie 1853.
34 The Cape Monitor, no. 366, 29 Augustus 1855.
35 The Cape Monitor, no. 527, 14 Maart 1857.
36 The Cape Monitor, no. 519, 18 Februarie 1857.

University of Cape Town

bind met die dorpe dieper die binneland in. So berig die kantoor van die Sentrale Padraad in 1853 dat hul werk aan 'n hoofpad vanaf Wellington wat met 'n plankbrug oor die Berg=rivier gaan en verby die noordelike punt van Paarlberg swaai tot by die uitspanplek Lichtenberg, wat slegs 6 myl vanaf Durbanville geleë is.[37] Die goewerneur het in 1855 bekend gemaak dat bogenoemde pad wat by Twaalfmyl uit Maitlandweg draai na Durbanville en vandaar deur Lichtenberg na Welling=ton loop, in 1854 voltooi is. Hierdie pad het 'n afstand van 26 myl beslaan.[38] In 1855 het C J Auret tenders aangevra vir die herstel van die pad wat vanaf Durbanville na Brakke=kuil, die plaas van Adriaan Louw, lei.[39] In 1857 het die klagtes in sake die swak pad tussen Durbanville en Malmes=bury verskerp[40] en die Sentrale Padraad moes ook daaraan aandag skenk. Om die werk wat wel deur die owerhede gedoen is pertinent onder die aandag van die klaende publiek te bring, het die goewerneur in Maart 1857 gelas dat die vol=gende inligting gepubliseer word: Die pad vanaf Durbanville deur Malmesbury na Clanwilliam (145 myl) is voltooi asook 'n pad vanaf Durbanville verby Diemertsdal, Rondebossieberg, oor Mosselbanksrivier naby Klipheuwel, die plaas van Charles Proctor, deur Drooge Valley tot by Malmesbury (30 myl). Daarbenewens is 'n sementbruggie oor die Mosselbanksrivier gebou op die deurgaanplek waar die dryfsand vroeër baie on=gerief veroorsaak het.[41] In 1860 is 'n padkamp by Durbanville gebou asook perdestalle vir die werkers se rydiere.[42]

134 / Die

37 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2487, 23 Junie 1853.

38 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2606, 27 April 1855.

39 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2581, 30 Januarie 1855

40 The Cape Monitor, no. 522, 25 Februarie 1857.

41 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2810, 31 Maart 1857;

42 Annexures to the Votes and Proceedings of the Houses of Parliament 1860, p. 20.

University of Cape Town

Die twee paaie wes van die Tygerbergreeks wat die nouste in verband met die mense van die Durbanville-gebied gestaan het, was die Rooseboomhoogtepad en die Vissershokpad. Die herstel en onderhoud van hierdie paaie is deur middel van private tenders op 'n driejaarbasis gedoen.[43] Die algemene toestand van die pad was van so 'n aard dat daar gedurig aan gewerk moes word en daar is gereeld advertensies geplaas deur die Raad vir Openbare Paaie om geskikte tenders vir die werk te bekom.[44] Die Malanshoogtepad wat deel van die Vis= sershokpad gevorm het, het voortdurend aandag vereis[45] en tenders vir die onderhoud van die Malanshoogtepad vanaf Vissershok tot by Oortmanspost is aangevra.

In terme van Ordonnansie no. 8 van 1843 sou die goewerneur gevra word om een van die volgende paaie te proklameer : Die pad vanaf Jan Biesjeskraal reguit na Duikervallei of die pad vanaf Montagu-brug oor Vissershok na die Koeberg. Almal wat petisies wou optrek ter ondersteuning van die pad wat hulle verkies, is versoek om dit aan die Kaapse Afde= lingsraad voor te lê. Tenders is ook in hierdie tyd aange= vra vir die bou van 'n brug oor Dieprivier by Vissershok, die plaas van die Loubsers, asook 'n brug by Goede Ontmoeting, die plaas van C van Schoor.[46] Durbanville is in die Raad vir Openbare Paaie verteenwoordig deur Adriaan Johannes Louw wat in Mei 1845 vir Sybrand Johannes van der Spuy in

135 / hierdie

43 Cape of Good Hope Government Gazette, no. 470, 14 Janua= rie 1815; na 1767, 1 November 1839.

44 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1850, 4 Junie 1841; no. 2047, 14 Maart 1845.

45 Cape Blue Book 1840. Return of all public works, pp. 72, 73; 1842. Return of all public works, pp. 72, 73.

46 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2050, 4 April 1845.

University of Cape Town

hierdie hoedanigheid opgevolg het.[47] John Montagu wat gedurende hierdie tydperk regeringsekretaris was, het stukrag aan die padbouprogram verleen deur sy onvermoeide ywer vir meer en beter hardepaaie.

Die pad wat deur Duikervallei na Vissershok en Goede Ontmoeting loop, is in 1855 weer deur die Sekretaris vir die Raad op Openbare Paaie, C J Auret, op tender uitgesit[48] terwyl klagtes oor die algemene toestand van die Koebergpaaie nog steeds ingestroom het.[49] Ene Watson het in April 1855 'n petisie aan die Volksraad voorgelê waarin 117 Koeberg-inwoners gekla het oor die swak paaie in hul gebied.[50] 'n Gekose komitee wat deur die Volksraad aangewys is, het aangekondig dat hul na deeglike oorweging besluit het dat die Koebergpad na Malmesbury nasionale padstatus sou kry bo die Durbanville-Malmesbury-pad.[51] Daar is ook aanbeveel dat uitgawes aan laasgenoemde pad dadelik gestaak word.[52] Korrespondente en petisionarisse van Malmesbury het in 1860 hul dank uitgespreek oor die vordering met die Kaapstad-Malmesbury-pad.[53] Sommige mense was baie ontevrede omdat hierdie pad in die Koeberg oor 'n baie heuwelagtige deel van Van der Spuy se plaas geloop het. Hul het aangevoer dat die steil heuwels die trekdiere sou uitput. Daar is ook aangevoer dat 'n brug by Vissershok gebiedend noodsaaklik was weens die onvoorspelbaarheid van die drif en voorbeelde van waens wat in verradelike dryfsand vasgeval het, is verskaf. In 'n klag=

136 / skrif

---

47 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2054, 2 Mei 1845.

48 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2575, 9 Januarie 1855.

49 C.O. 4340, 26 Januarie 1853.

50 The Cape Monitor, no. 326, 11 April 1855.

51 C.O. 704, 10 September; 24 Oktober; 29 Oktober; 28 November 1857.

52 The Cape Monitor, no. 654, 2 Junie 1858.

53 C.O. 4116, 1 Maart 1860.

University of Cape Town

skrif geteken deur J M A Louw, P J van der Westhuizen en 73 ander boere in die Durbanville-gebied, is daar weer eens beklemtoon dat die gebied nog steeds nie 'n behoorlike veilige pad na die Kaapse mark het nie.[54]

Hoewel die maak van nuwe paaie 'n tydsame en duur proses was en daar baie probleme opgeduik het, was die toestand van die paaie in die Durbanville-gebied teen 1863 'n aansienlike verbetering op die enkele waspore deur die duineveld aan die begin van die eeu. Met die verbetering van die paaie is dit dus logies dat kommunikasie ook mettertyd sou verbeter. Die ontwikkeling van die pos- en passasierskoetsdiens het hand aan hand gegaan met die verbetering van die paaie en die algemene ontwikkeling van die Durbanville-gebied sou baie baat by die uitbouing van hierdie kommunikasiemiddele.

Die pos- en passasierskoetsdiens het onder die Burgersennaat resorteer. Die werk is op 'n tenderbasis aangebied en private persone moes tenders indien vir die verskaffing van die koets, drywer en trekdiere. Verder moes hul hul streng bepaal by die tydrooster en roetes soos deur die Burgersennaat verlang. Op 20 September 1806 het J B Hoffman, Sekretaris van die Burgersennaat, tenders aangevra vir die roete tussen Kaap=stad en Stellenbosch oor Kuilsrivier.[55] Die aansoeker moes bereid wees om vir 'n jaar lank elke Woensdag en Saterdag van die Kaap na Stellenbosch te ry. Hierdie diens is in die daaropvolgende jare slegs vir die afstand tussen Kaap=

137 / stad

54 Cape of Good Hope Annexures to the Votes and Proceedings of the Houses of Parliament, Junie 1860, p. 254.

55 Die Byvoegsel tot The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 36, 20 September 1806, p. 1.

University of Cape Town

stad en Kuilsrivier geadverteer[56] en daar kan aangeneem word dat daar 'n afsonderlike diens tussen Kuilsrivier en Stellen= bosch was. Bogenoemde diens het nie Pampoenkraal self aan die begin van die eeu bedien nie, maar die koets het by Harde= kraaltjie, 'n uitspanplek in die huidige Bellville, aangedoen en was dus tog van groot nut vir die mense van Durbanville. Op 9 Desember 1817 is 'n koetsdiens tussen Kaapstad en die Paarl ingestel, en hierdie koets sou Pampoenkraal self aan= doen. Daar sou twee koetse wees wat elke Dinsdag uit die Kaap en uit die Paarl vertrek. Op Pampoenkraal sou verver= sings aan die passasiers verskaf word by J H Ungerer se plek, en die passasiers sou dan oorklim op die ander koets. Bagasie sou teen 'n ekstra twee riksdaalders vir elke 100 pond vervoer word en J H Gous van die Paarl en C C Mocke van die Kaap het losies aangebied vir "respektabele passasiers."[57] Vertrektye en -dae het gewissel. A P Hiebner het 'n nuwe diens vanaf die Paarl na Kaapstad aangekondig wat voortaan op Woensdagoggende uit die Paarl Kaapstad toe sou vertrek en Vrydagoggende uit die stad Paarl toe sou vertrek. Pak= kies en briewe sou in Kaapstad aan die huis van D A Muller besorg word wat ook losies aangebied het aan alle "fatsoenlyke Passagiers en Vreemdelingen."[58] By Pampoenkraal sou die passasiers verversings teen "zeer billike pryzen aangeboden"[59] by die huis van die weduwee Cruywagen kon geniet. 'n Nuwe

138 / twee

University of Cape Town

56 Kaapstads Courant en Africaansche Berigter, no. 90 van 1807; The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 364, 2 Jan= uarie 1813; no. 620, 29 November 1817; no. 633, 29 Fe= bruarie 1818; no. 774, 11 November 1820; no. 825, 3 No= vember 1821; no. 1035, 11 November 1825; no. 1088, 17 November 1826.

57 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 620, 29 No= vember 1817.

58 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 997, 19 Fe= bruarie 1825.

59 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1009, 14 Mei 1825.

twee keer per week-posdiens tussen Kaapstad en Stellenbosch is ook deur die here D Hoffman, J G Faure en C J Fick in die vooruitsig gestel.[60]

In 1830 het die Siviele Kommissaris, W M Mackay, tenders gevra vir persone wat bereid was om die Kaapse distrikspos elke veertien dae te neem vir 'n tydperk van 'n jaar en vyf maande beginnende op 1 Augustus 1830 en wat op 31 Desember 1831 sou eindig. Die heen- en terugroete sou van Kaapstad lei na veldkornet A Louw se plaas in die Koeberg en dan na J G Blankenberg se plek op Malmesbury. Benewens bogenoemde posroete is tenders ook gevra vir posdienste in die Groene= kloof, Saldanha en die Bergriviergebied.[61] Die posdiens in veral die Koeberggedeelte van die Durbanville-gebied het egter nog veel te wense oorgelaat. 'n Korrespondent het in Oktober 1838 in 'n koerant 'n voorstel aan sy mede-Koebergers gemaak waarin hy pleit "voor de daarstellen van eenen Post, die wekelyks een of twee malen van hier naar de Stadt en terug zal moeten gaan."[62] Hy het vervolg dat direkte en meer gereelde kommunikasie met die stad noodsaaklik vir die handel en die algemene ontwikkeling van die Durbanville-gebied was om hulself te laat geld soos die Paarl en Stellenbosch.

In 1839 het 'n verbetering ingetree toe die ou veertiendaag= likse diens vervang is met 'n weeklikse diens. P B Borcherds was die Siviele Kommissaris en die poskoets sou elke Sater= dagoggend van die Siviele Kommissaris se kantoor vertrek na die onderskeie veldkornette se plekke in die Koeberg, Dur= banville en Malmesbury. Die koets sou Vrydae terugkeer

139 / Kaapstad

60 The Colonist, no. 5, 20 Desember 1827.

61 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1280, 23 Julie 1830.

62 Het Kaapsche Grensblad, 18 Oktober 1838.

University of Cape Town

Kaapstad toe. Hierdie dienste is ook op tenderbasis aange=bied.[63] Die tempo van ontwikkeling het in die 1840's ge=leidelik toegeneem. In 1844 is tenders gevra vir 'n veer=tiendaaglikse posaflewering na Durbanville.[64] In 1846 is die dorp bedien deur die koets wat Roete 27 vanaf Kaapstad oor Durbanville na Malmesbury gevolg het. Dit sou op Don=derdagmiddae voor die Kaapstadse poskantoor vertrek, op Durbanville aandoen en dieselfde aand om 7-uur op Malmesbury arriveer.[65] Hierdie diens het slegs sewe uur geduur en was dus 'n groot verbetering op die vorige diens. Die koets het op sy terugtog van Roete 28 gebruik gemaak. Dit sou Dinsdag=aand om 6-uur vanaf Malmesbury na Durbanville vertrek en die Kaap 8-uur daardie aand bereik. Die vloei van passasiers en posstukke het gaandeweg toegeneem en in April 1846 het die goewerneur 'n reeks onder-posmeesters aangestel.[66] Durban=ville het dieselfde tyd as Groenpunt, Drie Koppen, Rondebosch, Wynberg en Claremont so 'n onder-posmeester gekry. Malmes=bury het reeds die vorige jaar 'n posmeester gekry wat ook Klerk van die Residensiële Magistraat was. L de Beer was Durbanville se eerste onder-posmeester. In 1847 was daar vertoë dat binnelandse kommunikasie verder uitgebrei word deur drie pos- en passasierskoetse in rotasie na die dorpe Stellenbosch, Paarl en Malmesbury te laat loop. Durbanville sou baie baat by hierdie nuwe diens aangesien die koets=roetes na die Paarl en Malmesbury deur Durbanville geloop het.[67] G Bresler[68] het in 1847 by L de Beer oorgeneem as

140 / onder

---

63 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1769, 15 November 1839.

64 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2029, 8 November 1844.

65 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2216, 18 Mei 1848.

66 Cape Blue Book 1848, Civil Establishment; 1849 Civil Establishment.

67 Cape of Good Hope Almanac, 1847.

68 Cape Blue Book, 1550. Civil Establishment, p. 180; 1851. Civil Establishment, p. 180.

University of Cape Town

onder-posmeester van Durbanville. Die gewildheid van die Durbanvillese Klubhuis en die jakkalsjagtery in hierdie gebied, het daartoe aanleiding gegee dat 'n nuwe passasiers=diens ingestel is waarvolgens 'n koets drie keer per week uit die stad na Durbanville vertrek het.[69]

In 1851 het die Hoofposkantoor tenders aangevra vir die Binnelandse Posaflewering. Die poskoetse moes goeie lampe hê, minstens twee perde moes verskaf word en twee ses-uurritte sou weekliks vanaf Kaapstad oor Durbanville na Malmesbury onderneem moes word. As die posryer die aflewe=ring van pos vertraag, sou hy 'n boete moes betaal van £2 vir elke 2 uur wat hy laat is en vir elke addisionele halfuur, 'n verdere 10 sjielings tot 'n maksimum van 2½ uur.[10] Die D'urban Royal Mail Omnibus sou in die toekoms op Maandae, Woensdae en Saterdagoggende vanaf Jessup se hotel in Dur=banville na Kaapstad vertrek waar dit tot by Volsteedt se plek by Burgstraat 20 sou ry.[71] Verder is die diens tussen Kaapstad en die Paarl baie uitgebrei. Die Paarl Omnibus Company het in 1852 tenders gevra vir vier spanne sterk trekperde wat die koets ses dae per week van die Paarl na Kaapstad en terug kan trek. Behalwe die Paarl, sou Groene Leegte naby Klapmuts, Kraaifontein en Harde Kraaltjie ook by hierdie diens betrek word.[72]

Aan die posfront het daar verdere veranderinge plaasgevind. In Desember 1853 is M Saunders as die nuwe onder-posmeester

141 / van

69 Sam Sly's African Journal, 1 Junie 1848.

70 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2391, 25 September 1851.

71 The Cape Monitor, no. 58, 31 Oktober 1851.

72 The Mercentile Advertizer and Shopkeepers Journal, 15 No=vember 1852.

University of Cape Town

van Durbanville aangestel. Om die Koeberg nader te betrek, is 'n poskantoor op 28 April 1854 op die plaas Klip Vley begin.[73] D Neeser, die eerste onder-posmeester aldaar, het sy diens gratis verskaf.[74] Nieteenstaande die verbetering van die posstelsel was daar nog steeds klagtes en die in= woners van Durbanville het in die begin van 1855 'n versoek= skrif aan die Posmeester-Generaal gerig waarin hul gekla het dat die dorp, nieteenstaande die feit dat dit slegs 20 myl van Kaapstad geleë was, net elke agste dag pos gekry het.[75] Hierdie probleem is in 1857 verlig toe die Joint Stock Com= pany 'n posdiens van Kaapstad oor Durbanville na Malmesbury gefinansier het. Hierdie poskoets sou twee maal per week ry.[76] In 1856 het J F W Roth Durbanville se nuwe onder-posmeester geword. C G Borcherds, Tesourier van die Malmes= bury Omnibus Company, het in 1857 nuwe tenders vir die Mal= mesbury-Durbanville-Kaapstad-roete aangevra. Die afstand moes binne agt uur voltooi word en die koets kon vyftien minute oorstaan by Drooge Vley en 'n halfuur by Durbanville. Die kontrak moes vir dertien maande geteken word. Gratis stalgeriewe sou by Drooge Vley voorsien word.[77]

In die 1860's het die tempo van ontwikkeling in die pos- en passasiersdiens verder versnel en uitgebrei. Die diens is ook meer afgerond en vaartbelynd gemaak met die stigting van die Provincial Omnibus Company. By 'n vergadering wat in die Kaapstadse Hofgebou gehou is, is John Louw, Melt van

142 / der

73 Cape of Good Hope Annexures to the Votes and Proceedings of the Houses of Parliament 1854, p. 17. Post Office Report.

74 Cape Blue Book 1856, p. 258.

75 The Cape Monitor, no. 318, 3 Maart 1855.

76 The Cape Monitor, no. 579, 12 September 1857.

77 The Cape Monitor, no. 586, 16 September 1857.

University of Cape Town

der Spuy en P van der Byl as direkteure gekies om toe te sien dat die aandeelhouers se wense uitgevoer word.[78] Kom= munikasiedienste in die 1860's het reeds sterk in die teken van die voorgestelde Kaapstad-Wellington-spoorlyn gestaan, hoewel die koetsdiens nog lank 'n integregrende kommunikasie= middel sou bly.

Op 11 Mei 1860 het E B Auret vir J F W Roth as onder-pos= meester van Durbanville opgevolg.[79] Hy is in die daarop= volgende jaar deur M van der Spuy opgevolg wat op sy beurt op 1 Maart 1862 vir W Jessup plek gemaak het.[80] Intussen het D Neeser nog steeds sy diens gratis verskaf as onder-posmeester te Klip Valley in die Koeberg.

Die koms van die spoorlyn na Durbanweg of Twaalfmyl, het nuwe vergesigte geopen en in Januarie 1862 is 'n vergade= ring te Durbanville gehou om te besluit of die dorp per treinspoor verbind moes word met sy stasie wat ses myl daarvandaan geleë is.[81] Geen uitsluitsel kon op daardie stadium oor die aangeleentheid verkry word nie. In die= selfde jaar het vervoersake opnuut onder die soeklig gekom toe die D'urban Omnibus Company 'n vergadering op Durbanville gehou het om twee direkteure te kies en die algemene toestand in sake vervoersake in oëskou te neem.[82]

Klagtes in sake die posdiens het nog steeds nie verminder nie. 'n Korrespondent het gekla dat Durbanville nou twee keer per dag kontak het met Kaapstad, maar dat hul nog

143 / altyd

78 The Cape Monitor, no. 1844. 20 Maart 1862.

79 Cape Blue Book, 1860. Civil Establishment, p. Q 94.

80 Cape Blue Book, 1862. Civil Establishment, p. Q 90.

81 Cape and Natal News, 15 Januarie 1862, p. 19.

82 The Cape Monitor, no. 1841, 13 Maart 1862.

University of Cape Town

altyd van die twee keer per week-poskoets tussen Kaapstad en Malmesbury gebruik moes maak. Hierdie diens was volgens hom onvoldoende. Die Durbanville-Malmesbury-diens het in 1862 egter heelwat verbeter. Tenders is aangevra om twee of drie keer per week met 'n koets en ses perde, in beide rig= tings tussen die twee buurdorpe te ry. Indien iemand dit meer dikwels kon doen, moes hy meld hoeveel ekstra hy vir hierdie versnelde diens sou vra.[83]

In Mei 1862 was die passasierskoetse tussen die Paarl en Dur= banwegstasie so vol, dat die diens verdubbel moes word.[84] 'n Gereelde daaglikse diens tussen Durbanweg en Wellington is ook vanaf 12 Mei 1862 ingestel[85] terwyl Malmesbury en Dur= banweg met mekaar verbind is deur 'n koets wat drie maal per week sou loop.[86]

Daar is nou gesien hoedat die algemene kommunikasie gelei= delik tot 1863 sy kinderskoene in die Durbanville-gebied ontgroei het en gaandeweg verbeter het. Dit was 'n moeisame en in baie opsigte 'n frustrerende en stadige proses wat baie klagtes en petisies tot gevolg gehad en oor die alge= meen geweldige kritiek verduur het. Van owerheidsweë het die besef van die belangrikheid van die buitedistrikte as die voedselskuur van die Kolonie, daartoe gelei dat die pad-, pos- en passasiersdienste met groter intensiteit en

144 / dringendheid

83 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 3350, 18 April 1862.

84 The Cape Monitor, no. 1864, 6 Mei 1864.

85 Het Volksblad, 22 Mei 1862.

86 Het Volksblad, 27 Mei 1862.

University of Cape Town

dringendheid aangepak is.

In 1863 is die kroon egter op kommunikasie geplaas met die koms van die spoorlyn na hierdie gebied. Hierdie revolusio= nêre kommunikasiemiddel het die Durbanville-gebied in 'n to= taal nuwe ontwikkelingsdimensie geplaas en nuwe horisonne vir die toekoms geopen.

University of Cape Town

145 / HOOFSTUK VI

HOOFSTUK VI

DIE KAAPSTAD-WELLINGTON-SPOORLYN LUI 'N NUWE ERA IN VIR DURBANVILLE

Die ontwikkeling van die spoorlyn wat vanaf Kaapstad verby Durbanwegstasie na Wellington loop, kan in twee tydfases verdeel word naamlik die fase voor 1860 en die meer inten= siewe ontwikkelingsfase vanaf 1860 tot 1863.

'n Treindiens was 'n algeheel vreemde kommoditeit en is as sulks deur 'n deel van die Kaapse bevolking met agterdog bejeën, terwyl dit deur 'n ander deel beskou is as 'n logiese uitvloeisel in die ontwikkeling van die kolonie. Terwyl 'n konserwatiewe element wal gegooi het teen hierdie nuwigheid in hul vrees dat die romantiese en tradisionele lewenswyse aan die Kaap as gevolg hiervan geskaad sou word, het 'n meer progressiewe element die koms van die treindiens gesien as 'n onontbeerlikheid waarsonder ontwikkeling aan die Kaap in stagnasie sou verval. 'n Bekende Kaapse koerantredakteur het sterk in sy rubrieke te velde getrek teen die instelling van 'n treindiens[1] en dit beskou as iets uit die bose. Hy ver= volg met 'n waarskuwing as hy skryf : ".... we should not wonder but the grass will grow on the old coach roads, and all the old-fashioned Inns be closed and deserted, and turned into barns ..."[2] Hy het dit verkies om liewer teen 'n slakkepas in 'n ossewa oor die Kaapse Vlakte te ry " ..... rather than encounter the perils of a modern and fashionable transit, with all its doubts and disaster."[3] 'n Engelssprekende

146 / boer

1 Sam Sly's African Journal, 18 Desember 1845.

2 Sam Sly's African Journal, 26 September 1844.

3 Sam Sly's African Journal, 24 Augustus 1848.

University of Cape Town

boer van die Koeberg was daarenteen sterk ten gunste van 'n spoorlyn en hy het daarop gewys dat die landbouproduksie by gebrek aan behoorlike en goedkoop vervoer, die gevaar loop om tot die minimum beperk te word. Hy vervolg profeties wanneer hy skryf : "A railroad to the Corn and Wine Districts would be the grandest memento of his Governorship and service that could be made - it would alter the character of the people altogether - it would be the making of the Cape Colony."[4]

Die uitruil van gedagtes, korrespondensie in koerante, ver= gaderings en petisies in hierdie verband asook 'n objektiewe en positiewe benadering deur die owerhede, het 'n klimaat ge= skep wat geleidelik die skaal geswaai het ten gunste van algemene aanvaarding van hierdie nuwe kommunikasie- en ver= voermiddel. Geleidelik is hierdie ingebore negativisme ten opsigte van die nuwe en onbekende afgebreek, en vervang met 'n positiewe gevoel van afwagting.

In Oktober 1850 het kommissarisse Landsberg en Van Breda 'n algemene inspeksietoer onderneem na Durbanville, Malmesbury en Piketberg om inligting in te win aangaande die wenslik= heid van 'n spoorlyn wat hierdie dorpe en distrikte met die hoofstad sou verbind. Die twee kommissarisse het na hul toer tot die slotsom gekom dat 'n spoorlyn wat vanaf Kaapstad deur Durbanville na Malmesbury, Piketberg en Clanwilliam loop, die aangewese ding sou wees.[5] Dit was egter 'n am= bisieuse plan wat nog ver in die verskiet gelê het aange= sien die algemene tendens was om voorkeur te verleen aan

147 / 'n

4 Sam Sly's African Journal, 26 April 1849.

5 Cape of Good Hope Annexures to the Votes and Proceedings of the Houses of Parliament 1854, pp. 97, 98.

University of Cape Town

ʼn 63-myllange spoorlyn tussen Kaapstad en Wellington. So ʼn duur onderneming sou egter slegs aangepak kon word as waarborg deur die Koloniale Regering verkry kon word.[6] ʼn Tasbare voorwaartse stap in die verkryging van ʼn spoorlyn, was die registrasie van die Cape Town Railway and Dock Com= pany wat in 1854 geregistreer is met ʼn kapitaal van £600,000 bestaande uit 520-aandele.[7] Die algemene belangstelling is geprikkel en die inwoners van Durbanville het in 1857 be= sluit om ʼn brief aan die goewerneur te laat opstel waarin wenke aan die hand gedoen sou word in verband met ʼn vertak= king van die Kaapstad-Wellington-spoorlyn in die rigting van Durbanville.[8] Die heuwelagtigheid van die Durbanville-ge= bied het fyn beplanning en oorleg geverg. Op ʼn openbare ver= gadering waarop die moontlikheid van ʼn spoorverbinding tus= sen Kaapstad en Durbanville bespreek is, het die voorsitter, W van der Byl, gesê dat die grootste persentasie graan wat na die Kaapse mark gaan, uit die Tygerberg en die Koeberg kom en dat ʼn spoorverbinding geregverdig is. Die Tygerberg was ook reeds een van die beste wyndistrikte in die land. Die spoorverbinding sou ook die arbeidsprobleem verlig aan= gesien die wadrywers se diens met groter vrug vir plaasarbeid gebruik kon word.[9]

Op 20 Maart 1858 het sir George Grey die volgende te berig gehad oor die voorgenome spoorlyn. Hy het die Volksraad mee= gedeel dat kaptein Douglas Galton van die Royal Engineers en verbonde aan die Britse Spoorwegdepartement, deur hom gemag= tig is om tenders in sake die Kaapstad-Wellington-spoorlyn

148 / te

6 Herapath's Journal, 14 Januarie 1854 p. 2.
7 Day, J R : Railways of South Africa, p. 113.
8 The Cape Monitor, no. 571, 15 Augustus 1857.
9 The Cape Monitor, no. 572, 19 Augustus 1857.

University of Cape Town

te ontvang namens die regering van die Kaapkolonie. Galton het vier tenders ontvang en in 'n verslag aan die regering, het hy vergelykings tussen die onderskeie tenders getref en voor- en nadele uitgewys. Hy het ook aanbeveel dat indien 'n kontrak gesluit word, dit in detail en met die nodige spesi= fikasies opgestel behoort te word. Twee van die partye wat hul tenders aan kaptein Galton voorgeleê het, het ook soort= gelyke tenders aan die Kaapse regering voorgelê. 'n Inge= nieur van een van hierdie tenders het ook 'n verslag ingedien nadat hy die gebied waarlangs die lyn sou loop, ondersoek het. Die goewerneur het voorgestel dat nie een van die vier tenders in hul huidige vorm aanvaar word nie, maar dat die Koloniale Regering 'n spesiale tendervorm opstel waarin die omstandighede noukeuriger uiteengesit word. Aansoeke om tenders moes dan opnuut aangevra word. Toekomstige tenders sou spesifiek moes wees oor die datum van voltooiing, die rentekoers op die uitstaande bedrag wat nie meer as £500,000 mog beloop nie en die tydperk van waarborg. Die besluit oor die geskikste tender sou aan kaptein Galton se goeie oordeel oorgelaat word.[10] 'n Plaaslike groep te wete De Kaapsche Spoorweg en Dok Compagnie, het die voorreg te beurt geval om hierdie gesogte kontrak te kry.[11]

Voordat die roete wat die spoorlyn sou volg in besonderhede uitgewerk is, is indringende samesprekings met sekere instan= sies en individue gevoer asook petisies vir en teen sekere voorgestelde roetes voorgelê. Hierdie data moes eers sorg= vuldig verwerk word om te verseker dat die maksimumvoordele teen 'n minimumkoste uit hierdie duur projek verkry word. So

149 / is

10 Cape of Good Hope Annexures to the Votes and Proceedings of the Houses of Parliament, 20 Maart 1858.

11 De Ware Afrikaan, 25 September 1858; C.O. 4105, 14 Jan= uarie 1853.

University of Cape Town

is daar byvoorbeeld deur 'n korrespondent versoek dat die spoorlyn liefs nie deur Kuilsrivier "..... daardie barre en onvrugbare deel ....."[12] moes gaan nie, maar verkieslik wes=waarts moes swaai om die koringverkeer van die Koeberg te vang. Vandaar kon dit dan na Eersterivier en Stellenbosch gaan. In getuienis wat voor die Gekose Komitee in sake die Paarl-spoorlyn afgelê is, kon waardevolle inligting bekom word, veral wat betref die Durbanville-gebied en die voorkeure en behoeftes hoofsaaklik van sy boerebevolking. Die Gekose Komitee wat getuienis moes aanhoor, het bestaan uit die here Solomon, Blake, Thomson, Bosman, Molteno, Barry, Jarvis en Wicht.[13] Insiggewende inligting is aan hierdie komitee ver=skaf in hul ondervraging van gesaghebbende persone soos W G Brounger, ingenieur[14], C Bell en S Tucker.

In antwoord op vrae wat op 4 Mei 1859 aan W Brounger gestel is, het dit geblyk dat hy ten gunste was van 'n direkte spoor=verbinding tussen Kaapstad en Twaalfmyl (Durbanweg). Vandaar kon dit oor Muldersvlei na die Paarl en Wellington loop. Op 'n geskikte plek tussen Twaalfmyl en Muldersvlei kon 'n spoor=vertakking verby Kuilsrivier na Eersterivier gaan en vandaar in die vallei op na Stellenbosch. 'n Spoorverbinding met die wyndistrikte van die Paarl en Stellenbosch sou vir die Koe=bergboere van groot nut wees, aangesien hul soms lank moes wag vir wyn vir hul plaasarbeiders. Muldersvlei sou ook die aansluiting vir 'n sytak na Malmesbury wees, hoewel daar bedenkinge was oor die presiese rigting van die spoor aange=

150 / sien

12 Het ware Afrikaan, 29 Januarie 1859.

13 Annexures, G 25 van 1859. Minutes of evidence taken before the Select Comitee on the Paarl Railway, pp. 10-24; Appendix II to the Votes and Proceedings of the House of Parliament, Deel II.

14 Cape of Good Hope Annexures to the Votes and Proceedings of the Houses of Parliament, 25 Julie 1863.

University of Cape Town

sien die heuwelagtige dele van die Koeberg probleme voorsien het. Jarvis, Lid van die Gekose Komitee, was juis bekommerd oor die voordeel wat die koringboere van Durbanville en die Koeberg uit die spoorlyn sou trek, maar Brounger het daarop gewys dat Twaalfmyl met die koringstreke verbind is deur middel van 'n goeie hardepad. Volgens hom was die gebied tussen Twaalfmyl en Kuilsrivier gelyk genoeg en behoort dit nie probleme te skep met die bou van die spoorlyn nie. Daar was bedenkinge of dit moontlik sou wees om 'n spoorwegstasie so hoog op as Twaalfmyl te bou aangesien die Tygerbergreeds daar skerp begin styg het in die rigting van Durbanville, maar Brounger het dit as moontlik beskou. Hy was egter skepties of 'n spoorlyn vanaf Twaalfmyl na Durbanville, as dit geografies moontlik sou wees, geregverdig was. Uit verdere samespreking is dit weer beklemtoon dat byna die helfte van die produkte soos koring, gars, hawer en veevoer wat vir die Kaapse mark bestem was, uit die Durbanville- en Malmesbury-distrikte afkomstig was.[15]

Uit ondervraging van C Bell het dit geblyk dat 'n deel van die Koeberggemeenskap ontevrede was omdat hulle van Twaalfmylstasie gebruik sou moes maak. Dit was te ver van die hartland van die Koeberg geleë en sekere inwoners het hul misnoë hieroor uitgespreek.[16] Bell het die komitee gewys op die toename in verkeer vanuit die Koeberg. Hy het die tekort aan weiding tussen Kaapstad en Hardekraaltjie as gevolg waarvan baie veeverliese in die verlede gely is, as 'n rede aangevoer waarom 'n spoorverbinding tussen hierdie twee punte so uiters noodsaaklik was. Hy was ook ten gunste van 'n spoorlyn verby

151 / Hardekraaltjie

---

15 Annexures, Mei 1859. Minutes of Evidence taken before the Select Committee on the Paarl Railway, p. 9.

16 Annexures, Mei 1859, p. 55.

University of Cape Town

Hardekraaltjie, deur Kraaifontein en verby Klapmuts na die Paarl en Wellington. Vanaf Muldersvlei kon 'n sytak na Stel= lenbosch gebou word asook een na Malmesbury om die koring= streke te bedien.[17] Die koringboere van Koeberg-Wes sou gebruik kon maak van 'n hardepad oor Vissershok na Kaapstad waarvoor reeds £7,500 bewillig is.[18]

Scott Tucker was ten gunste van 'n spoorlyn tussen Twaalfmyl en Malmesbury om die koringdistrikte te akkomodeer, maar aan= gesien Durbanville self so hoog lê, sou 'n lyn direk deur die dorp te veel kos, en hy het 'n ompad in die laerliggende dele ten ooste van die dorp voorgestel.[19]

Na die intensiewe navrae, opmetings en kosteberekening is daar van owerheidsweë besluit dat die volgende spoorlynroete die beste een in openbare belang sou wees : Die spoorlyn sou vanaf Kaapstad noordoos na Durbanweg loop en vandaar suid= waarts deur Kuilsrivier na Eersterivier swenk waarvandaan dit deur die kloof na Stellenbosch sou loop. Vandaar sou dit 'n roete volg deur Klapmuts, verby die suidpunt van die Paarl= berg na die Paarl en Wellington.[20] Opnames is gemaak en opgeteken van die eiendomme van privaatindividue oor wie se eiendom die spoor sou loop, en interessante inligting in sake die eienaars, plase, landbouverbouing en grondpryse in die meer suidelike deel van die Durbanville-gebied word so= doende bekom.[21] Belangrike aanvoorwerk is in 1860 gedoen en

152 / die

17 Annexures, Mei 1859, p. 22.

18 Annexures, Mei 1859, p. 71.

19 Annexures, Mei 1859. Minutes of the evidence taken before the Select Committee on the Paarl Railways, p. 42.

20 Cape of Good Hope Annexures to the Votes and Proceedings of the Houses of Parliament, G van 1858.

21 Cape of Good Hope Annexures to the Votes and Proceedings of the Houses of Parliament, A 93 van 1861, p. 7.

University of Cape Town

die bou van die spoorlyn as sulks, het aanleiding gegee tot sekere industriële syvertakkings soos die verskaffing van houtdwarslêers en die aankoop van ysterspoorstawe.[22] Die geaardheid van die grond, veral die sanderige dele ten suide van Durbanville, het die spasiëring en hoeveelheid dwarslêers beïnvloed en die houtnywerheid is gestimuleer.[23]

Terwyl die spoorlyn geleidelik volgens die voorgestelde roete gevorder het, was daar twee denkrigtings in sake die wens=likheid van 'n spoorvertakking uit die hooflyn na Malmesbury. Die roete wat hierdie vertakking sou volg, sou van wesentlike belang wees vir die streek waardeur dit loop. Een groep was ten gunste van 'n spoorlyn deur Durbanville of Kraaifontein na Malmesbury terwyl 'n ander groep voorstanders was van 'n lyn ten weste van die Tygerberg verby Vissershok en deur Baasaries=fontein in die Koeberg na Malmesbury.

Goewerneur Philip Wodehouse het op 12 Augustus 1861 beloof dat ondersoek ingestel sou word na 'n spoorvertakking na Malmesbury.[24] Ses maande later het die inwoners van Malmes=bury die Landmeter-Generaal dringend versoek om onverwyld aandag te skenk aan 'n spoorlyn na hul dorp. Die uitslag was positief, want Marcus Smith en Garwood Alston het begin met opnames tussen Durbanville en Malmesbury.[25] In 1862 sou 'n vergadering deur die Durbanville-, Koeberg- en Tygerberg=inwoners gehou word ter ondersteuning van 'n veldtog dat die

153 / spoorlyn

22 Cape of Good Hope Annexures to the Votes and Proceedings of the House of Parliament, Deel II van 1863, p. 14.

23 Cape Monthly Magagine, pp. 358, 359.

24 Cape of Good Hope Annexures to the Votes and Proceedings of the Houses of Parliament 1861, p. 443.

25 The Cape Monitor, no. 1834, 25 Februarie 1862.

University of Cape Town

spoorlyn deur Durbanville moet loop. Op hierdie vergadering was 'n sekere groep mense gekant teen die idee dat die spoor=lyn moontlik deur die laerliggende Kraaifontein na Malmesbury sou loop en nie deur Durbanville nie.[26] Daar is verder aan=gevoer dat baie Kapenaars daaraan dink om in Durbanville te kom woon as hul die sekerheid het dat die dorp 'n stasie sou kry. In 'n petisie wat deur J Louw en 124 ander onderteken en aan die parlement voorgelê is,[28] is daar gewys dat 'n Durbanweg-Durbanville-spoorlyn uit 'n ingenieursoogpunt prak=ties uitvoerbaar en goedkoop sal wees en dat dit deur 'n vrug=bare deel van die Durbanville-gebied sal loop. 'n Spoorlyn by Vissershok sou deur 'n meer onvrugbare en dunner bevolkte deel loop en minder mense sou daarby baat vind. Die owerhede is gevra om nie af te sien van die Durbanweg-Durbanville-spoorlyn soos deur Smith en Alston aanbeveel nie.[29] As bo=genoemde lyn weens die hoë ligging van die dorp onmoontlik sou blyk te wees, sou 'n lyn deur Kraaifontein nog steeds verkiesliker wees as 'n lyn deur Vissershok. Dit het weer ter sprake gekom dat die Tygerberg en Koeberg die Kolonie se graanskuur is benewens vele ander produkte, en dat die jaar=likse bedrag wat ten opsigte van transport bestee word, ge=middeld £60,000 sou beloop.[30]

Die moontlikheid van 'n spoorlyn deur Vissershok en Baasaries=fontein na Malmesbury het gelei tot 'n petisie ten gunste daar=van aan die Parlement. Vrederegter D Neser en 134 belang=

154 / hebbendes

26 The Cape Monitor, no. 1899, 29 Julie 1862.

27 The Cape Monitor, no. 1907, 16 Augustus 1862.

28 C.O. 4125, 4 Junie 1862.

29 Cape of Good Hope Annexures to the Votes and Proceedings of the Houses of Parliament, 1862, p. 4.

30 Cape of Good Hope Annexures to the Votes and Proceedings of the Houses of Parliament, A 7, 1863.

University of Cape Town

hebbendes het die petisie onderteken wat op 2 September 1862 aan die Volksraad voorgelê is.[31] Afsonderlike petisies deur die inwoners van Groenekloof (Darling) en Hopefield wat bo= genoemde lyn verkies het bo 'n lyn deur Kraaifontein, is ook aan die Volksraad voorgelê. Die heuwelagtigheid van die Baasariesfontein-omgewing, veral die deel naby Olifantskop, sou egter hoë konstruksiekoste meebring.[32] Die Landmeter-generaal wat 'n deeglike opname in sake die verskil in die twee voorgestelde spoorlyne gemaak het[33], het in Augustus 1862 verklaar dat hy tevrede was dat die roete deur Kraaifontein soos voorgestel, beter was as die roete deur Vissershok wat, hoewel dit ongeveer tien myl korter was, vanweë die valleie en klowe baie duurder sou kos. Hy het bereken dat £280,000 genoeg behoort te wees om die Kraaifontein-Malmesbury-spoor= lyn te finansier.[34]

Dit was duidelik dat Durbanwegstasie vanweë sy sentrale lig= ging al hoe belangriker geword het. Dit is bevestig deur die Landmeter-generaal, C Bell, gedurende 'n Afdelingsraadvergade= ring. 'n Gereelde koetsdiens sou tussen Durbanville en hierdie stasie ingestel word en poskoetse van Malmesbury, Paarl en Stellenbosch sou daar by mekaar kom. Op grond van hierdie verwagte toename in verkeer, is daar besluit dat aandag aan behoorlike voer- en drinkgeriewe vir perde geskenk moet word. Bell het ook aan die hand gedoen dat 'n deel van die Kroon= grond by die stasie beskikbaar gestel word vir toekomstige uitbreidings.

Gereelde inspeksietoere van die spoorlyn is gedoen en hierdie

155 / geleenthede

31 C.O. 4126, 2 September 1862.

32 Cape of Good Hope Annexures to the Votes and Proceedings of the Houses of Parliament, Deel II, 1863 p. 14.

33 The Cape Monitor, no. 1883, 26 Julie 1862.

34 The Cape and Natal News, 30 Augustus 1862 p. 259.

University of Cape Town

geleenthede het goeie nuusdekking geniet asook belangstelling van die publiek ontvang. In Julie 1861 het goewerneur Wode= house en 'n groep parlementariërs 'n inspeksietoer onderneem om hulself persoonlik te vergewis van die vordering wat ge= maak is. Daar is reeds eksperimente uitgevoer met die eerste lokomotief op die lyn en die goewerneur was teenwoordig toe die trein die stasie verlaat. Bell het in September 1861 die spoorlyn tussen Durbanwegstasie en Eersterivier geïnspekteer, asook die aanvoorwerk na Stellenbosch. In Januarie 1862 is daar aangekondig dat 'n gereelde treindiens tussen Kaapstad en Durbanville in die nabye toekoms ingestel sou word.[35] Hier= die goeie nuus is allerweë verwelkom en die versnelling in die spoorbouprogram is geloof. Durbanwegstasie se eerste stasie= meester, Halford, was reeds aangestel en die regering het sy goeie trou aan die publiek bewys met die bou van 'n goeie toe= gangspad vanaf die stasie na Maitlandweg. Daar is weer eens gewys op die rewolusionêre Landbouverandering wat 'n treindiens vir die distrikte van Malmesbury, Koeberg, Durbanville, Blou= berg en Paardeberg sou hê en baie mense het daarna uitgesien om voortaan per trein stad toe te reis in plaas van per koets.[36] 'n Tydelike brug is voorlopig by die stasie oor die Elsieskraalrivier gebou terwyl die kontrakteurs besig was om 'n behoorlike sementbrug op te rig.[37]

Die vordering van die spoorlyn tussen Eersterivier en Stel= lenbosch was nie na wense nie. 'n Koerant het berig dat ".... the ominous day, the first of April next (1861), is fixed for its completion at least as far as Stellenbosch."[38] Op 11 Januarie 1862 was die spoorlyn nog steeds ses myl van Stel= lenbosch af.[39]

156 / In

35 The Cape Monitor, no. 1814, 11 Januarie 1862.
36 The Cape Monitor, no. 1815, 14 Januarie 1862.
37 The Cape Monitor, no. 1815, 14 Januarie 1862.
38 Cape and Natal News, 15 Maart 1861, p. 36.
39 The Cape Monitor, no. 1814, 11 Januarie 1862.

University of Cape Town

In Februarie 1862 is die eerste 27 myl van die spoorlyn amp= telik deur die goewerneur geopen, op 'n plek 2½ myl voor Stel= lenbosch. Op pad na hierdie bestemming het die goewerneur en ander hoogwaardigheidsbekleërs per trein tot by Durbanweg= stasie gery en dit geïnspekteer.[40] Die onderskeiding om vir die eerste maal goedere per trein op Durbanwegstasie te ont= vang, het ene Silberbauer toegeval toe 500 mud graan op die= selfde dag vir hom daar afgelaai is.[41] 'n Kaapstadse hande= laar het hom in 'n advertensie bereid verklaar om bestellings vir kruideniersware en ander goedere te stuur na Durbanweg= stasie, Eersterivier en later na Stellenbosch, Paarl en Wel= lington.[42] Die mense het die gerief en voordele van 'n trein= diens begin smaak.[43]

Treinry was 'n nuwigheid en het gou 'n groot bron van openbare vermaak geword. Veral op Sondae was die treine volgepak. Die Kaapstad-Durbanville-roete was 'n gewilde een en daar is gemeld dat op een Sondag tussen 300 en 400 mense van die diens gebruik gemaak het.[44] Besigtigingstoere na Durbanville

157 / en

---

40 Cape and Natal News, 15 Maart 1862; Cape and Natal News, 15 April 1862.

41 The Cape Monitor, no. 1829, 13 Februarie 1862.

42 The Cape Monitor, no. 1840, 11 Maart 1862.

43 Die eerste lokomotief is in 1859 gebou deur Hawthorns van Leith en in die Kaap gebruik op die oorspronklike breë spoorlyn (4 vt 8½ dm). Hierdie lokomotief het die eerste trein van die Cape Town Railway & Dock Company in 1863 na Wellington getrek. Later is dit deur die Cape Go= vernment Railways oorgeneem. In 1874 is dit na die Kowie verskeep vir aanlegwerk. In 1916 is dit teruggebring na Kaapstad waar dit in 1936 tot historiese gedenkwaar= digheid verklaar is. William Dabbs het in 1859 saam met die lokomotief na Suid-Afrika gekom, dit gemonteer en tot sy dood gedryf.

44 The Cape Monitor, no. 1837, 4 Maart 1862.

University of Cape Town

en Stellenbosch is spesiaal gereël en die Verkeersbestuurder, Joseph Lyndall, het verlaagde tariewe aangekondig vir groepe van twintig, op voorwaarde dat hul hom 'n dag voor die tyd in kennis sal stel.[45] Die afmetings wat hierdie Sondaguitstap= pies aangeneem het, het ook in sommige kringe kommer veroor= saak en A Faure, president van die Evangelic Alliance, het versoek dat treine nie op Sondae moet ry nie, aangesien dit op Sabbatsontheiliging neerkom.[46]

Maar watter direkte invloed het hierdie spoorverbinding met Kaapstad op Durbanville gehad? 'n Koerant berig : "Since

i

Die eerste lokomotief van die Cape Town Railway and Dock Company.

158 / the

45 The Cape Monitor, no. 1842, 15 Maart 1862.

46 The Cape Montitor, no. 1827, 8 Februarie 1862.

the railway opened, a new life has dawned upon the place ...."[47] By 'n ander geleentheid word daar as volg geskryf : "This prettily-situated and rapidly reviving village has become quite lively and bustling since it became connected with Cape Town .....[48] Openbare passasierskoetse moes drie maal daagliks stasie toe ry om passasiers weg te neem of te gaan haal. Veral die 10-uurtrein na Kaapstad was baie gewild. Jessup se hotel wat net oorkant die uitspanning op Durbanville geleë was, was 'n gerieflike verblyfplek en besoekers uit die binneland het dikwels daar oorgebly voordat hul die volgende dag die stad besoek het. Ander binnelandse besoekers het weer hul perdekarre, koetse en perde by die openbare uit= spanning by Durbanwegstasie laat bly en vandaar per trein stad toe gereis. In April 1862 het die trein gemiddeld 148 passasiers weekliks tussen Durbanwegstasie en Kaapstad ver= voer.[49] Uitbreidings by Durbanwegstasie is gestimuleer deur 'n aanbod van die spoorwegmaatskappy waarvolgens elkeen wat 'n huis binne 'n myl vanaf die stasie bou of huur teen minstens £70 per jaar, 'n gratis eersteklaskaartjie, geldig vir een jaar, tussen Durbanwegstasie, Eersterivier en Kaapstad sou kry.[50]

'n Komiese insident het in April 1862 by Durbanwegstasie plaasgevind toe 'n wegloopkoei oor die spoorlyn gaan staan het en geweier het om voor die aankomende trein pad te gee. Doem= profete, van wie daar nog steeds baie was, het oordrewe stories oor 'n moontlike treinramp die wêreld ingestuur. Die trein het egter gekom om te bly. In Oktober 1862 berig 'n korrespondent

159 / as

47 The Cape Monitor, no. 1844, 20 Maart 1862.
48 The Cape Monitor, no. 1851, 5 April 1862.
49 The Cape Monitor, no. 1857, 19 April 1862.
50 The Cape Monitor, no. 1913, 30 Augustus 1862.

University of Cape Town

as volg oor die voorgenome spoorlyn na Malmesbury : " ..... if the proposed railway only succeeds in breaking down the narrow-minded notions of some of the Cape farmers in that district, it will have done much."[51]

En mettertyd sou die vooroordele verdwyn. ŉ Sekere deel van die boerebevolking wat die trein nog steeds met agterdog be= jeën het, het geleidelik onder die besef van die ekonomiese voordele daarvan gekom en in ŉ groter mate gebruik daarvan begin maak. In- en uitvoere is gestimuleer en gemakliker en gereelder kontak met Kaapstad en die ander omliggende dorpe, het gelei tot verbreding van visie deur nouer skakeling en groter objektiwiteit ten opsigte van landbou- en ander vraag= stukke. Durbanville en sy mense, wat op hierdie stadium nog oorwegend Hollands van oorsprong was, het in ŉ groter mate onder die aandag van die owerhede in Kaapstad gekom en hierdie nouer kontak en kennis het gelei tot groter begrip van die plaaslike toestande.

Die hoofdorp, Durbanville, het mettertyd vanaf ŉ uitspanning verander tot ŉ volwaardige dorpie in 1863. Met die koms van die spoorlyn het die dorp se ontwikkelingstempo versnel en die volgende mylpale in die dorp se geskiedenis, is tekenend van sy groei en algemene vooruitgang :

Op 23 September 1897 het Durbanville se eerste Dorpsbestuur in die ou Hofsaal byeengekom waar hul voortaan sou vergader. John King was die voorsitter, F Labrey die eerste sekretaris en D J de Villiers en Rev G M Baxter die bykomende lede. Toe

160 / die

51 Cape and Natal News, 15 Oktober 1862 p. 306.

University of Cape Town

die Dorpsbestuur in 1901 munisipale status kry, was John King nog steeds die burgemeester - 'n pos wat hy tot 1907 beklee het. Die Durbanvillese stadsklerke beklee gewoonlik hul ampte vir 'n lang tydperk soos dit uit onderstaande datums sal blyk : P J C Lindeberg 1902-1919; J T Chenoweth 1919-1946 en S Squier 1946-1976. Die sittings word deesdae gehou in die nuwe munisipale gebou wat aangebou is aan een van die dorp se ou skoolgeboue.

In 1922 is 'n stadsaal vir die dorp gebou. Dit het in 'n groot behoefte voorsien, want tot op daardie stadium moes funksies soos konserte, danspartye en politieke vergaderings in die ou Hofgebou gehou word. Soos die dorp uitgebrei en die inwoner=tal toegeneem het, het die Hofgebou spoedig te klein geword. In 1949 is 'n lening van £7,600 aangegaan om die stadsaal te vergroot tot sy huidige grootte.

Die dorp se water is vroeër verskaf uit 'n bron wat net suid van die huidige N.G. Kindersendinghuis geleë is. Die water is na die sentrale deel van die dorp gesuig tot op 'n plek waar Schuss se sakegeboue vandag is. Kleurlinge met draaghoute oor die skouers waaraan twee emmers kon hang, het soos slawe van ouds die drinkwater na die huise gedra. Water vir die diere is verskaf by die dorpsdam wat in die middel van die dorp geleë was. Dit is die terrein van die munisipale parkie net agter die huidige stadsaal. Hierdie gronddam was omring deur reuse wilgerbome en dit was die gewilde uitspanplek waar daar dikwels samesprekings gevoer is.[52] Mettertyd is daar

161 / klagtes

52 Daar word deur sommige mense geglo dat die plek van same=koms die sogenaamde Skikkingsboom is wat vandag in die middel van die Durbanville Sentrum staan. Hierdie boom het egter in 'n private tuin wes van die Uitspanning ge=staan en is vermoedelik nog deur ou dominee Fred Murray daar geplant. Die plek van samesprekings was in die om=gewing van die monumentjie in die munisipale tuin. Die wilgerbome is sedertdien uitgekap, hoewel een van die oorspronklike drinkwaterbakke vandag nog daar te sien is.

University of Cape Town

klagtes ontvang dat hierdie uitspanplek in die middel van die dorp onhigiënies was, en 'n nuwe uitspanplek is aangelê op die oop terrein net noord van die huidige Stadsentrum. In 1901 is daar begin om pype te gebruik vir waterverspreiding na die woonhuise, dog slegs die laer gedeelte van die dorp kon bedien word. In 1924 is watermeters aangebring en in 1947 is 'n lening van £16,000 aangegaan om pypleiding en 'n watermeter aan elke woonhuis te voorsien. Vandag is die dorp ingeskakel by die Wemmershoekskema en twee groot reservoirs word aangetref in Durbanville Heuwels en een op die heuwel bokant Aurora. Daarbenewens is daar drie groot gronddamme in die munisipale gebied van Durbanville te wete die damme by Sonstraal, Vygeboom en by die gholfbaan aan die onderpunt van Valmary Park.

In 1905 is die eerste straatlampe opgerig in die vorm van stormlanterns. Waar Wellingtonweg en die Hoofstraat kruis,

University of Cape Town

Die Stadsaal

ii



Die dorp se water=
bron by die Kin=
dersendinghuis.

iii

'n Ou deel van die
Kindersendinghuis.

University of Cape

was daar in 1912 'n gaslamp met 'n 1000 kerskrag. In 1923 is die beligtingsituasie verbeter deur die installering van nege asetiliengaslampe en ses jaar later het die dorp sy eerste elektriese ligte gekry en EVKOM is vandag nog die hoofvoor=siener van krag. Wat kragverskaffing betref, is die Durban=ville-gebied tans weer in die nuus met die Koeberg Kernkrag=sentrale wat deur 'n Franse konsortium op die plaas Duynefon=tein naby Melkbosstrand gebou gaan word.[53]

In 1934 is die Hoofstraat geteer en tussen die jare 1938 en 1946 het Koebergweg, Vissershokpad, Vredestraat, Hoogstraat, Kerkstraat en Oxfordstraat aan die beurt gekom. Wellington=weg is later verbreed en die historiese ou Durbanville-laan is verander tot 'n moderne, breë snelweg.

Die mense van Durbanville het reeds sedert die vroegste tye gewaak om nie die ouwêreldse sjarme van die dorpie prys te gee nie. Nadat die spoorlyn na Wellington in 1864 voltooi is, is daar voorgestel dat 'n spoorvertakking deur die Tyger=vallei (Door-de-Kraal) gebou moes word. Die mense wat in 1860 nog redelik ten gunste van 'n stasie vir die dorp was, het nou groot teenkanting vir so 'n plan ondervind. In 1907 was daar weer vertoë vir 'n eie stasie, maar op 'n protesver=gadering is teen die voorstel besluit. Soos een spreker dit gestel het : "We can do without it. The railway will bring hordes of holiday-makers to the village and the old-fashioned charm will be destroyed."[54] Om te verseker dat die dorp in 'n goeie woonbuurt ontwikkel, het die Munisipale Raad in 1948 'n voorlopige dorpsuitlegskema aangepak om die uitleg te beheer. Daar is vasgestel watter deel as die sentrale sakedeel mag

164 / ontwikkel

53 Rapport, 30 Mei 1976.

54 L G Green : In the land of the Afternoon, p. 19.

University of Cape Town

ontwikkel, genoeg oop ruimtes is uitgesit vir openbare ont=
spanning en om die plattelandse atmosfeer te help behou, mog
die erwe aan die buitewyke van die dorp nie kleiner as twee
morg elk wees nie. Daar moes egter ook voorsiening gemaak
word vir die minder gegoede inwoners en in 1940 is die eerste
tien sub-ekonomiese huise vir £1570 gebou. Dit is teen 5
sjielings per week verhuur. In 1951 is nog 39 soortgelyke
huise aangebou wat teen 7 sjielings en 6 pennies per week
verhuur is. Vandag is daar 'n deel in Eversdal waar die Ge=
meenskapsbou huise van hoogstaande gehalte aan die publiek
verskaf. Nuwe sub-ekonomiese huise word ook teen die Verona-
heuweltjie ten weste van die dorp aangetref. Die gemiddelde
erfgroottes wissel vandag tussen 'n kwart tot 'n halwe akker
en die munisipaliteit poog om die algemene standaard van die
huise hoog te hou. Kenmerkend is die groot aantal woonhuise
wat volgens die ou Kaaps-Hollandse boustyl gebou word.

Die algemene ontwikkeling van die dorpie kon ook op kerklike
gebied waargeneem word. Die bekende ds Beck is in 1886 deur
ds A D Luckhoff opgevolg. In ds Luckhoff se dienstyd is die
kerkgebou vergroot en 'n Tehuis de Rust gebou. Laasgenoemde
gebou wat ook as The Rest bekend staan, was 'n rus- en her=
steloord. Soos die ledetal van die kerk gegroei het, was
afstigting onvermydelik : Kuilsrivier in 1903; Parow-Good=
wood in 1927 en Kraaifontein in 1944. Toe die Durbanville
N.G.-gemeente in 1951 125 jaar oud was, is 'n nuwe kerksaal by
hierdie geleentheid ingewy. 'n Verdere mylpaal in die kerk=
geskiedenis was die opening van 'n ouetehuis, Huis Aristea, in
1975. Die kerk het in 1976 sy 150 ste verjaardag op luister=
ryke wyse gevier.

Ook die Presbiteriaanse en Anglikaanse kerke het geleidelik
gegroei. Ds G Lawrence wat vanaf 1860 tot 1915 in die bedie=
ning gestaan het, het sy stempel op die gemeenskap afgedruk.
In 1916 het Bellville 'n afsonderlike Anglikaanse gemeente ge=

University of Cape Town

i

Die Sinagoge met die ou skool links.

ii

Die Home of Rest wat in 1942 as skoolhostel aan= gekoop is.

University of Cape

iii



Die dubbelmedium hoërskool

kry en in 1927 is 'n sinagoge op Durbanville gebou. Die perseel is deur S Borok geskenk en M Scher het 'n groot gel= delike skenking gedoen wat die bou van hierdie sinagoge moont= lik gemaak het.

Op opvoedkundige gebied het daar ook veranderings plaasgevind. Die Undenominational Second Class School for Boys (1865-1887) is gebou op die terrein waar die Munisipale gebou tans is. Mnr Darcy was die eerste onderwyser. In 1887 het die N.G.- en Anglikaanse kerk saamgespan om 'n oplossing te vind vir die groeiende leerlingtal. 'n Geskikte skoolgebou en hostels het dringend noodsaaklik geword aangesien die skoolgebou langs die sinagoge en die Hofsaal ontoereikend was. In 1941 is Baxter-huis as 'n skoolhostel aangekoop deur die Kerkraad en Skoolkomitee wat mooi saamgewerk het om hierdie ideaal te verwesentlik. Die volgende jaar is die Home of Rest ook as skoolhostel aangekoop. Toe die hoeksteen van die nuwe skool= gebou in 1951 gelê is, was daar reeds meer as 500 ingeskrewe skoliere. Vandag is daar reeds meer as 3000 blanke- en onge=

University of Cap

veer 750 Kleurlingskoliere in Durbanville en 'n tweede Hoër=skool word in Durbanville Heuwels gebou om in die behoeftes van hierdie snelgroeiende dorp te voorsien. Benewens die Laerskool Durbanville is daar ook laerskole in Eversdal en Kenridge wat ook as voorbereidende skole diens doen, asook 'n afsonderlike voorbereidende skool en 'n kleuterskool in Durbanville. Durbanville staan verder op die vooraand om 'n universiteitsdorp te word. Die Universiteit van Stellenbosch beoog 'n satellietkampus op die plaas Langeberg net oos van die dorp terwyl die Universiteit van Kaapstad grond vir toe=komstige uitbreiding gekoop het in die Plattekloofgebied wes van Tygerberg.

Die algemene groei van die dorp word geïllustreer deur die toename in sy bevolking. In 1960 was daar 1743 Blankes, 1134 Kleurlinge en 180 Bantoes.[55] Die getalle vir 1977 is onderskeidelik 9500, 2250 en 250.

Die gerieflike omstandighede waaronder die mense van Durban=ville en omgewing vandag lewe, verdien die lof van daardie baanbrekers wat hul onder moeilike omstandighede beywer het vir die ontwikkeling en verbetering van hul dorp en distrik. As gevolg van samesprekings, vertoë, beplanning, fondsin=sameling, harde werk en samewerking, het verskillende fasette van gemeenskapsontwikkeling ontplooi en is dit uitgebou. Baie van die vrugte wat die nageslag vandag in Durbanville pluk, is uitvloeisels van die fondamente wat die voorgeslagte gedurende die 1800-1863-tydperk gelê het.

168 /

55 Standard Encyclopaedia of South Africa, Deel 4, p. 122.

University of Cape Town



University of Cape Town

1 N.G. Kerk 1826. Nasionale Monument.

2 Laerskool Durbanville. Gestig in 1827.

3 D'urban Wagon Works van die Broers King, 1850.

4 Polisiestasie vandag.

5 All Saints Kerkgebou, 1860.

6 Ou Poskantoor, gesloop.

7 Die D'urban Hotel.

8 Die Stadsaal.

9 Munisipale tuin. Oorspronklik die Pampoenkraaluitspanning, 1790.

10 Gaslamp.

11 Baxter Broers Grofsmede, 1850.

12 Rust-en-Vrede. Oorspronklike landdroskantoor, tronk en stadsaal.

13 Oxford Hotel, 1890.

14 Ou Arbeiderswonings, 1880.

15 Ou Arbeiderswonings, 1880.

16 Die terrein van die ou Grange Hotel.

17 Die perseel van die hondehokke en jagklub.

18 Skoolgebou 1898. Nou Munisipale geboue.

19 The Rest, 1880. Nou skoolkoshuis.

20 Arbeiderswonings, 1880.

21 Meisiesinstituut.

22 Oorspronklike waterbron.

23 Die Ou Meul. Nou 'n arbeidershuis.

24 Die nuwe uitspanning.

25 Marais en Trout Wabouers.

26 Merry Rocks-parkgebied.

27 Renbaan 1922.

28 Die leivoor.

29 Die Hoërskool Durbanville.

University of Cape Town

170 / BYLAE I

BYLAE I

A Amptenare :

Onderwysers. Die onderwyser het outomaties die pos as Kerkklerk beklee. Die volgende persone is in hierdie hoedanigheid aangestel :

H F Mellet	1827
J J Frylinck	1838
C J Ackerman	1840
P J de Beer	1844
A de Beer	1846
G Hodgson	1847
J Röth	1854
E Auret	1860
J Hoek	1861

Onder-Posmeesters.

L de Beer	1846
G Bresler	1847
M Saunders	1853
J F W Röth	1856
E B Auret	1860
M van der Spuy	1861
W Jessup	1862

University of Cape Town

BYLAE II

B <u>Veeveilings gehou in die verskillende sentrums in die Durbanville-gebied, 1800-1863.</u>

Met onderstaande lyste is die doel nie om 'n volledige lys van alle veeveilings op rekord te stel nie, maar daar word gepoog om aan te dui hoedat ongeveer tien vei= lingsentrums gaandeweg in belangrikheid toegeneem het. Onder hierdie tien het Pampoenkraal geleidelik die ge= wildste bymekaarkomplek geword. Die afmetings wat hier= die veilings aangeneem het, blyk duidelik uit die groot aantal vee wat te koop aangebied is. Groot hoeveelhede vee uit die binneland is op Durbanville verkoop by Jessup se Hotel en naby die N.G. Kerk. As 'n uitvloeisel van hierdie veeveilings kry ons die ontstaan van 'n nuwe groep sakemanne, hoofsaaklik van Engelse oorsprong, wat in hul hoedanigheid as kopers, 'n skakel tussen die mark en die boer gevorm het.

University of Cape Town

BYLAE III

B(i) Pampoenkraal :

Datum	Plek van veiling	Te koop aangebied	No.
Julie 1826	J J Uys, Pampoe=nenkraal	Vee	1
Augustus 1826	J Rohland, op zijn plaats aan de Pam=poenekraal	Vee	2
Maart 1827	G A Willers, Pam=poenekraal	Vee.	3
April 1829	Tussen Pampoene Kraal en Koeberg	22 spanosse, 150 koeie, 40 slagvee	4
April 1829	G A Willers, naby Pampoenekraal	800 eersteklas skape vir vir J J de Villiers	5
Julie 1829	Pampoene-kraal	2000 baie vet skape en 150 slagvee vir A Brink van Graaff-Reinette	6
Augustus 1829	J J Uys, Pampoene=kraal	Vee	7
Februarie 1830	Pampoenekraal	800 skape vir mnr Mocke	8
Februarie 1830	Pampoenekraal	1200 skape en bokke	9

---

1 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1069, 7 Julie 1826.

2 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1074, 11 Auaustus 1826.

3 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1105, 16 Maart 1827.

4 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1214, 17 April 1829.

5 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1215, 24 April 1829.

6 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1222, 12 Junie 1829.

7 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1233, 28 Augustus 1829.

8 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1233, 28 Augustus 1829.

9 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1310, 18 Februarie 1830.

University of Cape Town

Maart 1830	Pampoene-kraal	Vee	10
April 1830	PampoeneKraal	C J Olivier bring vee uit Graaff-Reinet	11
April 1830	Jan Uys se plek aan Pampoenekraal	250 vette ossen	12
Mei 1830	Jan Uys se plek aan Pampoenekraal	Vee	13
Julie 1830	By J W Louw se plek aan de Ty=gerberg naby Pam=poenekraal	Diere afkomstig uit de Zuurveld	14
Mei 1831	By J G Mocke se plek te Pampoene=kraal	Vee te koop	15
Julie 1831	Pampoenekraal	Vee te koop vir Ferdi=nand Kuyler	16
Februarie 1832	By Mocke se plek te Pampoenkraal	Vee	17
April 1832	By J G Mocke se plek te Pampoene=kraal	Vee te koop	18
April 1832	J G Mocke, Pam=poenkraal	Baie vet diere te koop	19

10 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1314, 19 Maart 1830.

11 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1264, 1 April 1830.

12 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1266, 16 April 1830.

13 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1272, 28 Mei 1830.

14 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1277, 2 Julie 1830.

15 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1325, 27 Mei 1831.

16 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1328, 17 Junie 1831.

17 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1360, 27 Januarie 1832.

18 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1371, 13 April 1832.

19 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1376, 18 Mei 1832.

University of Cape Town

Julie 1832	J G Mocke, Pampoen=kraal	Skaap- en osveiling	20
Februarie 1833	By mnr Uys se plek, Pampoenekraal	Vet hamels te koop	21
Maart 1833	By J G Mocke se plek, Pampoene=kraal	Slagosse vir J L Preto=rius. 200 vet hamels vir C J Du Plesie	22
Mei 1833	Pampoenkraal	1000 skape te koop	23
Junie 1833	Plek van Jan Uys aan de Pampoene=kraal	400 beeste : slagosse koeie, trek- en jong=osse vir C H Olivier van Graaff-reinet. Die die=re is "de attentie van liefhebbers ten hoogste waardig"	24
Junie 1833	Jan Uys se plek te Pampoenekraal	100 slagosse, 100 slag=koeie, 100 trekosse. Keurvee van H G F Enslin. A P Hiebner afslaer.	25
Junie 1833	Pampoen Kraal	100 vet slagvee vir P E Smith	26
April 1835	Pampoenkraal	Vee vir mnr Mocke	27
Junie 1839	J Roux se plaas te Pampoenkraal	200 slagosse en koeie vir R J Verster	28

20 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1381, 22 Junie 1832.

21 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1409, 4 Januarie 1833.

22 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1417, 1 Maart 1833.

23 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1428, 17 Mei 1833.

24 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1428, 17 Mei 1833; no. 1430, 31 Mei 1833.

25 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1430, 31 Mei 1833.

26 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1432, 14 Junie 1833.

27 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1529, 10 April 1835.

28 Het Kaapsche Grensblad, 13 Junie 1839.

University of Cape Town

Augustus 1839	J Roux se plaas te Pampoenekraal	Vee vir G de Vos, J T de Vrye afslaer	29
Mei 1840	By M A Meyburg se plek te Pampoenen=kraal	400 ekstra vet skape vir W Volkwyn	30
Junie 1840	Aan de Pampoene=kraal's Kerk, D'ur=ban	100 ekstra vette Slagt-ossen en Koeijen en ge=leerde Trekossen te koop vir A Davidson. Slagters moet kennis neem.	31
Januarie 1845	By Daniel de Vil=liers se plek in die dorp, D'urban	1800 skaap vir D J du Toit. J G Steytler af=slaer	32
Mei 1849	By D de Villiers se plek, D'urban	2400 vet merino's, 600 Kaapse hamels, (gemid=delde gewig 60 pond), afkomstig uit weivelde in die Nuweveld. Vir Wollaston en Kie.	33
Januarie 1850	Ter plaatse van D J de Villiers, D'urban	70 vette ossen, 30 fraaije koeien, 3 opregt geteelde jonge Friesche Bullen. J G Steytler, afslaer	34
Desember 1852	Te D'urban	100 slag- en trekosse vir D de Villiers. D A de Villiers afslaer	35

29 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1755, 9 Augustus 1839; no. 1760, 13 September 1839.

30 Het Kaapsche Grensblad, 12 Mei 1840.

31 Het Kaapsche Grensblad, 16 Junie 1840.

32 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2037, 3 Januarie 1845.

33 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2270, 31 Mei 1849;
Sam Sly's African Journal, 24 Mei 1849.

34 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2302, 10 Januarie 1850.

35 The Mercantile Advertiser and Shopkeepers Journal, no. 16, 13 Desember 1852.

University of Cape Town

Desember 1852	By D J de Villiers se plek te D'urban	800 vet skape vir P J Spangenberg	36
Julie 1858	Te D'urban	Groot perdeverkoping	37
Augustus 1858	By Jessup se hotel in D'urban	Perdeverkoping	38
November 1858	By Jessup se hotel in D'urban	Osse en koeie vir C J Mostert	39
Januarie 1862	Die plein te D'ur=ban	Koetsperde, ryperde, muile en koeie vir Melt van der Spuy	40
Junie 1862	Te D'urban	Groot vendusie van le=wende hawe vir Melt van der Spuy	41

University of Cape Town

36 The Mercantile Advertiser and Shopkeepers Journal, no. 19, 20 Desember 1852.

37 Het Volksblad, 1 Julie 1858.

38 The Cape Monitor, 7 Augustus 1858.

39 Het Volksblad, 9 November 1858.

40 Het Volksblad, 23 Januarie 1862.

41 The Cape Monitor, 28 Junie 1862.

BYLAE IV

B (ii) Joostenberg :

Datum	Plek van veiling	Te koop aangebied	No.
Maart 1830	Joostenberg	Vee	42
November 1839	By H C van Niekerk se plek by Joosten=berg	4000 ekstra vet hamels vir S A de Beer	43
Desember 1839	By H C van Niekerk se plek by Joosten=berg	2000 ekstra vet skape vir N J Enslin. Slag=ters spesiaal uitgenooi	44
Januarie 1840	By H C van Niekerk se plek te Joosten=berg	2000 vet skape vir N J Enslin	45
Januarie 1840	By H C van Niekerk se plek te Joosten=berg	2000 hamels, 1000 Baster Vaderlandse skape vir D P Malan	46
Junie 1840	By H C van Niekerk se plek te Joosten=berg	150 vet koeie vir J A Louw	47
September 1840	By H C van Niekerk se plek by Joosten=berg	2500 vet hamels vir D J du Toit	48
Maart 1841	By H C van Niekerk se plek by Joosten=berg	1500 skape vir H G F Enslin	49

42 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1261, 12 Maart 1830.

43 Het Kaapsche Grensblad, 19 November 1839.

44 Het Kaapsche Grensblad, 31 Desember 1839.

45 Het Kaapsche Grensblad, 7 Januarie 1840.

46 Het Kaapsche Grensblad, 23 Januarie 1840.

47 Het Kaapsche Grensblad, 2 Junie 1840.

48 Het Kaapsche Grensblad, 29 September 1840.

49 De Ware Afrikaan, 23 Maart 1841.

University of Cape Town

Januarie 1853	Te Joostfontein naby Joostenberg	700 vet skape te koop	50
Mei 1853	By A de Waal se plek te Joostenberg	120 osse, 1300 skape verskeie bokke en koeie te koop vir mnre De Vil= liers en Haupt.	51
Augustus 1856	By A de Waal se plek te Joosten= berg	1600 uitstaande vet skape en bokke vir H L Bosman	52
Augustus 1858	By A de Waal se plek te Joosten= berg	1000 ekstra vet skape vir D H Roux	53
Oktober 1858	Joostenberg	Groot perdeverkoping vir J J Proctor	54
November 1858	By A de Waal se plek te Joosten= berg	1000 ekstra vet hamels vir G Immelman	55
Desember 1858	H C van Niekerk se plek te Joosten= berg	200 perde uit Beaufort vir Thomas Heatlie	56
Januarie 1862	Joostenberg	3500 skape vir G J Im= melman, A G le Roux, D J Malan en J J Joubert onderskeidelik	57

50 The Mercantile Advertizer and Shopkeepers Journal, 17 Januarie 1853.

51 The Mercantile Advertizer and Shopkeepers Journal, 23 Mei 1853.

52 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2742, 8 Augustus 1856.

53 Byvoegsel tot The Cape Monitor, no. 675, 14 Augustus 1858.

54 Het Volksblad, 19 Oktober 1858.

55 Het Volksblad, 9 November 1858.

46 Het Volksblad, 21 Desember 1858.

57 Het Volksblad, 4 Januarie 1862.

University of Cape Town

BYLAE V

B (iii) Stikland :

Datum	Plek van veiling	Te koop aangebied	No.
November 1802	Lange Fontein ge= leë aan Stikland	80 trekosse, 80 Engelse merries met vullens, 300 skape, 30 baster Europese koeie, 3 bulle vir D Snibbe	58
Februarie 1839	Stikland	200 ekstra vet skape vir die heer Beyers	59
April 1839	By Beyers se plek, Stikland	1400 skape en 40 osse	60
Desember 1839	By Beyers se plek, Stikland	200 slagosse en beeste, 80 ryperde vir C F Prel= ler	61
April 1840	Jan Beyers se plek by Stikland aan Kasteelsvlei	300 slag- en trekosse, 200 skape en bokke uit die binneland gebring deur Robert Murphie. Verskeie spanne vader= landse osse. Afslaers Gebroeders Elliot	62
Mei 1840	Jan Beyers se plek te Stikland	143 slagosse vir F Keuler	63
Augustus 1840	By Jan Beyers se plek te Stikland	1200 ekstra vet skape, 50 slagosse, 100 trek= osse vir Rose en Shep= pard. Vee vanaf Beau= fort gebring.	64

58 Kaapstads Courant en Africaansche Berigter, no. 54, 30 Oktober 1802.

59 Het Kaapsche Grensblad, 21 Februarie 1839.

60 Het Kaapsche Grensblad, 31 Desember 1839.

61 Het Kaapsche Grensblad, 28 Maart 1839.

62 The Cape Times, 1 April 1840.

63 Het Kaapsche Grensblad, 12 Mei 1840.

64 Het Kaapsche Grensblad, 4 Augustus 1840.

University of Cape Town

November 1840	By Jan Beyers se plek te Stikland	100 osse, 32 koeie, 1400 ekstra vet skape, 2 spanne trekosse. Aandag aan slagters. Vir A H de Villiers	65
Augustus 1841	By Jan Beyers se plek te Stikland	1000 vet hamels, 200 merino's, 2 spanne trekosse. Deur mnr Rose van Beaufort gebring.	66
Januarie 1853	By Beyers se plek te Stikland	400 vet skape	67
Januarie 1856	By Beyers se plek te Stikland	130 aanteelperde, 30 muile, 60 vet slagosse, 30 paar trekperde vir T Heatlie. J G Steytler afslaer	
Junie 1858	By Mabille se plek te Stikland	96 ry-, trek- en koetsperde vir J Cowan	68
Oktober 1858	By J M Beyers se plek te Stikland	Perde te koop	69

University of Cape Town

---

65 Het Kaapsche Grensblad, 17 November 1840.

66 De Ware Afrikaan, 17 Augustus 1841.

67 The Mercantile Adventizer and Shopkeepers Journal, 8 Januarie 1853.

68 Het Volksblad, 3 Junie 1858.

69 Het Volksblad, 9 Oktober 1858.

BYLAE VI

B (iv) Tygerberg :

Datum	Plek van veiling	Te koop aangebied	No.
Januarie 1802	De Hoop, gelegen in de Zoute Riviers Valey	100 aanteelperde, extra fraaye koeyen, kalveren, 1000 aanteel-schapen, trekosse en jongosse vir J A Dreyer	70
Mei 1807	By die weduwee Leman se plaas aan Elsjeskraal, Tyger= berg	Vee en trekdiere vir G P Naude	71
Februarie 1813	Loevenstyn aan de Tygerberg	200 stuks aanteelvee, 100 aanteel- en trek= perde, 2000 spesiale skape en bokke, 200 trekosse	72
April 1830	By G A Willer se plek te Tygerberg	Vee te koop	73
Oktober 1830	By G A Willer se plek te Tygerberg	Vee te koop	74
Junie 1835	By H M de Jager se plek te Tygerberg	Veeveiling vir D J Ros= souw van Graaff-Reinet	75
Oktober 1839	De Plaats van den Heer J Roux aan Tijgerberg	1600 extra vette schapen en bokken uit de binne= land vir G van Schalkwyk. A G Olthoff afslaer.	76

---

70 Kaapstads Courant en Africaansche Berigter, no. 13, 16 Januarie 1802.

71 Bylae tot die Kaapstads Courant en Africaansche Berigter, no. 71, 23 Mei 1807.

72 Kaapstads Courant en Africaansche Berigter, no. 368, 30 Januarie 1813.

73 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1266, 16 April 1830.

74 Ibid, 1 Oktober 1830, no. 1290.

75 Ibid, 12 Junie 1835, no. 1538.

76 Het Kaapsche Grensblad, 10 Oktober 1839.

University of Cape Town

Maart 1841	J de Villiers se plek aan de Tyger=berg	1000 skape te koop	77
Julie 1841	J L Waldpot se plek aan Tygerberg	2500 vet hamels uit die binneland gebring deur A A van Niekerk	78
Augustus 1841	By J Roux se plek aan de Tygerberg, tans bewoon deur J L Waldpot	100 swaar slagosse, 100 swaar slagkoeie vir J H Enslin	79
Oktober 1841	L Waldpot se plek aan Tygerberg	30 trekosse uit Saldanha=baai vir Melt Brink	80
Desember 1841	Die plaas Welge=noeg aan Tygerberg	250 opregte Merino-ooie, 3 ingevoerde ramme, 100 hamels. Opregte diere. Vir M L Neethling	81

University of Cape Town

77 De Ware Afrikaan, 23 Maart 1841.

78 De Ware Afrikaan, 13 Julie 1841.

79 De Ware Afrikaan, 24 Augustus 1841.

80 De Ware Afrikaan, 26 Oktober 1841.

81 De Ware Afrikaan, 14 Desember 1841.

BYLAE VII

B (v) Koeberg :

Datum	Plek van veiling	Te koop aangebied	No.
Februarie 1823	Oortmans Post	Veeverkoping	82
September 1824	Phaisante Kraal	Openbare veeveiling van J Louw	83
Januarie 1825	Klipheuvel	1000 vet hamels, 200 bokke, 500 Kaapse skepe, 500 volbloed Merino's, 100 afgerigte osse, 150 slagvee, 100 uitstekende melkkoeie en kalwers, merries, Cricketer-hingste. Vir C van Nie= kerk	84
April 1825	Koeberg	Trek- en aanteelbeeste Trek- en aanteelperde Skape en bokke vir S Ma= lan	85
April 1832	Blaauwbloemtjes Kloof, Koeberg	Vee te koop vir C J Hablutzei	86
April 1832	Otterkuil, Koeberg	Slaweveiling vir D W Steyn	87
Mei 1832	Klipheuvel	Osse vir N G Mostert	88

82 The Cape of Good Hope Government Gazette, no 892, 22 Fe= bruarie 1823.

83 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 973, 4 September 1824.

84 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 993, 22 Januarie 1825.

85 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1006, 23 April 1825.

86 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1372, 20 April 1832.

87 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1370, 6 April 1832.

88 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1376, 18 Mei 1832.

University of Cape Town

Januarie 1840	Frymans Fontein in die Koeberg	4 spanne trekosse vir A P Meyburg	89
Januarie 1840	Rondebosjesberg	Vee	90
Februarie 1841	Oortmans Fontein aan de Tygerberg	Vee vir T F Dreyer	91
Maart 1841	Oortmans Post	Skape, osse, beeste, bokke, trek- en ryperde. Slagters moet aandag gee.	92
Maart 1841	Koeberg	Perde en beeste vir S J van der Spuy	93
Februarie 1845	Nooit Gedacht	Vee vir M A de Kock	94
Oktober 1845	By Middelberg van J M Louw	Vee vir M J Brink	95
Oktober 1857	Phaisante Kraal	100 perde en merries vir A J Louw	96

University of Cape Town

---

89 Het Kaapsche Grensblad, 7 Januarie 1840.

90 Het Kaapsche Grensblad, 7 Januaire 1840.

91 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1835, 26 Februarie 1841.

92 De Ware Afrikaan, 9 Maart 1841.

93 De Ware Afrikaan, 2 Maart 1841.

94 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2044, 21 Februarie 1845.

95 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 2077, 10 Oktober 1845.

96 Het Volksblad, 15 Oktober 1857.

BYLAE VIII

B (vi) Mosselbanksrivier :

Datum	Plek van veiling	Te koop aangebied	No.
Januarie 1802	Die plaas, Mosselbanksrivier	Een party slaven en slavinnen, Spaansche paarden, bastaart Vaderlandsche beesten, schapen. Vir Daniel Brink	97
Januarie 1803	D Brink se plek aan de Mosselbank	Aanteelbeeste, 2 Europese bulle, slagbeeste en trekosse. Vir J H Groenewald.	98
Augustus 1817	G Louw se plek aan de Mosselbanksrivier	150 osse en 150 fet schapen	99
April 1820	Gert Louw se plek aan de Mosselbanksrivier	2000 vet hamels, 180 jong en afgerigte ossies	100
Maart 1821	Gert Louw se plek, Mosselbanksrivier	300 ekstra vet skape, 150 osse en slagvee	101
Mei 1827	Gert Louw se plek, Mosselbanksrivier	Vee te koop	102

University of Cape Town

97 Kaapstads Courant en Africaansche Berigter, no. 14, 23 Januarie 1802.

98 Kaapstads Courant en Africaansche Berigter, no. 17, 13 Febrruarie 1803.

99 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 607, 30 Augustus 1817.

100 Byvoegsel tot The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 747, 6 Mei 1820.

101 Byvoegsel tot The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 791, 10 Maart 1821.

102 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1120 4 Mei 1827.

BYLAE IX

B (vii) Visserschok :

Datum	Plek van veiling	Te koop aangebied	No.
November 1815	By Visserschok van Jan Loubser	100 aanteelperde van Engelse en Spaanse ras	103
April 1820	By Visschershok van J Loubser	26 spanne afgerigte osse, 500 bokke. Af= slaer W C Schwellenberg	104
Junie 1823	Te Visserschok	150 slagosse en -koeie, 200 jong osse, 300 skape en bokke. Merries, vullens en hingste	105
April 1825	Te Vissershok	Openbare vendusie	106
April 1825	Visserschok	Vendusie vir M W Theu= nissen	107

University of Cape Town

103 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 514, 18 November 1815.

104 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 745, 22 April 1820.

105 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 908, 14 Junie 1823.

106 The Cape of Good Hope Government Gazette, no 1003, 2 April 1825.

107 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1005, 16 April 1825.

BYLAE X

B (viii) De Grendel :

Datum	Plek van veiling	Te koop aangebied	No.
Augustus 1821	De Grendel van D van Reenen	1100 hamels, 40 slag= koeie, 25 bulletjies, 140 bokke, 2 slawe	108
Maart 1826	De Grendel van D van Reenen	1600 skape, 100 jong osse, 80 slagbeeste	109

BYLAE XI

B (ix) Drooge Valey :

September 1819	Drooge Valey	Veeveiling	110
Desember 1852	Drooge Valey	Muile en osse	111
Oktober 1853	Drooge Valey	3000 merino's, opregte perde, kleinvee	112

University of Cape Town

BYLAE XII

B (x) Kuils Rivier :

November 1839	B H Vermaak se plek	Trekosse, ryperde vir M C A Neethling	113

108 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 866, 17 Augustus 1821.

109 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 1055, 31 Maart 1826.

110 The Cape of Good Hope Government Gazette, no. 709, 14 Augustus 1819.

111 The Mercantile Advertiser and Shopkeepers Journal, 15 November 1852.

112 The Mercantile Advertiser and Shopkeepers Journal, 1 Oktober 1853.

113 Het Kaapsche Grensblad, 14 November 1839.

BESPREKING VAN BRONNE

Aangesien die geskiedenis van Durbanville vanaf 1800 tot 1863 in 'n groot mate onontgin is, is daar probeer om 'n sin= volle beeld te konstrueer deur hoofsaaklik kort nuusbrokkies en advertensies uit verskillende bronne te rangskik, inlig= ting teenoor mekaar op te weeg en deur 'n uitskakelingsproses, slegs die materiaal te behou wat as geskik vir die verhande= ling beskou is.

Die totale afwesigheid van gesaghebbende publikasies wat uitsluitlik oor Durbanville gedurende hierdie tydperk handel, het tot gevolg gehad dat daar op groot skaal gebruik gemaak moes word van amptelike en periodieke publikasies. Die oor= grote meerderheid van hierdie publikasies asook die letter= kundige en literêre bronne wat nagegaan is, dek die tydperk vanaf ongeveer 1840 tot 1863, met die gevolg dat daar in 'n mate 'n leemte bestaan wat die periode voor 1840 betref.

Om hierdie leemte aan te vul, kon daar met vrug gebruik ge= maak word van F Valentijn se Beschrijvinge van de Kaap de Goede Hoope en P Kolbe se Naauwkeurige Beschrijving van de Goede Hoop terwyl A Dreyer se Kerksouvenir van Durbanville ook waardevolle inligting verskaf het. Hierdie bronne het egter slegs gedien om die nodige agtergrond en chronologiese kontinuïteit te verskaf aangesien amptelike en periodieke publikasies in hoofsaak gebruik is om gebeure uit hierdie tydperk geskiedkundig te fundeer. In hierdie verband was die Kaapstads Courant en Africaansche Berigter, 1801-1813, die Cape Town Gazette, 1814-1825, die Cape of Good Hope Government Gazette, 1826-1863, en die Cape of Good Hope Annexures to the Votes and Proceedings of the Houses of Parliament, 1800-1863, van groot waarde. Die Cape of Good Hope Ordinances, 1834-1841, en die Colonial Office-dokumente het verder bygedra om gebeure toe te lig.

Wat die letterkundige en literêre bronne oor die 1840-1863-

University of Cape Town

tydperk betref, het dit in hoofsaak die sosiale geskiedenis beklemtoon. Van meer omvattende belang was publikasies soos Sam Sly's African Journal, 1843-1850, Cape Monitor, 1841-1858, Het Volksblad, 1858-1863, en die Cape of Good Hope Almanac, 1843-1849. Vergelykings kon getref word waar beriggewing oor dieselfde gebeurtenis uit verskillende oogpunte benader en hanteer is deur die onderskeie redakteurs en korrespondente.

Die data dui aan hoedat Pampoenkraal geleidelik in belang=rikheid en gewildheid as veeveilingsentrum en plek van al=gemene samekoms begin toeneem. Die voorletters, vanne en plaasname word gespel soos dit in die bronne verskyn en die geleidelike verskuiwing van Kaaps-Hollands na Afrikaans-Hollands kan reeds in hierdie kort tydperk opgemerk word, hoewel dit nog minimaal is.

Die probleem bestaan dat party bronne ophou met voortbestaan en dat hul plaasvervangers onder 'n nuwe redaksie minder klem lê op nuus en advertensies in die buitedistrikte. Hierdeur gaan baie inligting verlore omdat baie advertensies wat deur middel van aanplakbiljette by belangrike geboue vertoon is, verlore geraak het omdat daar nie volledige rekords daarvan gehou is nie. Soos die ontwikkeling en gebeure aan die oos=grens van die kolonie toeneem in belangrikheid, bespeur ons ook in party bronne 'n duidelike verskuiwing van alledaagse nuus en advertensies na die Oosgrens en aanliggende dele.

Geografiese vaaghede wat betref die advertensies maak dit soms moeilik om die presiese ligging van die plek van same=koms vas te stel. So sal 'n vendusie byvoorbeeld geadverteer word by G A Willers se plaas "aan Pampoenekraal." By 'n la=tere geleentheid sal dieselfde persoon se plaas geadverteer word as geleë "aan de Tygerberg", wat in 'n veel wyer verband gesien kan word as Pampoenkraal. Party plase was beter be=kend aan die eienaar se naam as aan die plaasnaam. So sal

University of Cape Town

'n veeveiling byvoorbeeld geadverteer word om plaas te vind by J Uys "op zijn plaats aan de Pampoenekraal" of by H C van Niekerk "se plek by Joostenberg."

University of Cape Town

BRONNE

I ARGIVALIA

(a) Gepubliseerd

Bosman, D B : Daghregister, gehouden by den oppercoop=
man Jan Anthonisz Van Riebeeck, Deel II, 1656-1658,
Kaapstad 1955

Theal, G M (red) : Records of the Cape Colony, IV,
Londen 1899; XXXIV, Londen 1905

(b) Ongepubliseerd

(i) Akteskantoor, Kaapstad

i No 32 - BH 5BD
ii No 49 - BH 6C, 6CD
iii No 65 - BH 6CD
iv No 102 - BH 6CC
v No 116 - BH 8ABA
vi No 133 - BH 8aa
vii No 158 - BH 8AAD

(ii) Kaapse Argief

Raad van Politie
C. 3 Resolutien, 25.6.1678

Colonial Office

Letters Received

University of Cape Town

C.O. 704, Road Board Cape District, 10 September 1857, 24 Oktober 1857, 29 Oktober 1857, 28 November 1857.

Memorials Received

C.O. 4094, Petition by the inhabitants of D'urban, 13 Augustus 1857

C.O. 4105, Petition by the inhabitants of D'urban, 14 Januarie 1858

C O. 4116, Petition by the inhabitants of Malmesbury, 1 Maart 1860

C.O. 4125, Petition by the inhabitants of D'urban, 4 Junie 1862

C.O. 4126, Petition by the inhabitants of Malmesbury and Koe= berg, 2 September 1862

C.O. 4340, Petition by the inhabitants of Koeberg, 26 Janua= rie 1853

C.O. 6136, Returns of Hottentots, Free Blacks and Coloured People in the Various Districts of the Cape Colony, Cape Letters 1812-1824

C.O. 8433, Divisional Council Report, 4 Februarie 1820; Petition by the inhabitants of D'urban, 23 September 1824, Cape Letters 1818-1828

University of Cape Town

II AMPTELIKE PUBLIKASIES

Cape Blue Book

1838, Civil Establishment; Clerical and School Establish= ments

1840, Return of all Public Works; Ecclesiastical Return

1842, Educational Return; Return of Local Revenues; Return of all Public Works

1843, Educational Return; Return of all Public Works.

1844, Civil Establishment; Educational Return

1845, Return of Gaols and Houses of Correction; Exxlesiasti= cal Return

1846, Ecclesiastical Return; Educational Return; Supple= mentary to the Civil Establishment.

1848, Civil Establishment

1849, Return of all Public Works; Civil Establishment

1850, Civil Establishment; Educational Return

1851, Colonial Estimates; Ecclesiastical Return; Civil Establishment

1853, Ecclesiastical Return; Appendix to the Educational Return

1855, Civil Establishment

1856, Educational Return; Civil Establishment

1857, Educational Return

1858, Ecclesiastical Return

1859, Civil Establishment; Educational Return;

1860, Civil Establishment

1862, Educational Return; Civil Establishment

1863, Educational Return

Cape of Good Hope Annexures to the Votes and Proceedings of the Houses of Parliament 1800-1863

Cape of Good Hope Ordinances 1834-1841

Cape Parliament Papers 1858

Cape Town Gazette 1814-1825

The Cape of Good Hope Government Gazette 1826-1863

University of Cape Town

III LETTERKUNDIGE BRONNE

Borcherds, P B : An Auto-Biographical Memoir of Petrus Bor= chardus Borcherds, 1861

Burchell, W J : Travels in the Interior of South Africa, Vol I, 1967 herdruk

Kolbe, P : Naauwkeurige Beschrijving van de Kaap de Goede Hoope, Nurnberg, 1719

Valentijn, F : Beschrijvinge van de Kaap de Goede Hoope, Amsterdam, 1760

IV LITERATUUR

Botha, C G : The History of Law, Medicine and Place Names of the Cape of Good Hope, Vol 8, 1962

Bisset, J : On the Construction of Railways in the Colony of the Cape of Good Hope, 1869.

Blaauw, J P : Malmesbury - Grepe uit die Geskiedenis van Dorp en Distrik, Stellenbosch

Day, J R : Railways of Southern Africa, Londen, 1963

Dreyer, A : Kerksouvenir van Durbanville, 1962 Durbanville. ('n Pamflet saamgestel vir die Simon van der Stel-stigting deur die Southern Lewensassosiasie onder die be= skerming van die Jaycees van Durbanville, 1976)

Green, L G : Beyond the city lights, 1957; In the land of the afternoon, 1949; Tavern of the seas, 1947

Hattersley, A F : An Illustrated Social History of South Africa, 1969

Heese, J A : Gedenkboek van die Parow-Gemeente 1917-1967, 1967

Kwarteeuw : Feestviering van De Gemeente Kuilsrivier 1903-1928 ('n Feesboek saamgestel in 1928)

Laidler, P W : The Growth and Government of Cape Town, 1939; A Tavern of the Ocean, 1940

195 / Laidler

University of Cape Town

Laidler, P W en Gelfand, M : South Africa - Its Medical History 1652-1898, 1971

Marais, J S : The Cape Coloured People 1652-1937, Johannesburg, 1957

Pama, C : Vintage Cape Town, 1973

Roux, A P : Rebellie Sonder Gewere, 1969

Smit, A P : Gedenkboek van die N.G.-Gemeente Philladelphia 1863-1938, 1938; Gedenkboek van die Gemeente Swartland, Tweede Eeufees 1745-1945, 1945

Theal, G M : The History of South Africa since 1795, Dele 6-9, Londen, 1892-1926

Wells, A W : South Africa, Londen, 1939

University of Cape Town

V PERIODIEKE PUBLIKASIES

Koerante

Agricultural Advertiser, 1897-1906
Die Burger, 28.6.1975; 19.11.1975; 21.7.1976
The Cape and Natal News, Londen, 1862
The Cape Argus, 1.4.1924
The Cape Monitor, 1851-1863
The Cape Times, Januarie - April 1840
Cape Town Mirror, 1848
The Colonist, 1827-1828
Kaapstads Courant en Africaansche Berigter, 1801-1813
Het Kaapsche Grensblad, Grahamstad, 1839-1841
Rapport, 30.5.1976
Sam Sly's African Journal, 1843-1850
The South African and Cape of Good Hope Consolator, 1846-1847
The South African Commercial Advertiser, 1859
Het Volksblad, 1858-1863
De Ware Afrikaan, 1841-1858

Tydskrifte

Cape Mothly Magazine, Vol 8, 1874
Herepath's Journal, 14.1.1854
The Mercantile Advertiser and Shopkeepers Journal, 1852
Het Nederduitsch Zuid-Afrikaanse Tijdschrift (Later die Kerkbode), 1858-1863
The South African Church Magazine and Ecclesiastical Review, 1847
Radio en T.V., Mobeni, Natal, 1.2.1976

Almanakke

Cape of Good Hope Almanac, 1843-1849

University of Cape Town

VI KAARTE (Kaapse Argief)

1/273 ŉ Voorstelling van die Durbanville-Koeberg-gebied, Circa 1700

2/453 Map of Cape Division, Sheet 9, 1901

3/653 Divisional Boundaries, 1890

1,1501 P Kolbe : Description du Cap, 1741

2/453 Map of Cape Division, sheet 9, 1901

3/340 Nieuwe Naauwkeurige Land- en Zee Kaart Hoofd van Goeder Hoope, 1700

2/453 Standard Map of the Cape Peninsula and Neigbourhood, 1901

Bogenoemde bronne is, indien anders vermeld, almal in Kaap=stad gepubliseer.

University of Cape Town